

'n Beoordeling van Die Huisgenoot
as Tydskrif, gedurende sy
Bestaan as Maandblad,
(Mei, 1916 - Oktober, 1923).

E. Schoombie.



Inhoudopgawe.

- Hoofstuk 1. Inleiding. bl. 1.
- Hoofstuk 2. Algemene Eise wat aan 'n Tydskrif kan
gestel word, wat ^{afgelei} ~~afgelei~~ word ^{uit} ~~aan~~ 'n
vergelijkende Studie van 'n paar hoog-
staande Tydskrifte. 3.
- Hoofstuk 3. Eise, op grond van bepaalde Behoeftes in
Suid-Afrika omstreeks 1916, waaraan 'n
Tydskrif moes voldoen. " 16.
- Hoofstuk 4. Beoordeling van die verskillende Rigtings
deur Die Huijgenoot ingedraan, in die
lig van die gestelde eise. " 30.
- §1. Bewoording van die Afrikaanse Taal (34); (34)
 (a) Spelling (34); (b) Woordeskat en Taalreël (37);
 (c) Toepassing van Taalregte (40); (d) Afrikaans op
 skool (42); (e) Afrikaans in die Kerk (46);
 Afrikaans in die Staat (47).
- §2. Letterkundige Bydraes. (49)
- §3. Letterkundige Kritiek. (67)
- §4. Bewoording van Suid-Afrikaanse Kunste. (84)
- §5. Opwekking van Belangstelling in Suid-
 -Afrikaanse natuur. (96)
- §6. Aanbring van 'n beter Algemene Kennis
 ontrent die Vaderlandse Geskiedenis. (107)
- §7. Handhawing van Vrouebelange. (112)
- §8. Die Kinderkolon. (120)
- §9. Die Maatskaplike Lewe. (129)
- §10. Bewoording van Industriële Vooruitgang (135)
- §11. Die Mededeling van Algemeen Wetenskap-
 like Kennis. (139)

§12. Verspreiding van kennis omtrent die
Buiteland.

(142).

Hoofstuk 5. in Opsammende Beoordeling van Die Huis-
genoot as Maanblad.

147.

Hoofstuk 1. Inleiding.

By die voorgename taak om 'n tydskrif te beoordeel, dien vooraf nader toegelig te word wat sin beoordeling beoog en volgens watter metode dit bereik is. Die toelichting is te meer nodig omdat geen omvattende kritiek oor 'n tydskrif van algemeen kulturele aard tot ons beskikking gestaan het, waaruit 'n kriterium en metode van beoordeling kon afgelei word nie. Dit spreek immers vanself dat 'n tydskrif nie langs dieselfde lyne kan beoordeel word as 'n roman, b.v. of enige dergelike letterkundige produk nie, nie alleen weens die heterogene inhoud van die blad nie, maar ook weens die totaal verskillende doel daardeur nagestreef. In die lig van die funksie wat hy te verrul het moet die beoordeling van 'n tydskrif geskied.

Die voorliggende ~~ver-~~^{ver-}handeling berus dan in die eerste plek op die beskouing dat Die Huisgenoot 'n kultuurblad is; d.w.s. 'n tydskrif wat hom nie op een of ander definitiewe rigting toele nie, maar al die verskillende rigtings inslaan wat betrekking het op die ontwikkeling en intellektuele belange van die volk waaruit hy ontstaan^{het}. Hieruit volg dat die aard van die blad nie ingewikkeld tegnies of streng wetenskaplik ~~moet wees~~^{moet wees} sodat dit alleen vir ingewydes toeganklik is nie, maar eenvoudig en algemeen verstaanbaar sodat die inhoud kan deurdoring tot alle klasse van die volk.

Op grond van die genoemde beskouing is dit verder duidelik dat geen reg aan die tydskrif kan gedoen word in 'n beoordeling wat van 'n definitiewe eensydige standpunt uitgaan nie, soos tydskrifte meestal beoordeel is, en soos Die Huisgenoot reeds deur letterkundige kritisie, waaronder Dr. P.C. Schoonnes¹⁾, waardeur is met betrekking b.v. tot die letterkundige kritiek wat dit uitgeoefen het. Deurdat soveel verskillende rigtings ingeslaan is, moet 'n beoordeling ~~van~~

1) Prosa uit die Tweede Jaalbeweging, bl. 56 en vlg.

van die blad rekening hou met elkeen van die rigtings, en dit aanspraak kan maak op volledigheid, billikheid en diepgaandheid.

By die poging om s'n beoordeling te bereik is op die volgende manier te werk gegaan. Eers is sekere eise vooropgestel waaraan ons meen die blad moes voldoen het — eise wat ons bereik het (a). op grond van die algemene eise wat, volgens kritieke oor 'n paar hoogstaande blaaie uit ander lande, aan enige tydskrif van 'n goeie gehalte kan gestel word, en (b). op grond van die spesiale behoeftes wat omtreks 1916, toe Die Huisgenoot opgerig is, in Suid-Afrika bestaan het vir 'n tydskrif om in te voorsien, soos hulle gevloei het uit die politieke, ekonomiese, sosiale en intellektuele toestande van die tyd.

Vervolgens is die inhoud van Die Huisgenoot gedurende sy bestaan as maandblad nagegaan met die oog op elkeen van die vooropgestelde eise, en die vraag gestel: in hoever het Die Huisgenoot materiaal verskaf wat bereken was om aan hierdie eise te voldoen? Graag sou 'n mens die vraag in 'n meer absolute vorm wil stel, b.v. In hoever het die blad in genoemde behoeftes voorsien? Maar om s'n oordeel te bereik is prakties onmoontlik in die geval van die invloed waarmee ons hier te doen het. Daarom is die vraag in eersgenoemde vorm gestel, en is dit volgens eie insig en oordeel beantwoord.

Nadat ons dan kritiek uitgebring het oor elkeen van die verskillende ingeslae rigtings volgens die gestelde eise, kom ons uiteindelik tot 'n algemene beoordeling van wat Die Huisgenoot as maandblad presteer het. En op grond van die algemene oordeel, meen ons ons ander moontlike rigtings waarin die blad ⁱⁿ kon presteer, en die manier waarvolgens dit kon gedoen word, aan te dui.

Hoofdstuk 2. Algemene Eise, wat aan 'n tydskrif kan gestel word, wat ~~behoort~~^{afgelei} word ~~daar~~^{uit} 'n vergelykende studie van 'n paar hoogstaande tydskrifte.

Daar is sekere algemene eise wat aan 'n tydskrif kan gestel word op grond van die behoeftes waaraan 'n tydskrif moet voorsien. Wat hulle is kan vasgestel word, in die eerste plek, deur 'n ondersoek na wat ander vernamde tydskrifte reeds uitgerig het; en vervolgens op grond van 'n insig in wat verwag^{kan} word.

Die fundamentele standpunt waarvan 'n tydskrif uitgaan, hang af van die maatskaplike toestande en sosiale behoeftes van die tyd.

In Engeland was die 17^{de} eeu 'n tyd van losbandigheid en sedeloosheid - 'n reaksie^{teen} ~~op~~ die puriteinse strengheid van lewensopvatting in die voorafgaande eeu. Uitgaande van die hof waar dit die ergste was, het die ges van verregaande onsedelikhed tot in die laer stande van die Engelse bevolking deurgedring. Aan die begin van die 18^{de} eeu kom die reaksie ~~(weer)~~ hierteen op: sekere mense probeer op alle maniere die morele en sosiale lewe tot 'n behoorlike standaard op te hef, hoewel hulle dieselfde teensin teen die oordrewe, dwepende godsdienssin van die 16^{de} eeu koester. 'n Magtige invloed was in die dae die blaadjies van Addison en Steele, "the Tatler" en na hom "the Spectator". "It is hardly too much," se Saintsbury^{'n paar} eene daarna, "to say that ... the Spectator taught the 18th century how it should, and especially how it should not, behave in public places, from churches to theatres; what books it should like and how it should like them," en so meer. Die opvatting van die redaksie was nie 'n eng, konvensionele nie; hulle was verstandiger dan ons in die mense te gaan preke oor wat verkeerd is. Intendeel, hulle

het gebruik gemaak van fyn humor en satie om die verkeerde dinge bespottik voor te stel. Hulle het behalwe die "kind of light but distinctly firm censorship of manners", soos Saintsbury dit noem, ook nog die algemene opvoeding van die volk beoog, wou hulle deeglike dinge gee om oor te dink en te gesels, en ^{het} probeer algemene kultuur populêr versprei. So het hulle op 'n ligte, boeiende manier bespreek: kuns, filosofie, toneelkuns, ^{en} digkuns; en ^{het hulle} probeer ^{om} die smaak van die leser ^{te} ontwikkel. O.a. het Addison oor Milton se "Paradise Lost" 'n reeks artikels geskryf, waardeur hy gehelp het om 'n beter waardering van die groot digter se werk te ~~ky~~ verkry.

In daardie dae was die posisie van die vrou nog baie onbenybaar: haar hele bestaan was ^{in bedag queen} ~~opgegaan~~ deur die ietamer - oppervlakkigheid van die lewe; sy was nie gestik geag vir die dieper, hoër dinge nie. Die "Spectator" het gestreef om ook hierin verandering te bring, en by die vroulike seksie van die maatskappy belangstelling op te wek in die hoër intellektuele lewe van die tyd.

Saintsbury merk op dat die 18^{de} eeu met 'n wonderlike gedwelheid sy les geleer en gehoorsaam het; die invloed het sestig tot sewentig jaar na die ophou van die blad nog deurgewerk. In besonder sê hy het "The Tatler" en "The Spectator" die geslag leer skryf: "lifted the English prose out of the rut, or rather quagmire, of colloquialisms and slovenliness in which it was sinking." Dit is onnodig om te wys op die kulturele belang van die taal wat 'n volk besig, en die belangrikheid, gevolglik, van hierdie sy van die werk van die tydskrifte.

Twee ander tydskrifte van belang in die Engelse literatuurgeskiedenis was "The Edinburgh Review" en "Blackwood's Magazine", byna presies 'n honderd jaar na "The Spectator". In 1802 ^{is} "The Edinburgh Review" vir die eerste keer uitgegee in Skotland, met vooropgestelde doel:

1) History of English Literature, p. 539. Saintsbury.

„to enlighten the mind of the public, and to guide its judgments in matters of literature, science and art; and at the same time, in the region of politics, to promote what seemed to them a more liberal and popular system of government.”¹⁾ in Tydskrif, dus, wat wou ingryp in byna elke gebied van die lewe; dit het later naam gemaak as 'n uiteensetting van letterkundige en politieke kritiek. „The literary criticism then existing was lifeless - meer hackwork, subsidised by publishers to puff their own wares. Here was a review showing upon every page, whether the reader agreed with, or differed from, its expressions of opinion, conspicuous ability, vigour and independence.”²⁾ Die blad het dadelik ingang gevind by die publiek: dit het in 'n duidelik-gevoelde behoefte voorsien.

Natuurlik was die „Review” nie onfeilbaar nie, maar dat dit goeie werk ^{gedoen} het blyk uit die volgende: „The Edinburgh Reviewers in Jeffrey's days doubtless thought, in their conceit, that it was their business to 'place' contemporary poets and authors..... and in this they often failed. Their true function was, however, not this; but, rather, by their ability and acumen to stir the minds of men on those multifarious subjects with which the Review dealt, to provoke discussion and to enlist in it the most capable men of the day.”³⁾

Die taak, so die skrywer verder, het die reënserende tydskrifte van die begin van die 19^{de} eeu op ervolde wyse volbring. So algemeen was die invloed van die „Edinburgh Review” dat Scott, wat in politiek verskil het van die blad, dit as 'n gevaar vir sy party beskou het; in aanspooring aan sy partygenote om 'n blad te stig wat hulle sienings wesenlik verkondig, skryf hy o.a. die volgende: „No genteel family can pretend to be without the Edinburgh Review, because,

1) The Cambridge History of English Literature xii, p. 142.
 2) The Cambridge History of English Literature xii, p. 143.
 3) The Cambridge History of English Literature xii, p. 148.

independent of politics, it gives the only literary criticism that can be met with."

In 1809 het Blackwood met sy opposisie blad, "Blackwood's Magazine", voor die dag gekom. Dat dit nie dadelik groot opgang gemaak het nie is waarskynlik toe te skrywe aan die feit dat daar nie meer die skerpgewolde behoefte aan leiding op algemeen kulturele gebied gevoel was nie: daarin het die Edinburgh Review immers al tot op sekere hoogte voorsien. Eerlang was Blackwood's "egter net so belangrik en populêr soos die Edinburgh". Hoewel die redakteurs ook hier dikwels verkeerd geblyk het in hulle kritiek en waardering, het hulle aan die ander kant daarin geslaag om onbekende skrywers wat later baie sons beteken, vorentoe te bring.

Dit was in Britje later in dieselfde eeu toe in ietwat soortgelyke tydskrif in Holland ontstaan het: "De Muzen", later ^{gevolgd deur} "De Gids". In 1834 het Doost en Heij "De Muzen" begin uitgee met die doel om die "onderlinge beïnvloeding" die "geest van oppervlakkige seftigheid" van ~~die eerste~~ die eerste kwart van die 19^{de} eeu te bestry. Dit het hulle voorgekom, "dat er in ons land wezenlijke behoefte bestaat aan een billijk en onpartijdig, van wijsgewig-aesthetische beginselen uitgaand tijdschrift, hetwelk een beoordeelend overzicht levert van in- en uitheemsche voortbrengelen van Letterkunde en Schoone Kunsten. — Aller-noodzakelykst achten wij het, dat men onze letterkundige pogingen en onze dichtêrlyke voortbrengelen in welgekozen verband bringe met die onzer naburen. Behoedzaam houde men echter in het oog dat wij dien weg slechts kiezen moeten ter bereiking eener oorspronkelyke voortreffelykheid." Kalff²⁾ gee ^{as} opsomming van wat hulle gedoen het om in die behoefte te voorsien, min of meer die volgende: Buitelandse letterkunde word verteenwoordig deur vertalings

1) Prinzen: Handboek tot de Ned. Lett. Geschiedenis. bl. 572-573.

2) Geschiedenis der Nederlandsche Letterkunde, VII.

uit Frans, Engels, enz.; mededeling word gedoen ontrent die briefwisseling tussen Goethe en Zeller; opmerkings kom voor oor Shakespeare, Scott, Moore, Victor Hugo; aan die stryd tussen die romantiek en die klassieke oudheid word herinner; Van Dennen word geprys om sy vaardigheid as vertaler, gerookam oor sy navolging; Schotel moet dit ontgeld oor sy droë boek Alkemade; van der Schelling se uitgraf van Willem se Reinaert de Vos word voor die aandag van die publiek gebring; die redakteurs verdedig Bilderdyk teen Lillop. — in Eerlike poging dus om uit te voer wat hulle hulle voorgestel het, en loq — die blad was in mislukking, en moes na ses aflewering gestaak word. Miskien het die volk nie die behoefte gewoel soos die redakteurs gemeen het nie; miskien was die redakteurs nie beslis genoeg in hulle verwerping van die oue en voorstaan van die nuwe nie.

Hoe dit ook al sy, toe in 1837 dieselfde strewe voortgeat word deur Potgieter en Bakhuizen van den Brinke in hulle tydskrif „De Gids“, was die ontvangs deur die publiek baie hartliker. Voor die tyd was die tydskrifte feitlik net „soetsappige verslaggeers“. „De Gids“ bestempel dan ook dadelik yntema se „Vaderlandse Letteroefeningen“ as die produks van wansmaak en bekrompe vooroordeel; vooftaan son gesond verstand en grondige kennis van die briteilandse literatuur die toon aangee in die kritiek. „Inrigker tot de Studie der natuur, tot eenvoud en oorspronkelykheid, studie der vaderlandsche histone, vooral van de ontwikkeling en de luister van het voorgeslacht op elk gebied, handel, zeevaart, nijverheid en wetenschap, zowel als letteren en kunst; scherpe maar onpartijdige critiek, aanschouwelyke voorstelling in plaats van redeneering of beoog — ziedaar hun streven dat zij zowel openbaarden in hun vaak meedogenloze critiek als in de talryke bydragen, die zij zelf of hun medestanders in den Gids deden verschijnen.“

1) Van Schothorst: Geschiedenis der Nederlandsche Letterkunde, bl. 190.

8.

So'n taak het die manne hulle gestel in 'n tyd toe die Jan Salie-gees die Nederlandse letterkunde met ondergang bedreig het. Potgieter was by uitstek die man om dit uit te voer - nie alleen deur sy ongehoord skerpe kritiek, wat vir sy blad met blou omslag onder die ouer geslag die naam van „de blauwe beul“ verwerf het nie, ^{maar} ook deur sy inspirerende stukke soos „De Ryksmuseum“, waaraan hy die 17^{de} een ophemel en verheerlik, en die Hollanders van die 19^{de} een opwek tot hoër ideale en ernstiger streeke.

In hoever die tydskrif geslaag het in sy doel, en in hoever hy minder gelukkig was, kan 'n mens opmaak uit die oordeel in later jare oor hom uitgespreek. Ye Winkel se o.a. dat Oltmans se verhale in „De Gids“ (1840-46) meeste van die eensaardigheid en verdienste van sy talent mis, omdat hy hulle nie selfstandig opgestel het nie, maar onder invloed van „Potgieter's dwingende gezag“, wat hom teen ^{wil} en dank uit die sfeer van Scott se romantiek gedryf het. Potgieter se kritiek was wel opbouend, erken hy, maar daarom nog nie besielend nie, want hy het selde iets onvoorwaardelik gepryp.

Yew Brink, aan die ander kant, skryf oor „De Gids“ as „en toonaangevend tydskrif, het organ der nieuwe denkbeelden over kunst en letteren“; ²⁾ en oor Potgieter as hoofleier van die blad: „Het strekt hem tot onoverwelkelijken glorie dat hij door zijn critiserenden en scheppenden arbeid een frische en nieuwe gloed in ons letterkundig leven heeft doen blaken.“ ²⁾

Met die paar voorbeelde van tydskrifte wat reeds in die kultuurgeskiedenis van verskillende volkere roem verwerf het, volstaan ons in verband met die behandeling onder hande. Dit was o.i. nodig om 'n uitwat volledige oorsig te gee oor hulle doelstellings en oor die kritiek later oor hulle uitgespreek, omdat daaruit sekere van die eise kan afgelei word wat ons as algemeen

1) Ontwikkelingsgang der Ned. Lett. IV₂, bl. 525

2) Geschiedenis der Ned. Lett. bl. 633, 635.

geldig beskou en dus ook van toepassing op 'n Suid-Afrikaanse tydskrif, wat dergelike hoë aspirasies huldig. Wat algemene doel betref het s'n blad reg op 'n vergelyking met die hoërstaande tepe Engelse en Nederlandse blad wat hierbo behandeld is.

Wat al dadelik opval by die studie van genoemde tydskrifte is dat daar in elke geval waar die voortbestaan van die blad verseker is deur 'n gulle ontvangs, 'n duidelik-gevoelde behoefte bestaan het: sy dit aan opheffing op sosiaal-sedelike gebied, soos die geval met "The Spectator" was; of aan voorligting insake letterkundige kritiek, soos dit hoofsaaklik by die late Engelse "Reviews" en by "De Gids" was; of aan besonder skerpe kritiek wat 'n selfdodende selfleewendheid moes bestry op algemeen kulturele gebied, soos by "De Gids". Die een geval van 'n erg kortstondige bestaan, n.l. die van "De Meuzen" is o.a., volgens Kalff, waarskynlik te wyte aan die feit dat die volk nie die "wezenlijke behoefte" gevoel het wat Brost en Hoge gemeen het bestaan ~~te~~ nie. As eerste algemene eis - feitlik as regverdiging vir die ontstaan van 'n tydskrif - geld dus ook in Suid-Afrika dat daar 'n noodsaaklikheid moet gevoel word vir die oprigting van die blad.

Wat die ^{spesiale} te kortkoming ook al mag wees wat lei tot die stigting van 'n tydskrif, as hy eenmaal daar is moet hy aan verskeie algemene eise voldoen. Soos die geval was met al bo genoemde blaaië, moet voorligting en leiding verskaf word wat die ontwikkeling van 'n gesonde smaak vir literatuur en kuns beoog, omdat verfyning en werklike beskawing daarmee gepaar gaan. Die groot publiek moet leer om te beoordeel en te waardeer wat hulle aangebied word veral deur hulle eie kunstenaars, dog ook deur die van ander lande. Die doel kan nagestreef word soos reeds in die verlede gedoen is, d.w.s. deur die blaaië van ander lande, deur gesonde kritiek oor uitgegeve letterkundige produkte, deur hoogstaande literêre bydraes in die



blad self, en deur vertalings uit ander letterkundes. Hoopbaar is dat die vermoë van die publiek om te waardeur en te kritiseer ontwikkel word.

Hand aan hand met die ontwikkeling van smaak gaan die leiding en aanmoediging aan die volkstkunstenaars: is daar 'n opgevoede publieke opinie dan sal hulle verdienstelike werk waardeur word en die minderwaardige sal verwerp word. Meer direkte voorligting word verskaf deur onbevooroordeelde kritiek, en aanspooring tot hoër strewe deur aanskoulike voorbeelde, soos Potgieter aan die intekenaars op sy blad besorg het. En deur die opname van oorspronklike werk in 'n tydskrif word geleentheid aan onthukkende skrywers gebied om hulle talente te ontwikkel. Die eis waaraan die tydskrif hier moet voldoen is om die gehalte van oorspronklike werk deur manne uit die volk self hoog te hou.

In geen volk is daar ooit 'n bevredigende toestand wat betref die algemeen wetenskaplike kennis van sy lede nie. Aan die een kant is dit toe te skrywe aan die feit dat almal nie gelyke kansse tot intellektuele opleiding en ontwikkeling het nie; aan die ander kant is dit die geduerige vooruitgang op alle gebiede van die lewe wat die behoefte aan die geduurde verspreiding van algemene kennis bestendig. Die eis wat in verband hiermee aan 'n tydskrif van algemeen kulturele aard gestel word is om tred te hou met ontwikkelinge op wetenskaplike gebiede en die kennis daarvan op 'n eenvoudige, boeiende wyse mee te deel, sodat dit kan deurdring tot al die verskillende volksgroepe, met hulle verskille in opvoeding. Ook die doel het die belangrikste tydskrifte van ander lande aan hulleself gestel.

Di is vanselfsprekend dat om aan genoemde algemene eise te voldoen, sekere punte by die inrigting en bestuur van die tydskrif van ingrypende belang sal wees. Om die algemene leiding en voorligting te kan verskaf is in redaksie nodig wat duidelik besef watter taak hulle op hulle neem, en wat

met behulp van deskundigen in die verschillende rubrieken
bekwaam is om dit uit te voeren. Hiervoor het hulle nodig,
in die eerste plek, psychologische insig in die volksomstandighede
en algemene ~~geestes-~~toestand van die tyd om te weet op presies
watter manier hulle mees doeltreffend kan te werk gaan.

Al was die behoefte aan morele opheffing nog so groot onder
die Engelse bevolking van die 18^{de} eeu, 'n blad wat by
dieselfde oordrewe standpunt as die Puriteinse godsdienstiges
ingeneem het en eenvoudig bestaande misbruike onvoor-
waardelik veroordeel het, sou verreweg nie die opgang
gemaak het en die diepgaande inwerking bereik het wat
op die fyn humoristiese bekering van Addison en Steele
gevolg het nie. Aan die ander kant het die taak van
Potiquet met die teenoorgestelde metode gewerk: meedoinlose,
dradiese kritiek om die oë van die mense te open in die
gevaar van ondergang waarmee die lambendige self-
tevredenheid, die onverskillige, doodse goedgesindheid van
die bestaande tydskrifte, van die hele eeu en die ganze
samelewing, die Nederlandse letterkunde en volksgevoel
gedreig het. Dat hy ^{die} regte insig gehad het word bewys
deur die lof hom toegeswaai deur die nageslag; en van
hoeveel belang sy beslote optree was blyk uit die vergelyking
met die ~~ontwaaing~~ ^{ontwaaing} wat "De Meuzen" drie jaar vroër by die
volk te bruyt kwal het.

In die tweede plek moet die redakteur 'n sterk persoonlik-
heid besit om te handel volgens wat hulle insien as die
doeltreffendste handelwyse. In die behandelde gevalle van
hoogstaande tydskrifte is dit elke keer die persoonlikheid
van die redakteur wat ~~so~~ ^{as} die dryfkrag agter alles sit.
"The Tatler" en "The Spectator" is geenens as algemene tydskrif
besoend geword nie, maar as die middelle tot uiting van
hulle oortuigings deur Addison en Steele; Jeffrey en
Blackwood predomineer miskien nie ⁱⁿ hulle blaas in
dieselfde mate nie, maar ook hulle was persoonlikhede;

Potgieter was by intotiek die siel en beweegkrag van „De Gids“; in die later fase van sy bestaan verander die geaardheid van die blad, en na Potgieter se intree bereik hy nooit weer die hoogte vroeër gehalte nie. Ironies, die vergelyking wat Jonckbloet gee tussen die kritiek van Potgieter en die van Busken Huet onder die hoof „Kroniek en Kritiek“, wys al hoe die verskille in persoonlikheid die gehalte van die blad affekteer: in plaas van die knorrige ou juffrou in wie niks bevreemdend is nie, of die strenge skooljuffrou, of op ander tye die opvoedende vriendin (Potgieter se kritiek), word die kritiek na 1862 „een behaagzieke jonge Schoone, die zelve tracht te bekoren terwijl zij de mindere of meerdere behoorlijkheden van anderen met een coquet glimlachje bespreekt.“¹⁾ Om graag deur mense gelees te word was die streef van Huet eerder dan 'n onbevooroordeelde blik op letterkundige werke. As „De Gids“ van die begin af aan op 'n manier son probeer voorsien het in die behoefte aan letterkundige kritiek, son hy nooit kon uitgerig het wat hy gedoen het nie.

Volgens Kalff²⁾ is die mislukking van die „De Muzen“ daaraan toe te skryf dat die redakteurs een of ander, of albei die vereistes gemis het: dit was of gebrek aan psiqologiese insig in hoever die volk die behoefte aan hulle optrede gevoel het, of gebrek aan persoonlikheid in die optrede self, ~~wat~~ of altwee, wat hulle so gou genoodsaak het om hulle tydskrif weer te staak.

Besit die redakteurs reeds genoemde eenskappe, dan moet hulle by die inrigting van die blad nog 'n paar eise in aanmerking neem. Die eerste kan o.i. miskien ook afgelei word van die mislukking van „De Muzen“, saam met die oorsake deur Kalff as waarskynlik aangewoos: nl. die feit dat Brost en Hoge Heje die in verband bring van

1) Ned. Litt. VI. bl. 977.

2) Geschiedenis der Ned. Litt. VII. bl. 231.

die inheemse met uitheemse letterkundige produkte voorop-
 gestel het - weliswaar met die uiteindelijke doel om op
 die manier 'n eie oorspronklike voortreflikheid te bereik -
 terwyl Potgieter boweal 'n studie van die vaderlandse
 geskiedenis wou hê, van die ontwikkeling en luister
 van die voorgeslag op elke gebied - 'n vergelyking dus
 van inheemse met inheemse voortbrengsels, alleen uit
 verskillende tydperke ontstaan. Miskien was dit juist omdat
 Potgieter 'n meer bepaald nasionale standpunt ingeneem
 het waar Drost en Heye 'n bietjie kosmopolitaans wou
 optree, dat hy die hart van die volk kon raak en
 ontzaglik veel meer sukses behaal as hulle. In elk geval,
 al is ons gevolgtrekking in die geval miskien onjuis, is
 'n eis wat aan 'n blad gestel moet word dat hy direk
 aan die volk gerig is, waaruit hy ontstaan het, en direk
 daaraan aangepas is, sodat hy hom ten doel stel die
 ontwikkeling van die volk, met behulp sover moontlik
 van wat hy van ander nasies kan leer. So goue as die
 doelstelling van 'n blad algemeen internasionaal word,
 verloor hy sy diepste betekenis vir sy eie volk en kan
 hy nie veel vir hulle doen nie.

In sy streeke om soveel moontlik vir sy volk te beteken
 moet 'n tydskrif nie alleen nasionaal wees nie, maar
 tegelykertyd sorg dra dat hy alle enge partypolitiese vermy,
 anders loop hy gevaar om te ontaard in 'n eensydige
 propagandis, wat maar by 'n seksie van die bevolking
 ingang vind. Watter rol partypolitiese kan speel in 'n
 tydskrif blyk uit die gevalle van die twee Engelse
 blaai van die 19^{de} eeu, toe dit selfs die vernaamste
 aanleiding was tot die oprigting van „Blackwood's Magazine”.
 Volksontwikkeling is immers 'n breër, dieper begrip,
 wat deur die eene bly voortwerk, terwyl politieke partye
 maar gedurig aan die opkom en verdwyn is, telkens
 op gewyigde grondslag.

Uit die kritiek veral oor "The Edinburgh Review" in "Blackwood's Magazine" word in verder eis duidelik waaraan in tydskrif as sulkes moet voldoen. Genoemde blaai het onder hulle mees verdienstelike werk die taak van bespreking uitlok verrig - miskien onbewus, daar hulle blykbaar verwaand genoeg was om te meen dat hulle die "plaatsing" van skrywers in hulle hande het. In werklik hoogstaande tydskrif sal altyd geleentheid get in bespreking, veral waar dit in te saak van persoonlike opvatting is, en sal probeer die bekwaamste denkers van die tyd daarin betrek. In sin gewal word tak van die redaksie geëis om die besprekings te kontroleer sonder hulle eie persoonlikheid te laat domineer, daar dit remmend sou werk op die vrye wisseling van gedagtes.

Om op die beste wyse die pasgenoemde taak te verrig, nl. die van die uitlok van bespreking, moet in tydskrif goed op hoogte van sake wees - dws. die redaksie wat die gedagtewisseling moet beheer. Ook vir die verskaffing van leiding op alle gebiede is dit noodsaaklik vir 'n blad om tred te hou met ^{die} ontwikkelingsgang van die volk. Die leiers moet ook weet wat in ander lande plaasvind insowe gebeurtenisse of rigtinge die eie land kan raak; die beste moet hulle vandaar af oorbring en toepas op plaaslike omstandighede. Op die manier word hulle blad geen konserwatiewe remskoen nie, maar die wegwysers na hoër, skoner ideale, solank hy vas bly staan op 'n fondament van vaderlandsliefde en nasionale selfbewussyn.

In laaste belangrike eis aan 'n Kultuurblad - miskien een van die heel belangrikste - is dat hy idealisties moet wees. Die hele doel waarop hy hom rig is idealisties: die opheffing van die standaard van lewe en dink van die mens; die uitvoering van die taak moet dit ook wees: nooit mag na die peil van

populêre smaak gedaal word nie; alleen wat gebrekkige kennis aanwub, wat ontwikkelde smaak verbeter, wat grondigheid van insig verseker, mag & aangebied word. Skerp en skynbaar gevoelloos sal die kritiek dikwels moet wees om gedurig te kan verhoog en veredel; baie sal moet seer gemak en afgeskrik word - soos Potquellê geheet en gewees was deur diegene wat sy blad as in „blauwe beul“ bestempel het - maar die ideaal is dit werd. Moete sal moet gedoen word, ontsaglike veel moete om die medewerking van die regte deskundige te verkry; finansiële verlies sal dreig om die moed te breek; maar teen alles in moet die ideaal hoog gehou word, die mooi ideaal van verbetering, opheffing, veredeling. Op sin grondslag, met sin doel, kan werk gelewer word wat die proef van tyd kan deurstaan, wat tot onsterflike roem van die groot geeste ~~waars~~ ^{wie} dit voortvloei gedy.

Aan sulke eise soos in die hoofstuk opgenoem, moet enige tydskrif wat in hoogstaande kultuurblad ^{wil} wees, beantwoord, in watter land, op watter tydskrif en onder watter omstandighede hy ook al mag uitgegee word. Alleen die vier versgenoemde eise sal enigins gewysig word, wat voldoening betref, deur die lands- en volkomsomstandighede: die spesiale behoefte wat direkte aanbidding ge tot die oprigting van die blad sal afhang van maatskaplike toestande van die tyd; die noodsaaklikheid vir die ontwikkeling van die volksmaak in letterkunde, en in die bevoording van oorspronklike kuns sal meer of minder aksentueer word deur die stand van ontwikkeling van die volk; en die verspreiding van algemeen wetenskaplike kennis sal ^{moet geskied} in aansluiting aan die peil van opvoeding ^{deur die volk} bereik, moet geskied. Die onse eise aangaande die blad self en die redakteurs, bly algemeen geldig in die vorm waarin hulle aangegee is.

Hoofstuk 3. Eise, op grond van Bepaalde Behoeftes
in Suid-Afrika omstreeks 1916 waaraan
'n tydskrif moes voldoen.

Voldoening aan die algemene eise in Hfs. 2. gestel is verreweg
nie al wat 'n tydskrif moet beoog nie. Immers, een van die
eise is dat 'n kultuurblad nasionaal moet wees, d.w.s.
gegrig op die spesifieke behoeftes van die volk waanuit hy ontstaan,
soos bepaal deur die tyds- en landomstandighede wat
betrekking het op sy totstandkoming.

Vir die beoordeling van Die Huisgenoot is dit dus noodsaak-
lik om nou eers na te gaan op watter wyse die algemene eise,
altans sommige daarvan, deur omstandighede van tyd en plek
gewysig was, en vervolgens watter bepaalde behoeftes in Suid-
Afrika teenwoordig was, om en by die jaar 1916 toe 'n aanwag-
^{gemaak}~~gemaak~~ is met die uitgee van die blad.

Die aanleidende kern-behoefte wat teenwoordig moet wees om
die nodige stoot aan die onderneming van 'n tydskrif te gee, was
in ons land die aanleiding en voorligting waar aan die een kant
die nasionale ontwaking aan plaasvind was, aan die ander kant
nasionale selfrespek by 'n groot gedeelte van die volk moes ingeboesem
word. Vir die eerste keer het baie Afrikaners besef dat hulle 'n stryd te
stry het teen 'n oorheersende kultuurnag wat hulle eie volksaard
met ondergang bedreig; in hulle pasontgloeiende ywer het hulle soms
na uiterstes gegaan wat hulle volksaard skade kon aan-
doen; in gevalle waar hulle hulle volksregte wou handhaaf
was die middelle dikwels nie tot hulle beskikking nie. Die
behoefte aan verstandige leiding en deskundige voorligting is
tenminste onder 'n gedeelte van die bevolking sterk gevoel.

Julis uit die toestand van sake het gevolg dat die eis vir
die ontwikkeling van die volksaard insake letterkunde en kuns
besonder dringend was omdat dit een van die kragtigste middels
is tot algemene ontwikkeling van die volk. Veral moes hulle
opgevoed word tot die waardering van eie voortbrengels op die

gebiede. Dit was nie 'n geval soos die van Nederland in die 19^{de} eeu wat moes aangespoor word tot 'n waardering en nastrewing van 'n roemryke verlede op die gebiede nie - dit was die smaak vir die eerselinge van 'n eie kuns wat moes onturkkel word; dit ^{was} die kalme, besadigde beoordeling van innig-, byna hartstogtelik-, verlangde eie produkte wat moes gekweek word.

En wat die prestasies self betref, behoeftu aan aanmoediging vir skrywers en kunstenaars was meer dringend dan in enige van die gevalle waar ^{genoemde} brite landse tydskrifte hulle die taak gestel het. Aan die ontwakende gedeelte van ^{die volk} moes 'n geestelike voedsel voorgesit word; aan die versengeste of onverskillige seksie moes produkte getoon word wat hulle volksgevoel sou aanwakker. Aanmoediging om die broodnodige te verkry was dus nie genoeg nie: om 'n eervolle grondslag vir 'n eie kuns te lê, was verstandige, eerlike, doelbewuste kritiek onontbeerlik.

Behalwe die ontwikkeling en verfyning van die volkomaak was dit ook nodig om algemeen opvoedende kennis te versprei. Uit die volksgeskiedenis het gevolg dat die behoefte baie dringend was: in die vroeë dae het die rondtrekery 'n byna totale gebrek aan skoolopvoeding meegebring; aan die begin van die eeu het die Boersoorlog 'n verder onderbreking veroorsaak; nog diepergaande was die gevolge van 'n eeu van onderdrukking op alle gebiede en gepoogde verengeling deur middel van die skole. Dit is dus te verstaan dat daar baie sou moes gedoen word op 'n populêre manier deur middel van 'n tydskrif om die gebrek op die gebied van algemene kennis aan te vul, eens omtrent die vaderland, en later omtrent ontwikkelinge in ander lande. Die feit dat Suid-Afrika so ver van die om beskaafde wêrelddele afgelei is maak dit veral nodig om kennis omtrent die buitewêreld te versprei onder die volk as hulle nie ^{uit} agterbly in die vooruitgang van die wêreldbrekaving nie.

Die verder algemene eise was ook besonder toepaslik in Suid-Afrika waar 'n tydskrif nodig was vir bekwame redes.

'n Bekwame redaksie was altemoedsaaklik om nie alleen die taak wat hulle voorle goed te deurgrond nie, maar ~~was~~ ook deur passievolle insig in die toestande van die tyd die regte manier van optree te vind vir die verwesenliking van hulle ideaal. 'n Kragtige persoonlikheid moes hom laat geld teen alle teenstand en vooroordeel in. Baie beslis moes die blad die karakter van die Afrikaanse volk handhaaf, maar tegelykertyd partypolitiek sorgvuldig vermy, daar dit juis die Afrikaners onderling verdeel het en hulle kragtige saamwerking teen die vreemde oorheersing onmoontlik gemaak het.

Nie alleen politieke vooroordeel nie - want dit sou by 'n ander seksie tog altyd bestaan teen 'n Afrikaanse tydskrif - maar ook die feit dat baie Afrikaners nog nie die behoefte aan leesstof gevoel het nie, het die grondslag van idealisme in absolute vereiste gemaak; finansiële voordeel moes met son onderneming glad nie beoog word nie.

Di eis van vooruitstrewendheid moes ook noodsaaklik aan voldoen word as die blad nie binnekort soos "De Goede Hoop", langamerhand, die orgaan van die konserwatiewe minderheid" wou word nie. Juis omdat deel van die volk toe net besiel was met nuwe gloed en ywer om vooruit te streef op nasionale gebied moes die blad sorg vir leiding in die beste rigting, en om die te beoordeel moes hy op hoogte wees van wat ^{in die} binne - sowel as ^{die} Briteland plaasvind.

Vir die uitvoering van die omvattende taak wat, soos reeds gesê, die oprigting van 'n Afrikaanse tydskrif nie alleen moontlik maar ook nodig gemaak het, nl. die opbou van 'n eie nasionale kultuur, was 'n grondige Studie nodig van die verder spesifiek Afrikaanse omstandighede om 'n insig ^{te kry} in die bepaalde behoeftes wat in die samelewing bestaan het, op die gebiede van politiek, industriële ontwikkeling, intellektuele vooruitgang, ens.

Op ekonomiese gebied was ons tersyfte van al ons ryk bronne

1) Schoonnes: Prosa uit die Tweede Jaalbeweging, bl. 44.

van 'n materiaal nog heeltemal afhanklik van die fabriek van ander lande vir ons verwerkte benodigede. Voor ons daartoe sou kom ons gebruik van ons eie stowwe en ons eie werksensse te maak teneinde in ons eie kommersiële behoeftes te voorsien, moes ons oë geopen word vir die dreigende gevaar wat son industriële afhanklikheid vir ons volksbestaan word. Baie van die vlytigitte beywerars vir volksbelange het die gevaar verbygesien; as die publieke opinie egter daartoe kon opgewoed word om voorkeur aan inheemse industrie te gee en uitbreiding op die gebied te eis, sou die saak al in heelte geworder wees.

Op die politieke ^{toestand} is reeds terloops gewys: die volk het in 'n traglike toestand verkeer tengevolge van die splitting in twee partije wat met die grootste bitterheid teenoor mekaar gestaan het. Dat die verskilpunt die siel van ons volksbestaan geraak het, het die saak des te ernstiger gemaak: waar die regerende party in Saamsmelting van die twee blanke rasse in die land beoog het, het die ander die enigste kans vir die voortbestaan van Afrikaanse tradisies en siensurys gesien in die onturkkeling van die twee volke naas mekaar, elk met sy eie nasionale opvattinge, gewoens en eensaardighede.

Die heftigheid van die seksie wat hulle teen 'n amalgamasie verset het kon baie goed verstaan word op grond van die bevoerde maatskaplike toestande wat toe geheers het: ons volksopvoeding gestrem deur 'n uitlandse opvoeding op skool; ons volksbewussens ondermyn deur die oorheersing van Engels as kultuurtaal self in die huuslike kring van baie Afrikaners; ons taalgewoel gekwes deur die onderdrukking van Afrikaans op alle regerings- en administratiewe kantore, in die besigheidswêreld, oral; die uitgebreide omloop van uitlandse, by uitstrik Engelse en Amerikaanse tydskrifte onder opgewoede Afrikaners - hoewel die brandwag sedert 1910 hierin groot verbetering aangebring het. Ons sien hierdie oorweldigende

inwerking die magtigste bolwerk moontlik op te stel was dit noodsaaklik dat die Afrikaanse volk soos een man moes opstaan vir hulle regte. En om dit uiteindelik te bewerk moes 'n tydskrif, sover dit in sy mag sou wees, die breuk onder Afrikaners onderling probeer heel. Die grootste tak en versigtigheid ~~was~~ ^{was} nodig ~~was~~ want, met die gewoelens aan weerskante so opgerui, was verdraagsaamheid 'n seldsame deug. Enigiets met 'n sweems van partypolitiek ~~was~~ ^{moes} sorgvuldig vermy ~~was~~ word, alleen belange waarvoor alle Afrikaners gelyklik as Afrikaners 'n gewoel kon en behoort te ontwikkel het ~~was~~ ^{moes} toegang in die kolomme van die blad ~~was~~ verkry. So 'n belang was o.a. die van die Afrikaanse taal, en tog was selfs dit 'n grootliks assosieer met partypolitiek, sodat 'n baie verstandige, besadigde houding in verband daarmee moes ingeneem word ten einde die saak tot sy reg te laat kom.

Al wat help opbou aan 'n nasionale gewoel van selfrespek moes gehuldig word, en daarvans ~~was~~ ^{was} die taal van die volk die allereerste. ~~was~~. Om dit moontlik te maak vir Afrikaans om homself uiteindelik op alle gebiede te handhaaf, was dit omstreeks 1916 nodig vir 'n tydskrif om van eerste beginsels uit te gaan, nl. in die geval: om met spelling te begin. Solank as daar nog geen eenvormige skryfwyse bestaan het nie het die opposisie nog altyd 'n wapen in die hand gehad waarmee hulle kon veg teen die invoer van Afrikaans ^{om} ~~was~~ ^{sy} onbestendige taalvoorn; en die handhawing van die eie taal was tog, soos ons gesê het, die grondslag vir nasionale selfbewussyn en groei. Langs wetenskaplike weg moes dus 'n uniforme spelwyse vasgestel word. Hierdie taak het die S. A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns en die verskillende taalverenigings met ywer en entoesiasme aangepak; maar om hulle invloed algemeen te laat geld was 'n offisiële orgaan nodig wat die hele bevolking sou bereik, en nie alleen die nodige kennis meedeel nie, maar deur die konsekwente toepassing van die offisiël vasgestelde

skryfwyses die oog geleidelik gewoon te maak aan die nodige, maar dikwels vir die mens destyds sturende, afwykinge van die ons Nederlandse skryftaal wat tevore gebruik was. Sedert 1908 was daar reeds verbetering op die gebied by die vernaamste Afrikaanse Skrywers waar te neem - Celliers, Totius, Malherbe, De Waal - maar die toestand was nog glad nie bevredigend nie, en by die gewone man het versagende onkunde gheers soos te verstaan is uit die feit dat hy nog die nodige opleiding nog die nodige oefening gekry het.

Behalwe die verwarring op die gebied van spelling, was daar nog die ingrypende invloed van die oorheersende kultuurtaal op die woordeskat om te besoy. Om maar enkele gebiede op te noem: Afrikaanse kinders het op skool alleen met Engelse terme in hulle sportlewe kennisgemaak en die dan doodgewoon tussen hulle Afrikaans deur gebruik, sonder om ooit te voel dat dit anders behoort te wees; ons kledingstowwe - sowel as ander benodigede - met hulle tabloos verskille in soorte, en hulle oneindige verskillende kleur-skakerings het ons van Engeland ingevoer klaar bestempel met 'n uitlandse etiket wat ons in ons spreektaal opgeneem het, sonder om ooit die minste navraag na Afrikaanse ekwivalente te doen. Met die rasionale ontwaking ^{het} ~~kom~~ daar egter 'n doelbewuste streef gekom na suiwerheid van taal en uitdrukking, en dit het nodig geword om lysie Afrikaanse terme vir gewalle soos kiero genoem, die land in te stuur. Die suiwering moes nie op die woordeskat alleen betrekking hê nie, maar ook op sinswendinge en idiomatiese uitdrukkinge wat dikwels letterlik verstaan was en gedreig het om die oorspronklike idione te verdring. Daar die taak, nl. die onderskeiding tussen die egte en die onegte uitdrukking, soms baie moeilik word, was leiding nog mer noodsaaklik as by die woordeskat. Ook in die rigting het taalverenigings in die verskillende provinsies gewerk, maar hulle het 'n

duidelike behoefte aan 'n orgaan gevoel om hulle idees te versprei, soos blyk uit die feit dat hulle byna altyd probeer het 'n tydskrif opsig.

Die skryfwyse op sigself was egter nie die enigste beswaar wat teenstanders teen Afrikaans ingebring het nie: 'n nog meer geliefde stokperdjie was die gebrek aan 'n letterkunde om die bruikbaarheid van die taal te bewys. Weliswaar was daar toe al 'n hele paar Afrikaanse skrywers en digters wie se prestasies self in die buiteland opoppraak verwek het; maar baie meer moes nog gedoen word, nie alleen om die vaardigheid van die taal aan sy teenstanders te bewys nie, maar ook om leesstof aan die volk te verskaf, en 'n volksliteratuur op te bou waarop ons met reg kan trots wees. Ontluikende skrywers moes 'n middel hê waardeur hulle voor die aandag van die publiek kon kom; hulle moes ook deeglike kry kritiek ontvang wat hulle hulle gebreke aantoon en wat vir hulle nuwe rigtinge aanwys. In 1910 reeds het Die Brandwag begin waarsku teen bloot avontuurlike verhale met „kunsmatige verwickelinge“, en het hulle „'n ware en rake tekening van karakter“ aanbeveel. Hulle het hulle nie laat verlei om enige werke toe te juig en dit aan te prys net omdat dit in Afrikaans verskyn het nie. „Maar teen 1916 was daar nog geen merkbare vooruitgang te bespeur nie („Martjie“ van Celliers as sielkundige tekening hier uitgesonder), - miskien omdat die tyd in 1910 nog nie ryp was nie. In elk geval, toe Die Huisgenoot opgerig is was gesonde, opbouwende kritiek meer dan ooit nodig, want bydraes tot die Afrikaanse letterkunde het in groter getalle begin inkom. Altyd moes by die uitoefening van kultieks onthou word dat deur gebrek aan skoolopvoeding in een tydperk van sy bestaan, en, erger nog, deur 'n vreemde, opgedronge opvoeding in 'n ander, ons volk ontzaglik veel verloor het, en waardering en aanmoediging dus baie nodig was;

1) Schoonnes: Prosa uit die Tweede Jaalbeweging, (bl. 46).

aan die ander kant moes egter ook in ag geneem word dat ons kon voortbou op 'n ouer, hoogstaande kultuur van die volk waaruit ons gesproit het, en ^{verder} kon leer uit die skitterende literatuur van die Engelse wat nie aan ons vreemd was nie, en dat ons dus ^{betrefflik} hoë eise aangaande tegniek en rigting van kuns kon stel, ^{selfs} aan die eerselinge van ons letterkunde.

Behalwe leiding aan die skrywers moes die kritiek ook die ontwikkeling van die volksmaak beoog, sodat die mense kon leer hoewel waarde hulle moet heg aan die produkte van hulle eie letterkundiges, en sodat hulle 'n selfstandige oordeel ^{kon vel} oor die voortbrengsels soos hulle met hulle kennismaak. ~~kan vel~~.

Op die manier moes 'n tydskrif meewerk om die taal self te bestendig en dit tot 'n middel vir die uitdrukking van die diepste en skoonste gedagtes, en mees verhewe waarhede, te verhef. Maar die omstandighede in Suid-Afrika het meer verpligtinge meegebring: as reg van die volk moes geëis word die erkenning van hulle taal op alle gebiede van die samelewing - op die van onderlinge omgang en handelsoverkeer nie alleen nie, dog in die eerste plek ook op skool waar die kind tot burger van die land ontwikkel word, en daarna in die regeringskantore vanwaar die administrasie van die land uitgaan. In 1914 was weliswaar deur wetgewing die reg van aanvanklike onderwys deur moedertaal as medium toekens - op papier; op die toepassing in die praktjks moes aangedring word. Die gebrek aan hermiddels, d.w.s. leerboeke in Afrikaans het die Taalverenigings probeer aanwul deur kommissies te benoem om aan die werke te gaan om boeke op te stel; iedereen kon egter weet dat die resultate in hoofsaak maar noodhulpe sou wees, en dat ná die broodnodige ~~noe~~ voorsien was, daar gedurig verbetering sou moes aangebring word.

In Verder tekortkoming was dat daar geen behoorlik opgeleide onderwyserspersoneel dadelik beskikbaar was nie. Vir die moelikhede wat noodwendig hierdeur sou ontstaan moes in die kolomme ~~---~~

van 'n tydskrif 'n rubriek vir taalvrae en antwoorde geopen word waarin inligting deur gesaghebbendes kon verskaf word.

Met die erkenning van Afrikaans ~~was~~ in die Staatstiens was nog geen begin gemaak nie - 'n veld dus vir 'n tydskrif om te bearbei deur die oë te open vir die onregverdigheid van die toestand en leiding te neem in die agitatie vir erkenning.

Ook in die Kerk was alles nie meer alleen in te berou nie; dit was tyd dat die volkstaal ook as medium van openbare godsdiensoefening sou dien. Daar hier egter nie te doen was met Engelse oorheersing nie, alleen met die voortbestaan van 'n on tradisie van Nederlands as Bybel- en kantseltaal, was daar geen dreigende gevaar vir die volksbestaan nie. Dit was te verstaan dat die on geslag nie maklik met die tradisie kon breek nie, en daar die opkomende al die nodige entoesiasme vir Afrikaans in die kerk gewys het, was dit net 'n kwessie van tyd ~~erf~~ alles sou regkom. Drastiese optree was in die geval selfs ongewens - maar voorbereidende werk ~~kan~~ ^{moes} intussen nie nagelaat word nie: in sover 'n tydskrif reeds agting vir die taal kon inboesem sou hy indirek, miskien self onbewus, grond wew vir die erkenning van Afrikaans in die kerk. Wat betref die groot tusspunt van die Bybelvertaling, ~~moes~~ betref, moes die blad moeite doen om die opinies van leiers op godsdienstige gebied te kry. Beskouings oor die saak van 'n geskiedkundige, 'n psigologiese of 'n godsdienstige standpunt, op 'n besadigde, oortuigende wyse geuit sou baie meehelp om die sterk, in gevalle selfs koppige, vooroordeel te oorwin. 'n Voorbeeld van wat bedoel word is die toespraak van ~~Dr.~~ B. B. Keet, ^{oor die onderwerp,} in een van die nommers van Ons Moedertaal gepubliseer, ~~om die onderwerp.~~

Uit die voorgaande is dit duidelik watter reusetaak 'n tydskrif in Suid-Afrika onstreeks 1916 op taalgebied gewag het. Waar dit was nog nie al nie. Gebaar met die behoefte aan ontwikkeling van die volksmaak vir letterkunde, en aan

opbouwende kritiek wat die letterkundiges kon voorlig, het, soos die geval met feitlik al die behandelde uitheemse tydskrifte was, die behoefte aan die ontwikkeling van 'n kunssmaak en aan leiding aan die kunstenaars, gegaan. Daar was in die tydperk onder behandeling geen gebrek aan ^{beeldende} kunstenaars in Suid-Afrika nie - wel 'n ontsaglike behoefte aan waardering van hulle werke, soos die almanakprentjies en goedkoop buitelandse landskappe in meeste woonhuise kon getuig. Die mens moes opgevoed word om te onderskei tussen egte kuns en niksbeduidende prulle, hulle moes leer om die ware genot uit die waardering van kunswerke te haal; sulke genot sou geluk in menige hart bring, sou die fyner geestelike sy van die mens tot sy reg laat kom, en 'n die alledaagse lewe van swoeg en sweet 'n beetje ryker en voller maak. Soos reeds gesê, was daar destyds al kunswerke genoeg om mee te begin. Die feit, egter, dat die Afrikaners wat hulle op een of ander kunsgebied wou toelê, hulle opleiding in die buiteland moes gaan geniet (die Britsers en Hollanders e.a. wat hulle by ons gevoeg het, het sonder opleiding alreeds ~~gehad~~ ^{gehad}), het die gewaar meebring dat hulle ^{by hulle} terugkeer in hulle vaderland eenvoudig uitheemse motiewe sou kon toepas, dus. dat hulle nie sou probeer die siel van die Afrikaanse landskap, lug of menslike wese wat en weergee nie. Hiervoor moes 'n kultuursknip 'n wakende oog hou, want 'n werklik nasionale kuns (wat natuurlik veel baat kon vind by 'n deeglike opleiding elders) ~~moes~~ moes van die begin af opgebou word as iets groots en oorspronklik oot sou bereik word. Die kunstenaars moes dus aan hoë eise getoets word voordat hulle werke as ware kuns aan die volk kon aangebied word. 'n Geweldig nadeel vir die opbloeï van kuns in ons land is nog altyd die beperkte - 'n mens kan byna sê die algehele gebrek aan - afselgebied vir die kunstenaar vir sy werk. Van sy kuns alleen 'n bestaan maak is feitlik buite die kwessie; hy moet dit gewoonlik as liefhebbery beoefen buite sy daalikse kantoor - of ander soort swoegwerk waarmee

hy sy lewensbrood moet verdien. Solank toestand so voort-
 duur is die vooruitaigte op die gebied vir ons volk maar
 baie gering; verbetering sou alleen dan kom wanneer die
 volk opgevoed is om kunswerke nie alleen te waardeer in 'n
 kunsgalery nie, maar ook aan te koop en in eie besit te hê. Alleen
 dan ook sal daar werklik sprake kan wees ^{van} ~~aan~~ 'n ontwikkelde
 kunstgevoel en sal kunstgenot die veredelende, verheffende
 invloed op die lewe hê waarvan tevore melding gemaak is.

Bestaande geld nie van skilderkuns alleen nie, maar van alle
 soorte beeldende kunste, ~~en~~ ^{en} in geurysigde vorme van toonkuns
 en van boukuns ook.

Ietwat verwant aan die behoefte aan 'n ontwikkelde kuns-
 sin, ~~en~~ en miskien meer direk oorsaaklik daarmee verbande dan
 ons gewoonlik besef, was die gebrek aan waardering van die
 natuurskoon van ons land. Weliswaar is die afstande in ons
 land baie groot, ~~so~~ ^{kom} rondreis betreklik duur te staan, en
 was in daardie dae nie baie spesiale konsessies aangebied
 om rondgaan aan te moedig nie. Maar in baie gevalle was
 tyd of geld glad geen kwessie nie, soos blyk uit ^{voorbeelde} ~~gevalle~~ van
 gegoede mense wat 'n reis na die buiteland sou onderneem om
 skoonhede te besien, voordat hulle hulle eers die moeite
 getros het om hulle wêreldberoemde valle te gaan besoek, of
 die werklik voortreflike skoonheid deur heel die land te
 leer ken en bewonder. Waar dit minder algemeen bekende, maar
 tog ~~pragter~~ pragtige, tonele geld, kan onkunde soms die oorsaak
 van die onverskilligheid wees. Dat daar egter gevalle is waar nog
 tyd, nog onkoste, nog onkunde die skuld moet wegdra blyk
 uit feite soos die volgende: uit die matrikulasielklas - om ons
 maar by die meesgeword^{de} klas te bepaal - van die Hoër Meisie-
 skool op Dordtshoorn verlede jaar, was daar een, ^{uit die tien} wat die
 Kangogrotte gaan besien het - en meeste van hulle het binne
 18 myl of minder daarvan opgegroe; meiringspoort, wat
 tenminste deur Langenhoven se beskrywing voor die aandag
 gebring is, het maar 'n paar kinders uit die hele skool gesien,

en hulle meestal omdat die pad na hulle huise daardeur loop.

So'n verregaande doodskied is op sigself al allesbehalwe bevorderlik vir die vaderlandsliefde van 'n mens, en waar dit dan nog gepaar gaan met die verdraaide idee dat in ander wêrelddele alleen besienswaardige tonele bestaan, word bestryding dubbel noodsaaklik. In Tydskrif moes deur afbeeldings en deur waarderende beskrywings sy deel bydra tot die algemene verspreiding van die regte opvattinge. Wellig sou op die manier ook die gewoel vir sielvolle reproduksies op ~~doek~~^{doek} aangekweek word, en sou skilderstukke op hulle beurt dien om 'n idee van die onbereikbare tonele algemeen te versprei.

In Ander taak vir die tydskrif sluit ook aan by die vroeër bespreking van die stryd wat op taalgebied ~~en~~ moes gevoer word, in die sin dat dit ook die handhawing van volksregte beoog. Ons doel nl. op die beseerde toestand van onkunde ontrent die volksgeskiedenis, wat vir 'n baie groot deel op die onderrig daarin gely op skool terug te voer was. Die alleen was in vreemde medium en teksboeke deur vreemdelinge in 'n vreemde taal opgestel, gebruik nie, maar die manier waarop dit doer was, was bereken op 'n geurige ondermyning van alle belangstelling en alle nasionaliteitsgevoel en volksselfrespek. Verandering moes onmiddellik aangebring word - maar eers moes die oë van Afrikaners self geopen word vir die behoefte; daarna sou die om dubbele moeilikheid nog 'n keer swaar word: geen behoorlik opgeleide onderwyspersoneel nie, en geen doeltreffende teksboeke wat reg laat geskied aan die ontwikkeling van die volksplanting aan die laap nie.

In Tydskrif moes sover moontlik opwek tot handeling om in die behoefte te voorsien. Algemene inligting moes op interessante manier aan die volk as geheel (hoewel dit hier meer bepaald die opkomende Jeday sou geld) verskaf word deur middel van bv. lewensbeskrywings van belangrike volksmanne wat tegelykertyd staan vir groot bewegings, waarvan

Engelse teksboeke soms in heeltental verdraaide idee ge, of
essensiële punte verswyg. Op sekere gebiede was daar nog
moontlikhede vir navorsing na onontdekte historiese getuenis,
soos bv. bevat in dokumente, briewe of voorwerpe - getuenis
wat in die gewone gang van die lewe onopgemerk verlore
kon gaan as daar geen navraag na gedoen word nie.

Die Brandwag het reeds tevore deur sketse oor die voortrekkers
historiese belangstelling probeer aanwakker, en het begin
aandring op die publikasie van ou handskrifte. Maar daar
^{was} nog oorgenoeg ruimte vir 'n tweede blad om in dieselfde
rigting te werk. Op alle maniere moes die selfrespek van
die volk gewek word om hulle te help in die stryd teen Engelse
oorkersing, en hiertoe sou die regte historiese perspektief
ongetwyfeld 'n kragtige middel wees.

'n Tydskrif wat die ontwikkeling van die volk beoog het,
moes die orgaan wees waarin die maatskaplike lewe van die
tyd weerspieël word; waarin sosiale ewels soos die löëning
van eis taalrege ^{deur die volk self} in die besigheidswêreld en in gewone omgang,
kon besty word; waarin probleme soos die aangaande die
opvoeding van die jeug, of die opheffing van die versontene
gedeelte, op wetenskaplike, deeglike wyse kon bespreek word; waarin ook
in die spesiale behoeftes van die vrou as huismoeder kon voorsien
word. Die wenke ontrent klededrag, liggaansversorging, huismeublering,
kookboek e.d.m. was ongetwyfeld van die faktore wat meegewerk het
tot die populariteit van baie uitlandse tydskrifte. Hier was dus 'n
behoefte op die bevrediging waarvan 'n Afrikaanse blad kon moes
teel, en ^{wel} op 'n manier wat die dieperliggende belang van
sulke skynbare nietighede soos smaakvolle kleding, aantreklike
inrigting van 'n huis, behoedlike samestel van voedselsoorte,
vir die welvaart en vooruitgang van 'n land voor die aandag
^{son}
^{bring}.

Herhaaldelik is reeds opgemerk dat ~~die~~ die tydskrif onder
bespreking op hoogte van sake aangaande die briteiland moes
wees insover invloed op ons van brite kon of behoort in ^{het} gewerk

Die ligging van ons land bring al vanself die gevaar mee dat ons geïsoleer kan raak van die res van die wêreld in ons belangstellinge, ideale en strewinge. In 1916 toe ons hier net die veraf gerommel van die volkerstryd kon waarneem was daar daeliks soveel in die koerante oor lande en gebiede waarvans ons maar 'n vae algemene kennis gehad het, dat dit meer inspanning en tyd geëis het dan die gewone man daaraan kon bestee, om 'n enigins helder perspektief oor toestande te behou. Hier was dus 'n behoefte waarin tot op sekere hoogte kon voorsien word deur inliggende algemene artikels van tyd tot tyd in 'n tydskrif.

As 'n mens nou 'n vergelyking trek tussen al die behoeftes waarin 'n Suid-Afrikaanse tydskrif moes voorsien en dié wat die verskillende vreemde blaaië hulleself gestel het (vgl. Hf. 2), kry 'n mens 'n besef van die reuse taak wat die Huisgenoot voorgelê het. Wie alleen was hier teenwoordig die algemene behoeftes wat die sentrale uitgangspunte van die ander tydskrifte gevorm het nie, maar daarby 'n reeks van spesifieke behoeftes wat elkeen onmiddellike voorsiening geëis het en almal sentraal en dringend was. Sien daarby nog die feit dat die ander blaaië ontstaan het ~~in~~ uit volkere wat elk in hulle geskiedenis en in glorietydperke op een of ander gebied agter ^{die rug} ~~aan~~ gehad het, dog net in 'n vervaltydperk verkeer het, en dat in ons land geen voorliggende bloeitydperk was nie en 'n geskiedenis van martelaarskap; dat die periode van die ontstaan van die tydskrif een was waarin die verdrukking deur vreemde invloede, by name Engels, sy toppunt bereik het; dat 'n groot deel van die klein volk hier onkundig was, 'n ander deel verengels, en nog 'n ander konserwatief en vaskeklemmend aan Nederlandse taal en tradisies — dan sien ons die stryd wat sin blad voorgelê het in miskende regte in 'n onsempatiese atmosfeer, ~~en~~ in 'n gedeelte self deur eie volksgenote geskep.

Dié is dan in die lig van hierdie groot taak wat die Huisgenoot voorgelê het wat ons hom gaan beoordeel.

Hoofstuk 4. Beoordeling van die Verskillende Rigtings deur Die Huisgenoot ingeslaan, in die lig van die gedelde eise.

Om te kan vasstel in hoever Die Huisgenoot doelbewus gerig was op die behoeftes van ons volk tydens sy oprigting, is dit nodig om na te gaan wat die doel was wat die redaksie vooropgestel het in die tydskrif. Daar is sow uitkomst in hoever hulle die eintlike aanleidende behoefte aan leiding op kulturele gebied gevoel het. Verder kan ons aanneem dat deur middel van s'n blad ook onwillekeurig in behoeftes wat bestaan het sow voorsien word, insover enige onderneming van die tipe 'n produk van sy tyd is.

In die inleidingartikkel van die eerste nommer word die algemene strewe van Die Huisgenoot as volg geformuleer: „ Ons doel is het mede te arbeiden aan de opbouw van ons nationaal leuen. Meer en meer tog vestigt zich bij velen de oerusting, dat ook het Afrikaanse volk alleen zijn roeping in de grote opmars der volkeren vervullen kan, wanneer het ontwikkelte een eigen kultuur, wanneer het spreekte een eigen taal, wanneer het op dat stuk aarde, dat de Voorzienigheid het onder zijn diepblauwe hemel schonk, vindt zijn eigen weg en eigen wijze van handelen.”

Hiermee het die tydskrif definitief die taak op hom geneem om 'n eie Afrikaanse volkskultuur te help opbou, en die volgende was van die bewuste middele wat hulle die redaksie voornemens was om aan te wend tot die verkygging van die doel: die handhawing van die Nederlandse taal en die bevordering van die ontwikkeling van Afrikaans; vestiging van die oog op al wat goed is in die nasionale leue, die geskiedenis, oorlewings en ideale van die Hollandssprekende bevolking; vermyding van partypolitiek, waaraan so dikwels te veel opgeoffer word tot skade van die volkswere; handhawing van ons eie persoonlikheid as volk in die dae van wêreldverkeer

en kosmopolitisme, sodat invloed van buite af ons sterk kan vind en in ons opgaan. Langs dié weg sou dit dan moontlik wees om vir die vele vraagstukke wat noodwendig onder 'n jong volk opkoms 'n normale en natuurlike oplossing te vind.

Die feit dat Die Huisgenoot Nederlands wou handhaaf het natuurlik opspraak verwek daar die teenstanders van Afrikaans meesal van mening was dat 'n gevoel vir Afrikaans noodwendig die vir Nederlands uitgesluit het. Wat hulle ongetwyfeld in die mening versteek het was die aankondiging „Verenigd met Ons Moedertaal“, daar in laasgenoemde blad sulke heftige polemiek gevoer was teen die Afrikaners wat Nederlands as Skryftaal Afrikaans wou laat verdring. Die redaksie word dus gemoedsaak om in hulle tweede nommer hulle taalstandpunt meer breedvoerig uiteen te sit: „Het is onze vaste oortuiging dat we de belangen van 't Afrikaanse volk niet beter kunnen dienen, dan door het hand aan hand met 't Hollands te laten gaan.“ In die moeilike en ongelyke stryd teen die soornag van die Engelse taal en bekawing het hulle in Hollands die magtigste bondgenoot van Afrikaans gesien.

Doelbewus of nie het die redaksie van Die Huisgenoot op die manier die simpatie van baie van die meer konserwatiewe Hollands-sprekendes vir die blad - en langs die weg uiteindelik vir die Afrikaanse taal - gewen. Aan die ander kant moes hulle ook van aanstoot aan party van die vooruitstrewende bejwerers vir Afrikaans verneem.

Ook nie net deur die Nederlandse taal te gebruik en in hulle Kolomme toe te laat nie, maar deur op alrehande maniere die stamverwantskap tussen Suid-Afrika en Holland te laat voel en saamewerking te bevorder, het hulle die sienswyse probeer uitwerk. So het hulle bv. die stree van die „Maatskappij voor Goede en Goedkope Lectuur“ voor die aandag van die leers gebring en die boeke aanbeveel: die beste wat die wêreldliteratuur oplewer word in die biblioteek gegee: die beste het ons in Suid-Afrika nodig, en wel in ons eie taal, hetsy Hollands of Afrikaans. Die Hollandse tydskrif „Dietse Stemmen“, wat ywer vir die Dietse of Grootnederlandse, dew. vir die Hollandse,

Vlaamse en Afrikaanse taal- en stambelange, het hulle ~~aan~~ by hulle lesers aanbeveel. Verder was die nouer aansluiting beoog deur artikels uit die pen van Afrikaanse studente in Holland, soos byv. die sketse van E.C. Pienaar oor die Amsterdamse samelewing; 'n beskouing van Dingaansdag in Holland; 'n stuk oor Rembrandt as groot Nederlandse skilder; die aankondiging van die besoeke aan ons gebring deur Prof. Pont, Prof. Lauwers, Hullebroeck en Casimir; 'n uiteensetting in een van die inleidingsartikels in 1920 van Mrs. van Es se skema om Afrikaners en Vlaminge in staat te stel om in Holland te gaan Studeer deur middel van beurse, met die oog op die verbreiding van kennis omtrent Hollandse wetenskap en beskawing onder Britse stamverwante, sodat die Britse Stambevestiging kan versterk en die Britse kultuureenheid kan bevorder word; en 'n maand later die verwesenliking van die skema, net daarby 'n vyge passasie aan studente na Holland. Onder Jaal- en Stamneus was gedurig stukkie oor byv. die Vlaamse Beweging en hulle moeilike Strjd teen Franse oorheersing; oor Hollandse of Vlaamse feste, oor hulle nasionale klededrag; oor hulle groot manne.

Mettertyd, egter, het Nederlands en Nederlandse belange 'n al kleiner onderdeel ^{van die inhoud van Die Huisgenoot} begin te vorm; na 'n paar jaargange verskyn daar alleen af en toe, by wyse van uitsondering feitlik, Nederlandse artikels, en die nuus uit Vlaandere en Nederland word meer algemeen. Die geleidelike verandering is heel natuurlik: die voorstaan van Nederlands en bevordering van stamteenheid was maar net 'n middel tot die bevordering van 'n Afrikaanse volksgevoel en 'n Afrikaanse taal. In die eerste fase van Die Huisgenoot toe die Strjd nog baie ongelyk was, was die middel van groot belang, nie alleen ons, soos reeds opgemerk, die Afrikaners wat in hulle konservatisme aan Nederlands gheg was oor te win in Afrikaans nie, maar seker ook om aan alle Afrikaners die besef van 'n sterk, hoogstaande kultuur as agtergrond en bron van krag vir hulle eie nuwe, ontwikkelende volksbewussyn te gee. Dit was te meer nodig daar die Strjd teen s'n wêreldkultuur soos die Engelse

aangebruid was. Namate selfstione verky was deur voortgang van Afrikaans op alle gebiede het dit dan minder noodsaaklik geword om op die Ditsse Stamenheid neer te kom, en het die aangroeiende belange van Afrikaans self so te se alle aandag in beslag geneem.

Die gebruik van Nederlands in die Huisgenoot geting o.i. van goeie insig in die behoeftes van die tyd en versiene voorsorg om die oorwinning van Afrikaans op 'n regte fondament te laat rus. 'n Belangrike middel wat in die gewone gang van sake nogal maklik oor die hoof son kon gesien geword het; of wat in 'n onverstandige ywer in die ontwikkeling van Afrikaans as onwenslik ~~vermoed~~ ^{son} kon vermoed geword het, is hier op propenswaardige wyse aangewend tot die verstryking van die algemene doel wat die blad beoog het.

Nouer verwant aan Afrikaners, egter, dan Hollanders en Vlaminge is hulle stamgenote, ^{wat} deur die Boereoorlog en deur trekking in ander wêrelddele te lande gekom het. Met die mids-Afrikaners het Die Huisgenoot in sover rekening gehou dat daar van tyd artikels verskyn het, of stukke onder Jaal- en Stammeus, wat inligting verskaf en die band van volksentheid stewiger probeer beg^{het}. Sulke stukke is oa. die oor die Afrikaners in Argentinië; die in Angola; die later voortrekke (1892) van Suid-Rhodesië; die Afrikaners in Brits-Oos-Afrika, hulle toestande en vooruitgite; en, interessantste en bes beskreef van almal, die stuk van A.A. Pinaar oor die boere in Brits-Oos, die landsomstandighede, met natuurskoon, klimaat, samelewing, taal - 'n baie lewendige, helder voorstelling van die lewe daar. Daar dit hier baie meer 'n broederband gegeld het as in die geval van die Ditsse Stamenheid, en daar daar in baie kringe in Suid-Afrika se 'n volstaer onkunde ghees^{het} omtrent die maatskaplike toestande van die volksgenote, moes Die Huisgenoot meer gedoen het vir die saak, veral later toe die inhoud van die blad meer op Afrikaanse as op algemeen Ditsse Stambelange geging was.

Afgesien van die poging om 'n gevoel van eenheid te kweek tussen Afrikaners en Nederlanders aan die een kant, en Afrikaners en

mede-Afrikanners aan die ander, met die oog op die ontwikkeling van 'n suiwer volksgewoel, het Die Huisgenoot hom toegeli, soos in sy doelstelling uiteengeset, op meer spesifieke rigtings volgens die behoeftes waarin voorsien moes word. In hoever sukses behaal is in elkeen afsonderlik moet blyk uit die inhoud van die blad ~~waarin beoordeel~~ ^{wat} in die volgende bladsye ~~opgevoerd~~ ^{beoordeel} word.

§ 1. Bevordering van die Afrikaanse Taal.

(a). Spelling: Dit kan eerslik gesê word dat Die Huisgenoot by uitatlek die orgaan was wat 'n eenvormige skryfwyse in Afrikaans ~~versagtelik~~ ^{in werklikheid gemaak} het. In die eerste plek het die redakteursgesorg dat die spelreëls deur die Akademie versagtelik in hulle kolomme konsekwent toegepas word, soms selfs teen hulle persoonlike gewoel in, soos bv. waar hulle in Januarie 1917 al die vorm "jou" te "jouer" verkies het, en tog laasgewoende aanbeveel het omdat hulle dit die beste ag op 'n tydskrif wanneer ons nog in die erkenning van ons taal stry, om almal saam te help in die vasstelling van 'n eenvormige skryfwyse oor die hele land.

Verder het die resensente in hulle boekbeoordelinge altyd die spelling ook gekritiseer. So belangrik ~~is~~ die kwessie geag dat die redakteurs 'n paar keer hulle inleidingartikels daaraan afgestaan het, soos bv. in waart, 1917, onder "Selfstudie en Kritiek", waarin onder andere gesê word: "Selfs sulke kleinigheidjies soos taal en spelling en punktuasie mag nie veronagsaam word nie, want 'n stuk wat met angliisismes wemel, of wat nie rekening hou met die reëls wat gewoonlik erken word by die spelling en die gebruik van die heestekens, is hinderlik en dus in stryd met die allereerste vereistes van die kuns, nl. orde en reetmaat". Goëie Afrikaans kom nie vanself nie - soos so baie mense altyd gemen het - maar alleen as gevolg van ernstige studie en eerlike selfkritiek. Herhaalde male word by kontribuanten daarop aangedring dat hulle die erkende spelling moet besig. Die redakteurs het ook nog binne die eerste jaar bleef dat die onsekerheid op die gebied van spelling nie deur artikels en inligting sonder meer kon beveg word nie, en het om hierdie rede 'n rubriek vir Kalwaa

en Antwoorde in hulle blad ingesien. Die kalle brewe wat ingekom het het bewys dat dit in uitkoms was vir 'n menigte onderwerpers en ander wat Afrikaans korrek wou skrywe.

Waar daar soms netelike kwessies opgekom het in die verband het die Huisgenoot sy kolomme oopgestel vir volledige bespreking van alle kante; toe die menas nog nie ooreen kom kon oor die voornem, ek, na, naer; als, as; ook, ok; ja, u, gy, kon hulle in vier nommers hulle opinies lug, en al het hulle toe nog nie tot 'n beslissing * gekom nie was dit tog goed dat hulle die bespreking gehad het.

Waar nodig het die redakteurs altyd so kalm en wetenskaplik moontlik die fonteinse argumente weerle. Die treffendste voorbeeld van ^{hulle} ~~die~~ geduld en wetenskaplike beleid ~~in die redaksie~~ is seker in die weerlegging van die heftige, soms werklik kinderagtige, bewering van die heer Melius de Villiers omtrent die platheid en twyfelagtige herkoms van Afrikaans. Natuurlik was daar hier meer dan 'n gewone persoonlike opinie op die spel: 'n man in 'n hoe posisie en so algemeen geëer soos ^{hier} ~~hier~~ de Villiers kon ontsoaglik veel afbreuk doen deur sy opinie, veral daar hy welleg argumente geopper het wat deur baie Afrikaners ook gevoel ~~is~~ as geldig. Die weerlegging punt vir punt met oortuigende bewyse uit die taalwetenskap het sekerlik baie lesers tot 'n verstandiger insig gebring, al het dit blykbaar by die heer de Villiers nie veel ingang gevind nie.

In November 1919 voor die akademiese spelreëls aan wysering onderwerp sou word, nooi die redakteur opinies en aanbevelings uit - in uitstekende manier van doen, want so kon gehelp word om die idee dat die Akademie 'n tiranniese liggaam is wat sy sienswyse op alle andere wil afdwing uit die weg te ruim.

Die gevolg was 'n stroom van briewe, wat geplaas was met 'n saaklike, wetenskaplike weerlegging van die kant van die redaksie op onwenslike of onsinnige voorstelle, sonder egter enige poging tot outokratiese oorheersing.

In die hof tydperk van spellinghervorming ag die redakteurs dit die moeite werd om 'n hoofartikel te wys aante die soort hervorming soos dit in ander lande voorgekom het, en die hele

geskiedenis van die kwessie in Suid-Afrika tot by die jongste akademiesitting. Die nuwe wysiginge word dadelik in Die Huisgenoot toegepas, en so gou moontlik word hulle breedvoerig gepubliseer. Op die manier het die blad weer uitstekende werke gedoen om alle onkunde uit die weg te ruim en die Skryftaal in vaste vorm te gee. Dat daar twispuntjies oorgebly het spreek vanself, ~~maar~~ ^{maar} Von Wielligh protesteer teen „sonaar“ i.p.v. „Sommer“, waar hy is tegelykertyd dadelik gered om die voordeel van son liggaam oor die Akademie te erken. Daar was selfs puntjies waarop die redaksie van Die Huisgenoot nie kon saamstem nie, en waarvan hy ^{vir} homself die reg behou het om af te wyk, waar hy volgens eie insig grondige redes kon aanvoer, wat hy hom ook bereid verklaar het om mee te deel op aanvraag.

Die nuwe wysiginge van die Speleels in Januarie 1920 het oa. die Spellingproties van die Woorde uitgelok, nl. in die vorm van 'n memorandum van 'n klompie jernaliste in Transvaal met 'n hele hoop besware teen die Akademie se beslissinge. Prof. Smith het die taak op hom geneem om in die kolomne van Die Huisgenoot daarop te antwoord, as lid van die Spellingkommissie die standpunt in verband met elke beswaar te verdedig, en te pleit vir saamwerking tussen ^{die} Noordelike en Suidelike provinsies, daar tweedrag so 'n belangrike voorvegt vir Afrikaans as die Akademie in dis-krediet son bring by die volk.

Dat daar egter in Mei, 1923, nog 'n smelende brief in Die Huisgenoot verskyn oor die inkonsekwensies en donkfonte van die Woordelys, verbaas 'n mens 'n bietjie. Die redakteur antwoord droogweg dat hy self die vorme wat duidelike donkfonte is verwerp, en herinner verder aan die tallo inkonsekwensies reeds deur ~~Die~~ die Akademie uit die weg geruim. In dieselfde nommer verskyn die informasie dat die Akademie 'n kommissie aangestel het om aanbevelinge te maak insake die vasstelling van terme en uitdrukkings wat by natuurwetenskaplike onderwyse deur Afrikaanse mediums kan gebruik word, en vir die Spelling daarvan.

Die hele spellingkwessie is so lastig daar dit een is waarin finaliteit seker nooit bereik sal word nie: in die agste jaargang, Julie 1923, ~~word~~ word nog steeds moeilikhede geopper, en word veral van verskeie kante voorgestel dat ons Afrikaans nou maar heeltemal foneties moet begin skrywe, bv. net f of v ip.v. albei; net y of ei ip.v. albei, ens. Die redakteur beting sy simpatie met 'n standpunt maar men dat dit 'n saak is wat deur die volksmaak opgelos moet word: tot die ideale staat bereik word kan alleen oortuigingswerk in die rigting gedoen word; skielike verandering sou heeltemal onprakties wees.

'n Mens staan verbaas by die enorme teenstelling tussen toestande op die gebied van spelling (~~van talle bestaans tye~~) by die begin en by die end van die tyd van bestaan van Die Huisgenoot as maandblad; en dat die blad self 'n reusendeel in die bewerking van die vooruitgang gehad het, val nie te betwyfel nie. Dit die aard van die saak moet 'n hoogstaande tydskrif rekening hou met die skryfwyse wat lang wetenskaplike weg as die beste voorgestel word, en sy toepassing daarvan help vanself mee in die bewording van eenvormigheid. Maar Die Huisgenoot het baie meer gedoen deur ook direk in te gryp in die stryd deur middel van die resensies van boeke, die verskaffing van inligting, en veral deur tussente onder bespreking te bringe waar nodig self die leidende aandeel te neem. Daarvoor het die blad die voordeel gehad van 'n wetenskaplike taalgeleerde as redakteur, een van die weinige manne in die land wat hier met gloag kon optree. Die bekwame, takvolle wyse waarop hy hom van die taak gekuyt het, is reeds opgemerk. Sonder twyfel is die taak op die gebied vir die volk en taal vering een van die grootste prestasies van Die Huisgenoot, en een waarvan die werklike waarde miskien eers deur 'n later geslag in die korrekte perspektief sal kan beskou word met sy diep-grypende invloed op die hele geskiedenis van die ontwikkeling van Afrikaans.

(c). Woordeskat en Taaleie: Aan 'n taalkwessie is daar egter met sye as net die spellingmoeilikhede, en veral by ons was dit

die geval: die teenwoordigheid en algemene gebruik van Engels wat al in 'n groot mate in hoër status as kultuurtaal in ons land dan Nederlands of Afrikaans verower het, het na jare ons woordeskat en taaleie sterk met ontlenings en anglicismes begin kleur. In die taalstryd was dit noodsaaklik om 'n ^{bedreigende} standpunt in te neem teenoor sulke invloede, en dit het Die Huisgenoot ook van die begin af gedoen. In die beoordeling van die derde druk van „Johannes van Wyk" word die skrywer oor die koele gemaal oor sy menigkundig anglicismes, en die eg Afrikaanse uitdrukkinge word geger. Veral in die geval van sy populêre leesboek was sulke teregrywings nodig en waardewol. Die rubriek „Taakvrae en Antwoorde" het ook ^{by} kwessies in die verband nuttige inligting verskaf; en in gevalle van algemene misbruike of verbetering aangedring, bv. in die geval van die Afrikaanse aanspreekvoorme wat nog altyd moet sithly vir die Engelse „Mr.", „Mrs.", en „Miss".

Op 'n groter skaal word die vraagstuk van taalsuiverheid uitgewerk deur artikels soos die van ^{dr.} Schonken oor Purisme in die nommers van Julie en Augustus, 1918. Hy gee in die loop van sy bespreking lysie Anglisismes aan, en, hoewel hy soms te ver gaan en bv. onhandige plaasvervangers soos „verhandige stuk" vir „duet" aangee, moes sy stukk groot praktiese waarde gehad het; self die persoon wat wou suiwer Afrikaans praat het dikwels nie geweet watter uitdrukkinge ongewas, ~~is~~ en watter moes gebruik word nie. Vandag nog is daar behoefte aan leiding hierin, dus soveel te meer in 1918. Ook die algemene Standpunt van ~~dr.~~ dr. Schonken: voorkeur aan alle eie woorde, en aan alle ^{ander} vrendes te Engelse, was destyds meer noodsaaklik vir die selfbehoud van ons taal as vandag.

Die feit dat Afrikaans in 1918 oral in die skole kon dien as medium van onderwys het die behoefte aan Afrikaanse terminologie baie dringend gemaak. Die Huisgenoot moes dan ook kennis neem van die publikasie van enige werke wat daarin wou voorsiening maak, soos bv. die boekie van ~~Dr.~~ Dr. D. J. du Toit Malherbe oor Afrikaanse Skeikunde - tome. Die nodige verbetering ~~is~~ voorgestel

en die belangrikheid van die werke sterk voor die aandag gebring. Verder ~~is~~ 'n artikel van 'n skooljuffrou met Afrikaanse terme vir liggaams oefening in skool gepubliseer: geen ouerbeterlike tipe nie, maar wat tog in 'n behoefte voorsien het en kritiek en aanvulling kon uitlok waar dit in 'n tydskrif verskyn.

Die aanwraag na Afrikaanse sportterme ontlok in Oktober 1920 'n artikel oor taalpurisme van die redakteur; hy wys veral daarop dat die argument dat so 'n wêreldtaal soos Engels allebehalwe suiwer is glad nie geldig bly vir ons taal onder ons omstandighede nie; verder kom hy neer op die voordele van deursigtigheid van 'n taal vol afleidinge van sie woorde bo een wat wemel van vreemde ontleenings. Daarna gee hy 'n paar algemene reëls aan vir die opstel van sportterme, vra die saamwerking van al die lesers en beloop van tyd tot tyd die verskyning van sulke lysie.

Die aanwraag het natuurlik aangevuld geword, in 'n tydperk van nasionale ontwaking, op die gebiede by uitstek waarop ons 'n uitersluitlik Engelse opvoeding gehad het en totnogtoe nie beseef het dat ons noodsaaklik Afrikaanse ekwivalente moes ky nie. Die lysie voetbal-, hokkie- en tennisterme wat van tyd tot tyd verskyn het was ook altyd proewe om kritiek, verbeetering en aanvulling uit te lok; so dadelik kom 'n mens tog nie terme fabriseer wat ~~is~~ heiltemal son bevredig nie, en tyd was daar ook nie om die spontane ontwikkeling af te wag nie - die ingeslate weg was dus die doeltreffendste.

Van Januarie 1921 tot Julie 1922 verskyn in maandelikse bydraes van die hand van ~~van~~^{mr.} Von Wielligh die verhandeling: "Ons Geselstaal, of 'n Oorsig van Afrikaans soos dit oor ons hele land gepraat word." Die werke self is te groot om hier beoordeel te word, maar dat dit waarde het vir taalvorsers en taalliefhebbers by geen twyfel nie, daar dit kennis op noukeurige waarneming wat oor baie jare gestek het, en betrekking het op alle dele van ons land.

Die mate van suiwerheid van taal het sekerlik toegeneem in die jare van die Huisgenoot. Vir 'n groot deel verantwoordelik vir die vooruitgang was die opbruising van nasionale gevoel wat ook op die gebied van taal absolute voorkeur aan die vaderlandse gegee het;

maar om los te kom van die uitheemse woord was dit nodig om die ~~en~~ inheemse plaasvervanger ses te kry en te gebruik en aan die hele volk te verkondig. Die voorsiening moes Die Huisgenoot maak, en, soos reeds aangetoon is, het die blad veel daaraan gedoen. Maar die skreiende behoefte in aanmerking geneem, en die uitstekerende geleentheid toe mensse van alle kante reikhalzend uitgesien het na leiding, kan met reg gesê word dat die voorsiening nie voldoende was nie. Die pogings was o.i. nie intensief en aanhoudend genoeg nie: die lysie Afrikaanse terme, bv., was beperk tot die gebied van sport, en was nooit later in hersiening geneem ~~nie~~ soos nodig gemaak ~~is~~ deur ontwikkelinge nie. Gaandeweg ~~tot~~ ⁱⁿ ~~in~~ die verskillende afdelings veler hulp aangebied, soos in die geval van die modes en van blomname, maar lysie wat direk betrekking daarop het en wat taamlik volledig is sou baie meer doeltreffend ~~gryp~~ gewees het. Trouens, die feit dat die behoefte vandag nog so sterk is, bv. op die gebied van name vir soorte klededrag, soorte kledingstowwe en soorte kleure, dat dit as die groot rede aangewor word waarom besigheidstransaksies nog in Engels in so baie gevalle plaasvind, wys op 'n gebrek in die werksaamhede van die verlede. Di gebrek word te meer gewoel daar Die Huisgenoot op die gebied, ewas op die van spelling, die enigste leidende orgaan was en die eise dus so besonder hoog ^{die nood so} en ^{dringend} was.

(c). Toepassing van Taalregte: Behalwe ~~in~~ die meer spesiaal taalkundige ~~Bel~~ kwessies van spelling en woordeskate, moes tegelykertyd die belangrike sosiale vraagstuk van die erkenning van Afrikaans as landstaal in Suid-Afrika behandel word - nie offisiële erkenning altes nie, maar veral ook die toepassing van die regte in die daaglikse lewe, deur Afrikaner self sowel as Brit.

In die inleidingsartikel van Maart, 1919, word gewys op die dieper belang van 'n eie taal, wat 'n punt van ooreenkoms uitmaak tussen die verskillende politieke partye, d.w.s. tussen die Afrikaanssprekende lede daarvan: „Die vringste Suid-Afrikaanse-Partymans en die gesdigdigste Nasionalis staan op taalgebied op dieselfde platform: die taal is daar, soos ~~dit~~ ^{dit} O'Kellie se, so 'n dooringdraadheining rondom

hulle, ons hulle van die res van die mensdom af te kampf." Ons as 'n selfstandige, dinkende volk in die wêreld op te tree moet almal saamstaan ons hulle taal te bevorder en te beoefen, en dit niereus in die maatskappy 'n minderwaardige posisie te laat inneem nie. In die gesamentlike streef sal die kleinste, verbygaande verskille tjies verlore gaan - "en ons sal een volk soos nooit tevore nie."

Sedra Afrikaans 'n nuwe erkenning kry word die feit in Die Huisgenoot toegejuig, soos b.v. toe die Onderwysordonnansie in 1919 Afrikaans toelaat as vak of medium in enige skool in enige standaard, naas Hollands.

Waar daar dan gebiede is waarop Afrikaners hulle plig teenoor hulle taal versake, word dit nie oogluikend verbygesien nie; b.v. in Oktober 1919 word die inleidingpartikel gewy aan die skandale versmading van Afrikaans by die opstel van die Regeringablonboeke. Hulle verskyn nog altyd eers in Engels, en daarnaas in 'n gebrekkige vertaling in Nederlands - rede genoeg in die outsiglike veel groter omloop van die Engelse uitgawes. Die Afrikaners in swiele diens word op hulle plig gewy - self die Ondersekretaris van Onderwys het die vermaning nodig!

Nog so laat soos Oktober 1921 vind die redaksie dit nodig ons opmerkzaam te maak op die toestand insake handhawing van ons taalregte op die Spoorweg; hy pleit vir 'n sterk organisasie, bente die A.S.B. en die Werda om, ons te veg in die saak. Daar is gevaar in verslapping nou 'n bietjie grond gewens is op party terreine: "Ons vergeet dat baie van die sogenaande erkenningsmaatreëls ten gunste van ons taal maar slaapdrankies is om ons aan slaap te wys" - wat deur baie seker nooit so bekomen geword is nie.

In dieselfde jaar word die stigting van 'n A.T.V. tak in Port Elizabeth om die gebruik van suiwer Afrikaans as skryf- en spreektaal te bevorder, met groot vreugde begroet: 'n gebeurtenis van belang word dit genoem, in 'n plek van soveel strategiese belang in ons taal.

dat ding eger nog lank nie na wens gekind nie was in 1922 nog weer beuyp o.a. deur die uitvaardiging van 'n publieke kennisgewing in Johannesburg deur sekere Tuter, Kommissaris van Suid-Afrikaanse polisie, in 'n afskuwelik gevadbreakte taal.

En tog dit klink dit soos 'n skone triumfied waar die redakteur in Julie 1923 kan se: „Liggane of persone wat vandag nog gekant is teen Afrikaans, word as interessante verteenwoordigers van 'n vroeie toestand beskou; en niemand van ons sal dit vandag eintlik mer die moeite werd ag om sulke persone of liggane te bestry nie.”

Op die tydstep kom die vraag dan op: wat gaan nou in die toekomst die verhouding van Afrikaners teenoor Nederlands wees? Is Nederlands in ons land uitgedien, of gaan dit nog iets in die toekomst beteken? En die antwoord is 'n verstandige: Nederlands hoort wel deeglik 'n toekomst in die hoër klasse van ons middelbare skole en op ons Universiteite te hê - veral die 17^e euse vorms as ouer vorms van Afrikaans, en hedendaagse Nederlands as vreemde taal naas Duits, Frans, ens.

Waar dit die erkenning van taalregte en die toepassing daarna gegeld het, was van Die Huisgenoot verwag dat hy as Kultuurblad die publieke opinie moes opvoed om in te sien watter dinge hulle as hulle regte kon en moes eis, en veral dat hy die oë van die mense sou oopmaak in die verpligtinge wat elke nuwe erkenning op hulle gelê het. Deur bogruoemde inleidingspartiekels, deur wantoestande te openbaar en deur enige sigbare vooruitgang aan te kondig, het die blad sekerlik tot op sekere hoogte sy plig gedoen, hoewel ons nie wil te kenne gee dat niks meer kon gedoen geword het ~~en~~ of dat die beste weg altyd ingeslaan was nie. ~~Die feit dat ons vandag nog so ver is van die taalkunde of is dat ons nie anders kan iets van 'n skool wêre op oor die taal.~~
~~Die Huisgenoot nie~~

(d). Afrikaans op Skool: Tot sover is nagegaan wat Die Huisgenoot gedoen het in die bevordering van Afrikaans, ^{in die} volke as bestaande uit volwassenes wat in daardie fase tot die besef begin

kom het dat hulle 'n eie taal het om te skryf, en dat daar in verband met die taal moeilikhede voorkom vir die oplossing waarvan hulle deskundige leiding nodig het.

Die gedulte van die taak was eger, hoewel die dringendste op die oomblik, nie die belangrikste vir die toekoms nie: aan die opgroeiende geslag moes dadelik alle voordele van moedertaal - onderrig op skool verskaf word. Elders (bl. 23) word melding gemaak van die traagheid waarmee intoeëring gegre was aan die wetgewing van 1914 wat moedertaal-medium by aanvanklike onderrig vasgestel het. In 1916 steur die Afrikaanse Jaalgenootskap, Transvaal, 'n deputasie ontrent die invoer van Afrikaans op skool na die Administrateur, en dit word 'n waarskynlikheid dat in 1917 daarmee begin sal word. So 'n bes. handelinge word ~~aan~~ deur Die Huisgenoot aanbeveel as 'n kragtige stoot voertoe vir die Taalbeweging.

Die noodsaaklikheid van tegelykertyd ook te begin onderrig in Afrikaans oplei vir die tyd wanneer die Onderwysdepartement en die Universiteite die vak sal erken, het Die Huisgenoot ingesien en voor die aandag gebring. 'n Korrespondent bevel die instelling van eksamens in Afrikaans aan vir onderrig wat geen kans vir opleiding het nie. Besonderhede ontrent die eksamens, toe al reeds deur die Natala Saamwerk. Unie uitgeskryf, word gepubliseer.

Verder word die publiek op hoogte van ontwikkelinge gehou, b.v. van die gebruik van Afrikaans as medium by die O. eksamens vir die eerste keer; van die besluit van die Vrystaatse Raad van eksaminatore dat kandidate in professionele onderrigseksamens van die Vrystaat Afrikaans as medium by enige vak mag gebruik.

Byna dadelik word daar ook 'n begin gemaak met teksboeke in Afrikaans. Aan die end van 1917 verskyn „Die Eerste Afrikaanse A.B.C.boek vir die Kleintjies“. Maar dat die woorde nie enige gebroen son regverdig nie bring die kritiek in Die Huisgenoot oor genoemde boekie: druk is goed, prentjies mooi, spelling byna heeltmaal korrek - maar die inhoud! mag die tweede A.B.C.boek dit sowel as die ander deugde besit. Ook die bloemlesings van Anderson, en later van Heekstra en

Uitloopen word aan reensies onderwerp.

In die middel van 1918 word vestel lid die studente van die Universiteit van Kaapstad aanvaag gedoen het om 'n leerstoel in Afrikaans en Afrikaans as voertaal by ander vakke; teen die end van die jaar kan die blye tyding die land ingestuur word dat daar reeds twee leerstoel in Afrikaans in die Universiteite ingestel is - een te Bloemfontein, die ander te Stellenbosch. Geen wonder dat die lastergeskrif van die Engelse korante nou as die „harlekynagtige stuiptrekkings van een of ander oorblyfsel uit die steenperiode“ bestempel word nie - so ver voel die Afrikaners hulle gevorder in die stryd om die moedertaal erken te kry.

Waar dit egter toepassing van die rege in die praktijk gegeld het, was die gebreke nog so groot dat die professore aan die Universiteite nou gera word om tog handleidings op te stel wat kan dien as gids by die onderwyf.

Uit wat bo aangehaal is volg nie dat Die Huisgenoot alle eerste pogings ontmoedig het nie; waar Hoo. Blok se Vegkopressies vroeg die volgende jaar verskyn, word wel gewys op die gebrek aan ware poësie, maar verdienstelikheid, oa. van die illustrasies, word na reg waardeur.

In die geval van rekenboekies in Afrikaans word gewys op die feit dat hulle onbewerdigende vertalings uit die Engels is, maar daar hulle voorsien in 'n sterkgewoelde behoefte word hulle gebruik nie onvoorwaardelik afgekeur nie; alleen word waarskuwings gegee en verbetering en aanvulling aangebring. Die kaarte wat soveel beter afgewerk is word stellig aanbeveel vir gebruik op skool.

As die ordonansie van Mei, 1919, deur die Kaapse Provinsiale Raad ^{uitgevaardig} ~~aan~~ word dat Afrikaans en as vak en as medium deur die hele skool mag gebruik word, voel die Afrikaners dit as 'n groot oorwinning, en Die Huisgenoot sorg dat sulke dinge in verband met die taalbeweging gebring word.

Hoe nodig dit was om 'n wakende oog te hou oor wat nou so maklik op die mark gekom het, blyk in die geval van 'n Skiekunde-boek vir Junior Sertifikaat deur 'n onderwyf uitgegee.

in "Die Unie" wat tog deur die meeste onderwyers gelees word, kry die boek 'n aanbeveling, terwyl die resensent van Die Huisgenoot - 'n deskundige - die inhoud as so hopeloos foutief beskou, die styl nog daargelaat, dat hy hom genoep voel om te waarsku teen die idee dat singen nou maar enige teksboek kan skrywe.

Aan die ander kant word Dr. Bussij's leesboek vir Suid-Afrika aanbeveel wat betref inhoud sowel as interlik, en "Die Afrikaanse Kind" van Ales beskou as die "beste tot nog toe". Van die Oordryfskunde-boekies word die verdienstelikeheid aangetoon - maar hulle is maar vertalings.

'n Interessante rensie is die van ^{Dr.} Stegmann oor Groeneweg se Blakke meetkunde, waarin hy dadelik te velde trek teen die stereotiepe, selfnodende metode in die verlede in die onderwys van die wetenskap gevolg, en wys op die skone kans om in Afrikaans van die staanspoor af anders, meer opvoedkundig te werk te gaan. Baar is bittendies nog baie foute en ~~te~~ inkonsekwensies waarop hy neerkom, maar hy pryp tog ook die inleiding tot 'n skere hoofstuk. Wat die belang en praktiese waarde van die rensie verhoog, is die bewys in briedjie later deur ^{Dr.} Stegmann ~~op~~ dat hy nie ^{alteen} aan teorie as sulks ~~alteen~~ heg nie - nl. deur middel van sy eie boek oor Trigonometri, wat beoordeel word as gegrond op gloude pedagogiese beginsels.

So kan 'n mens die draad van die ontwikkeling van die Afrikaanse medium op skole volg in die jaargange van Die Huisgenoot. Een sy van sy taak was ongetwyfeld om die publiek op hoogte te hou van wat in die onderwyswêreld plaasvind, en dit het hy goed nagekom. Die ander sy was om kragdadig mee te help in die ~~voorsiening~~ voorsiening in die behoefte aan leer-middele: deels het die blad dit uitstekend gedoen, nl. deur 'n deeglike, meer wetenskaplike kennis outoent die taal self te bevorder; maar in die ander deel, nl. die ^{aanmoediging tot} verskaffing van teksboeke, was die medewerking van Die Huisgenoot nie na wens nie. Wel is resensies

en some opbouwende kritiek gegee, maar so min is gedoen aan die skep van 'n atmosfeer vir die ontvang van wat geleer was, en so min aanmoediging is gegee deur middel van ~~aanmoediging~~ ^{aanmoediging} wat nodig sou wees. In die geval van die Aardrykskunde-boekies, b.v. is daar verreweg nie dringend genoeg gewys op die onwenslikheid van vertalings nie; daar is nie pogings aangewend om die oë oop te maak vir die kansse om oorspronklike werke te lewer nie, veral op 'n in 'n vak wat handel oor ons eie land, sy ligging, klimaat, ontwikkelingsmoontlikhede, ens. — Originele werke hier kon so baie doen om die leweloze vak van die Engelse teksboeke om te werk in 'n boeiend-interessante wetenskap.

Ook op ander gebiede kon op die manier aangespoor geword het tot die voortbring van verdienstelike teksboeke; dan het ons miskien, nie sekerlik, vandag meer doeltreffende Afrikaanse handleidings tot ons beskikking gehad vir onderwys op skool.

(c). Afrikaans in die Kerke: Een van die eerste stukkie nuus wat onder die rubriek „Taalnuis en Opmerkings“ voorkom, is die mededeling dat die Vrystaatse Sinode besluit het om Afrikaans op die preekstoel te erken — onmiddellik gevolg deur 'n waarskuwing: „Laat ons nooit vergeet nie, dat elke reg met sig ook 'n plig bring. Hoe meer erkenning ons taal kry hoe meer moet daar gewerk word om aan die wêreld te toon dat die erkenning regvaerdig was.“

Die volgende maand volg die Sinode van Transvaal die goeie voorbeeld en kort daarna ook die van die Kaapprovinsie, na die besadigde, oortuigende pleidooi vir Afrikaans deur B.B. Kest geleer as mondstuk van die Kommissie wat benuem was om ondersoek in te stel.

Die stuk word in sy geheel in Die Huisgenoot weergegee, die enigste poging wat ooit aangewend was om publieke opinie voor te lig in die saak. Aan die een kant was dit 'n delikate kwessie, wat vanself sou opgelos word deur die jare, namate Afrikaans meer en meer die harte van die ouer skare van die bevolking

erower; aan die ander kant was dit deur so baie beskou as 'n dringende behoefte dat Die Huisgenoot hom miskien te stil gehou het oor die vraagstuk. Dieselfde geld toe in 1922 die natuurlike behoefte aan kerkgesange in Afrikaans ontstaan: wel word Langenhoven se standpunt weergegee soos uiteengesit in "Aan Stille Waters", nl. dat by die geleidelike invoer van sulke Afrikaanse godadienstige liederes as spontaan opkoms, voortaan, omdat vir hom die assosiasies verbind aan die Nederlandse psalms en gesange te sterk is dan dat by die verafrikaansing daarvan kan welkom heet. Verder word Blus se omsetting van Ps. 148 in Afrikaans gepubliseer, maar dis ook al.

Die Huisgenoot dien op die gebied feitlik net as middel om die publiek op hoogte te hou van wat plaasvind, maar wend geen poging aan om die vooroordeel uit die weg te ruim nie. By eerste oogopslag is 'n mens geneig om son ophoe af te keur op grond dat dit 'n volksbehoefte neger; maar 'n bietjie dieper insig toon o.i. aan dat so'n afkeuring nie heeltemal billik son wees nie. Om verskeie redes meen ons dat die handelwyse as verstandig te beskou is: soos reeds op gewys (bl. 24) was die stryd hier nie teen 'n oorheersende kultuur nie, maar wel teen 'n mate van konsevasionisme wat nie skadelik vir die volkslewe kon wees nie daar dit beperk was tot die verbygaande geslag; die saak was een wat ingegryp het in die diepste gemoedelewe van die mense, 'n gebied waarop meeste nie baie vatbaar vir oortuiging is nie, nog eerder in hulle vooroordeel gestek word deur inmenging van buite; en verder was daar alle tekens dat Afrikaans ook hier sy regmatige plek son inneem in die natuurlike loop van ontwikkeling sonder bemoeiing van elders, wat intendeel waarskynlik remmend son gewerk het. Die handelwyse van Die Huisgenoot in die verband getuig dus van tak en vooruitsigende oordeel aan die kant van die redakteurs: hulle het in die behoefte wat wel daar was, help voorsien deur feitlik daarvoor te swyg.

(f). Afrikaans in die Staat: Waar dit die erkenning van Afrikaans in die staatsdiens geld toe Die Huisgenoot 'n paar keer aktief op deur te wys op veronderde idees ontrent Afrikaans as taal. In Oktober, 1918, bv. word Afrikaans as offisiële landstaal verklaar behalwe

in die wette van die Parlement - daarvoor is die vorm van Afrikaans nog te onwas. Een sin argument word die opinie van prof. Dr. Bodenstein van Amsterdam aangehaal: hy smag na die dag wanneer ons hier ontstel sal wees van die onslagtigheid van Engels en Nederlands as wetstate; in sy kursus in Afrikaanse Studente gebruik hy reeds Afrikaans as vertaal en vind dit heeltemal doeltreffend, sodat hy hoop om versdaags 'n leerboek in Afrikaans uit te gee.

In jaar later kom daar protes op teen die erkenning van Afrikaans naas Nederlands in die grondwet, en wel van die kant van 'n regsgeleerde met soveel prestige in die land as die heer melius de Villiers. Hy trek die wettigheid van 'n erkenning in twyfel, daar hy meer te kan bewys dat die term Nederlands Afrikaans uitsluit. Die redakteur van Die Huisgenoot doen moeite om te bewys dat dit al die jare tot nou toe nooit die geval was in die regspraktijk nie, en 'n argument wat oenskynlik gevaarlik was word deur middel van die blad pragtig weerle.

Wat Die Huisgenoot in dit verband nie meer gedoen het nie is o. daaraan toe te skrywe dat daar nie veel meer geleentheid was nie; alleen insover die volk se rege in aanmerking gekom het moes die blad hom laat hoor en dit het hy gedoen soos hierbo in 'n paar gevalle aangelees.

* * *
 Uit die voorgaande afsonderlike beoordelings oor die werksaamhede van Die Huisgenoot in die verskillende rigtings in verband met die bevordering van Afrikaans blyk dat in party gevalle uitstekende werk gelewer is, terwyl in ander heelwat gebrekkiger poginge aangewend is. So is bv. in die vaststelling van 'n algemeen erkende skryfwyse ontzaglik veel gedoen, sodat binne 'n paar jaar die behoefte feitlik bevredig is, insover bevrediging op een of ander tydskrif moontlik is; vir 'n suiwer Afrikaanse woordeskat is wel gewer hoewel verreweg nie op 'n doeltreffende wyse as in die geval van spelling nie; om onderwys in alle vakke op skool deur middel van Afrikaans moontlik te maak is maar betreklik min gedoen; in die geval van die stryd om Afrikaans in die kerk ingevoer te kry het die blad hom wylk een kant gelon en alleen

baie algemeen kennis geneem van die ontwikkeling wat plaasvind, vir die erkenning van Afrikaans deur die Staat is nie aktief gegee nie, wat ook nie eintlik die funksie van die blad was nie behalwe insover publieke opinie in die verband moes opgevoed word.

In die oog van sommige kritiese het Die Huisgenoot dus seker te veel klem geleë op die bloot interlike vorm van die ~~skryf~~ skryf taal, ten nadele van die aanspooring om die taal self orals en vir alle doeleindes tot sy reg te laat kom; o.i. egter was die oormaat van aandag aan die een sy volkome geregtig deur die oogopende behoefte in die eerste jare van bestaan van die blad. Later, toe dié behoefte deur bevrediging heeltemal op die agtergrond getree het, kon meer aandag aan die ander rigtings gegee word het. Hoe dit ook al sy, deur van die begin af met alle mag te ywer vir in konsekwente Afrikaanse skryftaal het Die Huisgenoot sy groot aandeel aan die bevordering van die taal, ook op alle ander gebiede, gehad.

§ 2. Letterkundige Bydraes.

In 'n blad soos Die Huisgenoot moes die letterkundige bydraes 'n wesenlike plek inneem om verskillende redes. In die eerste plek moes hulle die blad aantreklik maak: die meeste intekenare op 'n algemeen kulturele blad word tog aangetrek deur die sketse en verhale en nie deur die ander artikels wat direk op die bespreking van belangrike vraagstukke of die verskaffing van nuttige informasie gemik is nie. En vind die blad eers op die manier ingang, dan ~~kan~~ ^{het} hy 'n baie beter kans om ook die ander dinge onder die aandag van die leers te bring. Dit is dus uiters belangrik om goeie interessante kontribusies van 'n letterkundige gehalte te lê, vir aantreklikheid alleens apart van die opbou van 'n kunsmaak in die verkry van kunstprodukte, waarop ons later terugkom.

Die selfde funksie van die teenoorgestelde kant beskou, d.w.s. van die kant van een van die behoeftes waarin 'n tydskrif moet voorsien, is om 'n gesonde leeslus by die volk aan te kweek. In die tyd van die oprigting van Die Huisgenoot, soos reeds gesien, was dit nodig om die lus vir lees by Afrikaners op te wek. In baie gevalle, weliswaar, was dit meer 'n kwessie van lus vir Afrikaanse leesstof opwek, daar

in hele aantal uitlander tydskrifte in onloop was en in seker kringe die goedkoop, sensasiewekkende Engelse romans gretig verteer ~~is~~; in sulke gevalle moes 'n. traïemaal verwronge smaak reggemaak word, en die uitheemse dinge vervang word deur beter Afrikaanse verhale.

Maar daar was ook ontzaglike baie mense by wie daar geheel en al geen liefde vir boeke was nie, eenvoudig omdat hulle van tekinsaf in vreemde tale moes lees, en dan nog beskrywinge en skilderinge van toestande en menseliewens wat vir hulle totaal vreemd was en geen werklike belang kon inboesem nie. In die gevalle ~~was~~ was daar 'n arbeidsveld vir 'n Afrikaanse tydskrif: dit was tog 'n redelike verwagting dat die mense wel graag sou lees as hulle dit in hulle eie taal kon doen en oor onderwerpe wat aan hulle bekend is. Reeds in September, 1916, maak die redaksie die volgende bewering: „Die Afrikaans is glad nie so lui om te lees, as vele mense ons dikwels wil wysmaak nie. Gee hom maar net iets wat sy honger kan still, en hy sal dit met graagte ontvang. Maar hy wil voedsel hê wat met 'n Afrikaanse maag sal akkondeer. Die ingevoerde kos is maar al te dikwels vir hom ongeskik; en dit het reeds die dood veroorsaak van meer as een siek, wat in sy grote honger nie al te keuring in sy keuse was nie.”

Onder die spesiale omstandighede in Suid-Afrika was goeie letterkundige bydraes verder belangrik as 'n middel om die taalstryd te help beëindig. 'n Gedurige geskryf oor die betekenis van 'n eie taal vir 'n volk, en 'n aankondende weerlegging van argumente teen Afrikaans, toe wetenskaplik en oortuigend ook, kon eers die hoogste mate van doeltreffendheid bereik wanneer dit aangevul word deur die praktiese toepassing van die verdedigde beginsels. Baie leersers wat nooit die moeite sou doen om die diskussies oor taalkwesties te volg nie, sou tog die verhale lees en op die manier kennis maak, al is dit onbewus, met die beginsels wat gehuldig word in die erkende skryfwyse van Afrikaans.

Deur middel van letterkundige bydraes van 'n hoë gehalte is dit moontlik om die volk as geheel in aanraking te bring met die letterkunde. Dit moes Die Huisgenoot baie noodsaaklik doen, want die Afrikaanse letterkunde was toe net in 'n ontlukende stadium, en daar was

min tydskrifte wat die taak kon verrig. Beide die kort verhaal en die groter roman kon verteenwoordig word, want hoewel 'n steekgeurige verskyning nie bevorderlik is vir hoe romankuns nie, dien vervolgstories tog dikwels om 'n aantal leesers, wat nie maklik daaraan dink om 'n Afrikaanse ^{roman} op te neem om te lees nie, in aanraking met die langer verhaal te bring.

Om aan al genoemde eise te kan voldoen sou Die Huisgenoot sy kolomme moes oopstel vir almal wat wou en kon skryf. Op die manier sou meer as een ontluikende skrywer voor die aandag kan tree - meer as een wat dan later ook op groter skaal sou meehelp aan die opbou van die letterkunde. Ander wat nooit groot dinge sou aanpak nie sou tog deur middel van 'n algemene ^{gelese} tydskrif hulle kleiner bydraes van ewe hoë gehalte en ewe groot belang as die ander kon lewer. Veral in die aanvangsperiode van die Afrikaanse letterkunde was aanmoediging en kritiek noodsaaklik: die aanmoediging wat die plasing van 'n stuk vir die skrywer ^{sou} beteken, die kritiek wat minderwaardige verhale sou terughou sodat die skrywer kan weet hy moet iets beters lewer as hy dit wil sien verskyn.

Al die eise wat genoem is geld vir poësie sowel as prosa in die kolomme van 'n tydskrif, hoewel vir prosa natuurlik op 'n groter skaal. Die gedigte moet nl. ook so gekies wees dat hulle bydra tot die aantreklikheid van die blad; hulle moet ook bewys lewer van die hoë peil waartoe die taal gehêf kan word; hulle moet ook help om die volk in aanraking met die kuns in letterkunde te bring - en hier is dit nog meer noodsaaklik as in die geval van prosa, want nog minder mense sal 'n digbundel deursoek as 'n roman -; en ook jong digters het 'n helpende hand nodig.

Om na te gaan in hoever Die Huisgenoot met sy letterkundige bydraes bereken was om aan die eise te voldoen, is geen kortek van elke stuk in alle besonderhede nodig nie - eerder 'n algemene indruk van die klomp tesame.

Die aantreklikheid van die blad word bewys deur die snelle uitbreiding van die getal intekenaars en die verspreiding ^{daarvan} in alle dele

van die wêreld waar Afrikaans gepraat word. Die oorsaak hiervoor was seker grotendeels die verhoë wat in sover tek bereken was om leeslus op te wek dat hulle in eenvoudige, natuurlike taal (Nederlands) was ook toegelaat en in 'n paar gevalle in die begin gebesig) gekry was, en in hoofsaak gespeel het in ons eie land, onder omstandighede aan elke Afrikaner bekend. Daar was bv. verhoë uit die Boeroorlog, soos Opoffering (E. M. Ferreira); Sy drie Nagte (Sadie Boma); Liefde en Lewe (J. R. L. van Bruggen); ook sy Die ou Bliktrommel; Die Jerngkoms (Dirk Mostert); Die Professor van die Veld (A. du Piel); ander wat speel by die myne, soos Die Niksnuts (Coetzee); 'n Wraak van die Lewe (Wilhelm); Boergestaan (B. J. Seymore); nog ander wat die Bosveld as agtergrond het: In die Bosveld (J.); Die Bosdiuwens (J. W.); Die Klip van Geluk (J. C. Vlok); die wat speel in die gewone huislike lewe op die boereplaas en op die dorp of in die stad: Die mens Wik (F. B. Antonisz); Een Woedlotting Schot (W. Plekker); Wat Geld kan doen (Findlay); Uit die Lug Geval (N. H. Theunissen); Twee Blommetyes; mijn Kerstfeest - Vakansie (W. Plekker); Jernglike by die Kruispad (P. v. d. Post); Wit Angeliere (C. L. Leipoldt); Onsigbare Hande (M. Linde); An Dempsie, in Die Kake (Dirk Mostert); Truitjie (P. Marchand); Die Vrouens Lees (in Skets, Mei, 1923); Haar man se Huis (Helen Blackmore); Reent na Droogte (P. Marchand); en 'n paar waarvan die inhoud oor min of meer vreemde temas gaan: Die Kleine Dona Luiza (A. Boshoff), oor 'n Portugese meisie; Jantjie Kalahari, 'n ou Boesman, deur dieselfde skrywer; Makoeke wa Mabele (L. Maré), van 'n ou hoofman van die Bawenda-Tam; Die Meestersingers van Neurenberg (Mev. A. van Graam); Die Wonderlike Klok (in 'n ou Europese legende opneem vertel deur C. L. Leipoldt).

Wat die onderwerpe betref was daar dus verskeidenheid genoeg om alle lesers te boei en hulle leeslus op te wek.

Op 'n ander plek (bl. 37.) is reeds opgemerk dat een van die belangrikste take deur die Huisgenoot verrig die reuseaandeel was wat dit gehad het in die vasstelling van 'n eenvoudige skryfwyse deur middel van bespreking en raadgewing, maar ook deur die konsekwente, hoewel tegelyk kritiese, toepassing van die Akademi

beginsel in al sy kolomme. Die feit dat die sketsse en verhale die gedeeltelike is wat peker deur alle lesers sonder uitsondering deurgeles word, het dit dan vir hulle moontlik gemaak om die aangenome skryfwyse bekend te maak, sonder bespreking, sonder bewuste opdragting aan enigiens. Weliswaar, kinder dit nou as in die eerste nommers "kan", "had" en "die" (betr. vrees) voorkom, maar daar die vorme toe net so algemeen was as "na" en "naar" by vandag kaas mekaar, mag dit nie gekortiseer word nie. Wat egter wel toe ook hinderlik moes gewees het en dus nie verskoonbaar nie was stelfonte soos die volgende: "... was die vorm van man gerys"; "die rivier was nog baie water in"; "Sy kyk vir Koos teleurstellend aan"; "... was dit nie dat sy pa gestorf het ek glo nie, jy sal 'n knapper advokaat ky as hy"; "Dit het laas die twee moerse rypersde gewees"; "Orkwels het sy in hulle voorpraak gewees"; ens. Hulle kom weliswaar maar hier en daar voor, maar is genoeg om soms die stuk te bederf vir 'n enigins kritiese leser; in 'n goeie Afrikaanse tydskrif wat homself so 'n hoë ideaal moes stel soos Die Huisgenoot moes hulle nie geduld word, ^{het} nie. Immers, die taal en spelling van die kontribuant moet definitief verander word volgens die lise van die redaksie, veral in 'n geval waar die groot taak van die blad is om suiwerheid op die gebiede te bring vir die voorsiening in die orige twee behoeftes: die volk in aanraking met die letterkunde bring, en jong skrywers aanhelp, is die oordeel minder gunstig. As die mens wat nog nie Afrikaanse boeke aangeskap het om te lees nie moes leer besef watter deeglike verhale in hulle eie taal kon geskryf word, moes daar baie sterk gewer word vir kontribusies wat 'n hoë peil bereik. Dit het Die Huisgenoot van die begin af probeer doen deur elke maand 'n prys uit te loof vir die beste verhaal wat ingestuur word, en die prysverhaale te plaas. In die begin kan nie te veel verwag word nie, maar deur die sewe en 'n half jaargange kan wel net reg in groter vooruitgang verwag word dan daar in werklikheid te bespeur is. In die begin was aanmoedigend onontbeerlik en kon die redakteurs nie by die peil van die kort verhaal in die literatuur van ander

volke hier as kriterium laat geld nie. Maar daar soveel op te bou was op die gebied moes daar o.i. baie meer direkte kritiek, goed- en afkeurend, gegee word; dit is waar ons meen die jong skrywers nie genoeg gehelp was nie. Weliswaar word elke keer by die aankondiging van die verhaal-wedstryd nadruk gele op „sorg aan afwerking van stukke, veral wat betref taal en styl. Ons is alleens dan in staat om iets waarlike goeds te lewer, as ons al ons energie en aandag daaraan wy; en vir beginners veral is slordige werke uiters nadelig.” Maar sulke raadgewings verloor hulle krag in hulle algemeenheid. As die eerste uitslag van die wedstryd bekend gemaak word sê die redaksie dat die bekroonde stuk „gensins volmaak” is nie, maar wel die beste, en ook „verskeie goeie eienskappe besit.” Dit kom tog nie te veel tyd en moeite ^{uit} op om in bletjie meer konkreet te werk te gaan en die groot tekortkomings sowel as die goeie eienskappe by naam te noem nie; in elk geval sou dit die moeite daaraan bestee oor en oor geloof het. Hoe duidelik die behoefte gevoel was blyk uit die herhaalde male wat die redaksie moes weier om met die bydraer ~~as~~ in korrespondensie te tree oor sy werke. In artikel soos voorgestel sou welig nie deur almal gelees word nie, maar tog seker deur die kontribuant, suksesvolles sowel as ander, en deur hulle met vrag. Na die eerste aankondiging wat in mens amper iets meer tasbaar laat verwag vir die toekoms, word nooit meer aangegae as net die naam van die skrywer en van die prys-verhaal nie. In paar gevalle, eintlik te min ~~om~~ en te versprei om veel te beteken, word wat in mens modelsketse kan noem, gegee, wat tog vir die aspirant-skrywer in bletjie inligting kon verskaf mits hy hulle van ^{uit} die standpunt krities bestudeer. Van die soort sketse is o.a. „Joachim die zyn dood overleefde” uit Kinderen der Natuur deur P. Rosegger (in Oostenrykse skrywer), nadat in vergelyking getrek is tussen die gebruik wat hy maak van die Steiriese dialekt van sy eie distrik, en ons stryd hier om Afrikaans te handhaaf. Verder word ook van J. Lub

sy besgelaagde skets, "De Smous", gegee, wat in baie opsigte kon dien as 'n voorbeeld vir die soort skrywe.

'n Paar van die swak punte wat werklik nie ~~ongemerkt~~ in prozaverhaal of enige verhaal in Die Heisgenoot mag outersier het nie, is die volgende o.a.: In "Mit die Lug Geval" van N.H. Heunissens word 'n meisie uit die trein geskud in die nag, deur 'n jong man van 'n naburige plaas opgetel, na huis geneem en verpleeg. Nadat sy herstel het van die skok - sy was glad nie ernstig beseer nie, en van soets as verlies van gebene is geen sprake nie - kan hulle glad nie uitvind wie sy is nie, behalwe dat haar klerk H.B. gemerk is. Waarom sy self haar naam sonder skuldkon en nie dadelik met haar mens in verbinding probeer lêe nie word nie in die verste verte verduidelik nie - 'n mens voel te goed dat dit alles net gebeur om haar 'n kans te gee om verlief te raak op haar redder en sy liefde te toets aan die proef wat al die bewonders van haar loei posisie en baie geld laat spaander. Ook die illustrasie by die verhaaltjie is totaal van onpas: vestel word toe die seuns sy baardjie uitgetrek het en om die meisie gedraai het, en hier staan hy voor ons in volle pak en die meisie sonder enige beskutting teen die koue in sy arms.

In "Die Kakie" deur Dirk Mostert word die soort wanvoorstelling wat in byna alle minderwaardige liefdesverhale voorkom, so oordrewe dat dit kan dien as illustrasie van wat bedoel word.

Die held wat deur 'n reënbus op pad oorval is en daardeur genoodsaak om 'n Kakiepak van sy vriend aan te trek, klop aan by sy nuwe bruid van wie hy nog net een en ander verneem het ^{naar} wat hy nog nie ontmoet het nie. Die meisie maak die deur oop en die "Kakie" ondergaan somar by die eerste aanblik 'n wonderlike verliefraak - proses: "Hy voel hy sweef in die lug; dan voel hy weer of hy afdaal ~~tot~~ in die binnete van die aarde in. Hy kry lus om haar te omhels, en dan wil hy weer meteen op sy perd spring en wegjaag." Wat die proses nog 'n beetje meer romanties maak is dat hy 'n paar dae tevore beslis geweier het om aan 'n meisie in die lig te dink daar hy eenkeer reeds deur

een gekul is; 'n mens sou verwag dat op grond van die loofing dit 'n bietjie moeiliker sou gaan vir die tweede skone om hom in haar net te vang. Die verklaring lê miskien daarin dat die meisie so goed by hom pas, insover sy, tanspysie van die feit dat sy onder die treurgste omstandighede haar verloofde in die rebellie van 1914 verloor het, ook dadelik besef dat die knap jong boer "net die man vir haar" is. Dat sy hom aansien vir een van die karkies deur wie haar verloofde geneem het, verhoed haar glad nie om haarself by die derde ontmoeting al met hart en siel aan hom te gee nie. En s'n verhaal in April, 1922!

'n "Wrak van die Lewe" (Wilhelm) teken die toestand van die ou man nogal goed, maar word bederf deur die oormaat van retoriese vrae: "Want deel sy nie op edele wyse in hulle droewe lot nie?" "Was hy dan verniet trots op sy plaas?"

Het hy dan nie 'n week gelede nog iets meer as £30 gemaak nie? en deur die persoonlike optree van die skrywer aan die end: "Om Japie, ons wil saam met die jongkierel" - en 'n helle preek teen die myne volg.

Maar hoewel daar nie juis nie 'n geleidelike ontutkkeling en vooruitgang op te merk is nie - soos die verskyning van laasgenoemde twee verhale teen die end van die tydperk onder bespreking blyk - tog is daar 'n hele paar stukke wat bepaald bo die middelmaat uitblink. O.a. is daar "Die ou Bliktrommel" van Van Brigger, waarin die ou moeder op treffend eenvoudige, gewoelvolle manier aan haar kleindogtertjie vertel waarom sy so geheg was aan die ou bliktrommel wat die enigste besitting was wat sy van haar geliefde woonhuis kon saamneem na die konsentrasiekamp; hoe die ou trommel hulle lewe geveel het toe dit so geseent het, hoe hy getuie was van die droefheid by die dood van die singling van haar dogter. Dit is jammer dat so'n lelike, onsimpatrieke illustrasie moet afbreuk doen aan die mooi voorstelling.

Dr. Leipoldt se verhale munt uit deur die boeiende verhaaltrant en die skilderagtige voorstellings daardeur opgeroep. In "Harbolsuur"

is daar die grieselige beskrywing van die ou kankerlyer se voorkoms en toestand, die treffende beeld van troue sorg deur die seun in hulle armoede aan die sieke bestee, die pynlike geselskap van die ou man aan die seun om hom uit sy lyding te verlos, die uiteindelike selfmoord van die lyer, die stille getreur van die seun, en op die ou end sy eie onverklaarbare dood. Die verhaal is so goed vertel, 'n mens kan nie help om te die probleme met jou mee te neem en te probeer oplos nie. In "Wit Angeliev" is daar ook iets huiweringwekkends, maar verreweg nie so neerdrukkend nie: die nag voor die voltrekking van die vonnis; die ander nag vyf jaar later in dieselfde kamer die aaklige nagmerrie van die arme regter gevolg deur die ontdekking die volgende more dat die vonnis vyf jaar gelede 'n onseggverdigte was. Weer gaan die leser met 'n probleem weg: hoe het die bos wit angeliev daar op die kaggel gekom waar die vorige ^{aand} nag 'n bos rooi rose gestaan het? Daar is iets aantreklike in die geheiminnige element wat in albei verhale teenwoordig is.

"Die Bosdiewenes" (J.W.) in Desember 1920, is een van die heel mooiste verhale wat betref tema, bou, eenvoud van styl en diepte van gevoel, waar dit vir ons teken die aantrekkingskrag van die Bosveld, die jagters op hulle tog, hulle aankoms by die vreemde wat glad nie na 'n ware Bosveldboer lyk nie. Sy verhaaltjie van die lotgevalle van die bosdiewes deur hom en sy mooi jong vroujie gadededaan (baie toepaslik uitgelok deur die roueklag van die een jagter oor die bokvoeltjie wat hy die vorige dag per ongeluk geskiet het), en ^{met} ~~of~~ gevoelvolle eenvoud vertel, die dood nie lank daarna nie van sy geliefde vrou.

P. Marchand in "Druiltjie" laat 'n arm meisie wat die moeilike taak op haar het van die versorging van 'n lamme moeder, so nu en dan vaag opstandig voel teen haar lot, en dis van ryker mense beny; maar die ontmugtering wat haar eendag te buurt val as sy 'n skatryk paar in al hulle onbeleefdheid en ^{morele} verdelgting aanskou, laat haar na haar sieke moeder terugkeer.

verheug dat sy haar lewe moet lei en nie hulle sien nie. Dit is 'n eenvoudige stukkie uit die lewe van 'n gewone arm meisie met niks besonder wat voorval nie, en as 'n poging om die gedagtelewe te teken, verdienstelik.

Die skets van Leon Ware, "makokoe wa wabele", is 'n aangename afwisseling. Met sy tiepise raakheid van tekening laat hy die ons hoofman voor ons lewe met sy inboorlinge leefwyse en gedagtegang, tot hy die slagoffer word van ~~die~~ wrede bygeloof en ^{die} afguns van die ander hoofmanne op sy materiële voorspoed. 'n mens denke onwillekeurig aan sy "Stems van die ou Merasies"; hy is nog by uitstek die skrywer om die regte ou Kaffer in 'n kort, klein skets te laat lewe.

Twee ander stukke wat besonder goed geslaag is, is die van Adam Boshoff: "Jantjie Kalahari" wat 'n taamlik volledige beeld gee van die woestynlewe, en die ou Boesman uitstekend teken: eers word die stories in omloop oor die ou vestel, dan verskyn hy self op die toneel en vertel in sy eensaamdig geraadbraakte Afrikaans sy lewensloop - of liever sy sewe noue ontkomings aan die dood, waaraan hy voel dat hy nou nie meer lank sal ontduig nie. Vol tevrede is die slot-toneeltjie wat ou Katryn met haar twee seuns by die graf van ou Jantjie teken.

Die ander verhaaltjie, "Die Kleine Dona Luiza", wat oor 'n Portugese heldinnetjie gaan, besit dieselfde gevoelvolle uitbeelding van 'n enigens tragiese figuurtjie. Albei is in mooi, eenvoudige, natuurlike Afrikaans geskryf, so selfs dat die leser vir geen oomblik twyfel of twyfel of hy met sketse uit die lewe te doen het nie; miskien is juis in die waarheid hulle aantreklikheid.

"Haar Man se Huis" deur Helen Blackmore is weer 'n skets van Afrikaanse toestande en 'n poging om die innerlike siel-lewe weer te gee eerder as romantiese verwickelinge. 'n Stadsmisstrou met 'n man uit die Koro - die oop, kaal vlaktes wat vir haar tog geen bekoring het nie; haar skoonmoeder by wie hulle in die huis bly maak haar doodongelukkig deur

haar eenvoudig as 'n kind te behandel, en haar man is heeldag brute besig met die boerdery. Geenens is 'n slechte karakter nie, hulle is gewone mense, maar die prag vroultjie pas ^{nie} in die omgewing nie. As sy uiteindelik dit nie langer kan uithou nie en wegtrek na haar moederhuis in die stad, word toestand eers duidelik aan haar man. Al eindig die verhaaltjie hier, 'n mens voel sy sal terugkom, hulle sal 'n eie huis begin en gelukkig saamwoon.

'n Heffende skildering van een van die skrikwekkende droogtes in ons land kry ons in P. Marchand se verhaal, "Reent na die Droogte". Die inwerking van die droogte op die aarde, die diere, die mense word uitstekend uitgebeeld, veral in sy samewerking met voer gebeurtenisse tot die verbittering van die een man, die moedeloosword van die ander.

Dan kom die verandering - eers in die weer: die wolke pak saam, die donder weerklink, die weerligstrate deurbreek die lug, en 'n haelstorm kom aangerol - alles span saam om hom sy wraaksugtige wreedheid te help uitvoer, mees die verbitterde man. Maar die ontzagwekkende stryd in die natuur is hom te magtig - hy moet bring voor die God wat hy nie wou vind nie, sy lewe moet hy inskiet om die te red van die man wat hy 'n uur gelede so innig graag onder sy voete wou vertrap. Die tekening van die menslike gees, en die indruk daarop van die natuur daarbrute, maak van die verhaal 'n kunststuk.

Die paar voorbeelde wys dat daar skrywers is wat die keens van die kort verhaal verstaan, dat daar moontlikhede is ^{vir} ons taal ⁱⁿ die rigting - jammer dat hulle die uitsondering moet vorm, terwyl soveel middelmatig is, en party selfs minderwaardig.

In die mense ook met die langer verhaal te laat kennis maak het 'n hele paar vervolgstories verskyn in die loop van die jare: van A. du Briel: Getrou, en Die Verraaier; van K.R. von Wielligh: Staam Jou Man; van De Waal: Oupa en sy Klein- dogters. Van 'n Engelsins ander aard en 'n bestis hoër gehalte

is die Sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierewêreld van Sangiro. Volgens Schoonnes¹⁾ het Dr Briel en Sangiro in die blad gedebuteer; sodat sonder twyfel kan gesê word dat Die Huisgenoot jong skrywers vorentoe gebring het.

Van die poësie in die blad moet ook melding gemaak word. In mens voel al dadelik dat dit 'n baie minder belangrike plek in die blad inneem as die prosa, waarskynlik omdat poëdigheid so maklik minderwaardig is, en omdat 'n baie fynere taalkennis en taalgevoel nodig is om die werklike goeies nie alleen te kan lewer nie, maar ook te kan waardeer. Om die rede dien die berynde verhaaltjies, soos J. J. se bewerking van Bret Hauke, „Klein Annie amuseer haar groot Sussie se besoeker“, of Jagan se „Towerwoord“, of J. F. W. se „Tom Giel Vermaak se donkie“ nogal om sekere mense sover te kry om versies te lees, deur middel van hulke ^{groter} „verstaanbaarheid“ en die storieltjie waarin die belang setel. Maar 'n spaarsame gebruik moet van sulke gediggies gemaak word om te verhoed dat die smaak vir die hoërstaande literêre sange nooit ontwikkel word nie. Van die bestes in Die Huisgenoot, wat ingang gevind het en sal bly, is die ligte pentekeningetjies van A. D. Keet: Kontras, Amsterdam, Uit Puse Pret, Sneeu, Het maar glesien, Muggesjaq (die verdediging van die twee miel is meer interessant as poëties); en sy ontboesemings van Vaderlandsliefde: President Steyn; Dingsamsdag; Voortrekkerlied; maar één Suid-Afrika: Aan my moedertaal-awendmymering. Ander wat verdienstelik is en sekerlik bygedra het tot die genot van die leser nie alleen nie, maar ook die kennismaking met wat literatuur uitmaak, is: Leipoldt: Op moederverloor se Vlakte; Jaloes is die Winde; As ek van Verbeelding praat; Jagan: Wagte op die Joring; R. van Orgeren se Nederlandse ~~gediggies~~ ^{gediggies}: De Liefde; Een Morgen; J. J. S. se vertalings uit Duits en Engels: Die Koning in Hout; Jy is my als 'n bloeme; Aan my moeder (uit Heine) Die Brug (uit die Engels van Jean Bonzar); Aanbidding (Dr O'Kulis); 'n

Klein juweeltjie; A.G. Vroser: Die liefde van die See, en met 'n mandjie Rose vir Moeder; R.P. Vroser: Ballade, 'n mooi tekening van die rusteloosheid van die knaap, tot dit eindig smet sy dood in die rivier; die sensaamheid en smart van die moeder word nie uitgebeeld nie, alleen gesuggereer.

Mooi is die kinderversies van Hilda Postma: my Lappop; Wiegied; Die Fervel; Vertalings uit Rabindranath Tagore deur P. Marchand bring die Afikaanse leser in aanraking met die uinaardige Oosterse beeldspraak, soos in die volgende voorbeelde:

(1) „Si my of dit alles waar is, my liefste, si my is dit waar:

As myoë hulle bliksem straal, gee die stormwolke in jou boesem antwoord.”

(2) ... „Wil die aarde met sang, soos 'n harp, as my voete dit raak?”

(3) „my hart, die voel van die woesteny, het sy ruim gevind in jou oë,

Hul is die wieg van die more, hul is die koninkryk van die sterre.”

Enigste van sy soort is Langenhoven se kunststuk „Die Pad van Suid-Afrika”, 'n gedig wat son trek en boei deur middel van inhoud en vorm tegelyk.

Wat die redaksie dit moeilik gehad het om aan die een kant poësie op te neem wat die letterkundige gehalte van die blad verhoog, en aan die ander kant nie te veel te ontmoedig nie blyk uit die inleidings-artikel van Julie, 1921, waar o.a. gesê word: „Party van ons kontribuanten skyn te dink dat die Redaksie daerom te streng is, en ons word dan ook af en toe gepra om 'n eersgenome besluit insake die plasing van 'n gedig te hersien terwille van die „goeie saak”, of ter aanmoediging van die bevruste skrywer. Hoewel ons alles in ons vermoë wil doen om belowende skrywers aan te moedig en vooruit te help, tog is ons van oordeel dat ons in die opname van gedigte in die verlede eer te laks as te streng gehandel het; en by die deurblaai van ons vyf verskeie jaargange stuit ons op meer as een gedig wat in wat vorm en wat inhoud betref soveel te wense oorlaat, dat ons onself nou dikwels afpra wat ons makeer het om so'n bydrae op te neem.

Die Huisgenoot is 'n tydskrif wat wil meehelp in die opbou van 'n gesonde en kragtige kultuur, en as sulks moet hy waak oor die gehalte van die leesstof wat hy sy diuisende lesers voorsit; want

in 'n groeiende volkswese is daar niks so gevaarlik as vedaal van 'n minderwaardige gehalte nie. . . . Gee ons net van die beste, net suiwer oplibrelende poësie - nie opgepompte nie; en moet tog nie help om die werklik goeie letterkunde te laat versink in 'n stroom van slegte en minderwaardige werke nie."

Voorbeelde van die "slegte en minderwaardige" bydraes van tyd tot tyd in Die Huisgenoot opgeneem - onder hulle wellig van die waeroor die redakteur erken by hom in later jare getoema het - is in die volgende aanhalinge te sien:

A.B.C. Doornag en Swakheid: (Nov. 1921).

"'n Huppelend lam en moeder
Was weidend stille daar . . ." - woordorde!

en

"Totdat hul heel die vlakke
Was seilend om en om . . ." - woordorde!

2. mag kry sy Baas :

Die leeu, die vors van woude,
Het 'n genaelde poel,
En met sy magtige kloue
Slaat hy sy vyande dood.

Die arend daar bo in die hoogte
Het weer 'n snelle vlieg,
En sy genaelde pote
Maak hom die vors van die lug."

Is dit poësie? Is die volgende opsomming van die goeie eienskappe van die "Besembos" (H.W.L.) poësie?

"Vir die beervrou vol van moed
Boet jy in haar huis die meeste.
Ja, veral in die kombuis -
En van besems is jy beste
Wat gemaak word by die huis."

Dan is daar nog lang gedigte van H.H. Joubert, sommige gangbaar, maar ander - laat die volgende 'n idee gee van sy

beldspraak en woordskildering: my Verse.

„Kreasie-honger, op my lippe, leef
my tot 'n drukke stoet gegroeide woorde
Wat seek na uiting, bleek van skoonheidsdrang.

Miskien sal hul, verbloënd, wegwys en sterwe
alleen, hul leëstede onomkniek.

O, dan in teerheid sal 'k weer beërwe

en in hul moederswoning van my siel

Sal 'k hul omvadem met my liefde, intiem,

totdat hul eenmaal weer tot glans ontkiem.”

Dit is skaars nodig om 'n paar eksemplare van Harper Martins se digkuns aan te haal; van die wat allermins 'n plek in 'n hoogstaande blad verdien is daar veral die twee: „Kom se in my 'n storie, a!” wat al idee genoeg gee van die inhoud, en „Sy met die skone” vergelykings in die eerste strofe:

„Sy's 'n rosie in 'n tuintjie,

Sy's 'n lelie in 'n vaas,

Sy's 'n boompie, o, so teder —

ja, en ekke staan daarnaas.”

En die „verhewe” slot:

„en ek neem haar in my arm —

ja, en ekke staan en vry.”

Waar daar son bonte verskeidenheid van goed en sleg deurmekaar voorkom is die gediggies in Die Huisgenoot seker nie bereken om die smaak vir poësie by die gewone leser te ontwikkel, om 'n idee van die letterkundige produkte op die gebied te gee, of die blad besonder aantreklik te maak nie. Die menigte wat hertoe niks bydra nie moes liever nie geplaas gewees het nie, dan son die goeies wat daar tog ook was hulle werke kon doen. As die leser wat anders nie poësie lees nie, maar wel waar hy tyd neem om sy maandblad van end tot end deur te lees, in aanmerking moet kom, son dit selfs beter wees om geveeld 'n erkende kunswerk van 'n

digter van naam te plaas, al het dit reeds in 'n digbundel verskyn, desnoods met verklarende aantekeninge of 'n korte waardering daarby. Nog beter sou wies om van tyd tot tyd die gevlede medewerking van 'n digter van naam te kry.

Na die meer besondere beoordelings van die letterkundige bydraes in Die Huisgenoot, dien nagegaan te word in hoever die rubriek as geheel beantwoord het aan die eise soos reeds in die begin van die paragraaf uiteengesit. As 'n verneme onderdeel van die inhoud van 'n tydskrif wat hom tot taak gestel het die opbou van 'n eie Afrikaanse kultuur, moes die rubriek nl. diens om aantreklikheid aan die blad te verleen sodat sy leerskring kon uitgebrei word; hierdeur moes dit in lus by die publiek aankweek tot lees, en tot Afrikaans lees waar tydskrifte in ander tale reeds 'n groot rol gespeel het; dit moes die taalstryd aanvul deur konsekwent die erkende skryfpuyses toe te pas; dit moes geleentheid aan belowende skrywers bied om voor die dag te kom met hulle talent; eindelik moes dit die strewe na 'n hoë peil op letterkundige gebied, bv. van die kort verhaal, voorlig en aanmoedig. Vir die kort verhaal boweal was dit as rubriek van 'n tydskrif die aangewese middel tot beoefening van die kunst. Op die manier sou die publiek in aanraking gebring word met die volksliteratuur. Teen een gevaar moes sorgvuldig gewaak word: terwille van 'n uitgebreide leerskring moes nie probeer word om eenvoudig die bestaande literêre smaaks te paai nie; die ideaal moes gedurig wies die ontwikkeling en verfyning van die smaaks deur middel van steeds beter stukke.

Die lys van kort verhale elders aangegee - geen volledige nie, alleen enigins vestenwoordigend - verwerdig die bewering dat Die Huisgenoot probeer het deur verskeidenheid van onderwerpe, deur eenvoudigheid van behandeling en deur die eg Afrikaanse karakter van die stukke oor die algemeen, aan alle lesers iets verskaf wat hulle sonder belang inboesem; die feit het sekerlik meegehelp tot die vinnige uitbreiding van ^{die} intekenaarslys, waarvan by die begin van elke nuwe jaargang blymoedig melding kon gemaak

woord. Sin wyse omloop weer het bewys dat die leeslus by baie Afrikaners wel deeglik tot stand gekom het, en dit sou nie gesog wees om af te lei dat in baie gevalle uitlandse blaaie verding was nie.

Sevore is reeds opgemerk hoeveel geleentheid die rubriek aan Die Huisgenoot besorg het om sy strewe na taalsuiverheid en spellingeentoomigheid aan te vul, die paar tekortkominge in die verband aangestip, hoewel nie te verstaan nie, was nogtans so versprei dat hulle by 'n algemene beoordeling verval. As 'n mens verder bedink hoeveel die las die redaksie, wat verreweg die grootste gedeelte van die tyd uit een persoon bestaan het, moes gehad het van baie van die ingesonde stukke wat betref spelling en taalfoute (3000 sy klagtes af en toe in die blad gelug, bewys), dan moet erken word dat in die opsig baie bevreemdende werk gelewer was.

Wat betref verder die aanbod van geleentheid aan talentvolle skrywers om hulle bekwaamheid te toon - die was daar oorevloedig, deurdat deurgaans een verhaal, soms twee, in elke nommer verskyn het en daar ruimte ^{genoeg} ~~was~~ in gedigte was. Die wedstryf elke maand met aangebode pryse was 'n verder aanmoediging. Ongelukkig het die plasing van minderwaardige werke in party gevalle die waarsborg laat verval dat die opname van 'n stuk op sigelwe 'n erkenning van goeie talent is.

Waar gestreef moes word na sou hoi gehalte bydrae dat dit die volk in aanraking ^{bring} met geskifte van 'n letterkundig verdienstelike peil, was heeltomal nie aktief ^{genoeg} opgetree nie. Op die gebrek aan direkte leiding is reeds breedvoeriger ingegaan (bl. 54.); hier kan dus net herhaal word wat o.i. wel behoort gedaan geword het teneinde die gewilliges tegemoet te kom en aan te help. Baie van die wat pogings aangewend het om by te drae het misluk wellig wiens gebrek aan enige geleentheid tot bestudering van die kuns wat hulle was beoefens. Dier middel van modelsketse en verhale, doelbeurys en gereeld win die doel aangewend, wat soms kon bestaan het uit vertaling van meesterstukke in ander literatuer,

Soms uit oorspronklik Afrikaanse bydraes deur bekende skrywers wat reeds bewys gelewer het van bekwaamheid in die rigting en wat opsetlik gewader was vir die doel van die blad om hulp, kon 'n begrip ontkenkel word by die ontluikende kunstenaar van wat op sy gebied te bereik is. Verder kon ook met gereelde tussenposes doelbewys van die stukke wat geplaas was 'n soort resensie in brieë trekke verskyn wat op verdienstelike of tekortkominge in die styl, vorm, karakterisering, ens., wys. Geen van beide middels is deur die redaksie aangewend nie, en die gebrek is waarskynlik oorsaak, of deelporsaak, van die geringe mate van vooruitgang in die gehalte van letterkundige bydraes deur die hele tydperk van bestaan van Die Huisgenoot as maandblad.

Hieruit volg ook dat Die Huisgenoot deur middel van die spesifieke rubriek nie kragdadig meegelp het om die volk in aanraking met die volksliteratuur te bring nie. Dat hy hierin egter nie geheel en al te kort geskiet het nie bewys die teenwoordigheid van soveel gediggies uit die pen van digters soos B. D. Keet, Leipoldt, Jagan, en die Sketse van Sangero wat, sodra hulle in boekvorm verskyn het, byna onmiddellik wêreld-beroemd geword het. (Soos blyk uit die vertalings daarvan reeds in Engels en in Duits verskyn), en vandag nog een van die hoogstaande, indien nie die heel hoogstaande, letterkundige produkte in ons taal is.

Wat Die Huisgenoot dan vering het in die sfeer van aktiwiteit verdien sekerlik oor die algemeen, tanspote van tekortkominge wat nie oor die hoof kans gesien word nie, soos die teleurstellende vordering van die kortverhaal-kuns, die hartlike waardering van die volk. Weer moet by die beoordeling die moeilike tydperk van ontstaan van die blad, en die reuse taak wat hom voorgelê het, in die oog gehou word, en in die lig daarvan is daar baie om te prys in die werksaamhede in die verband.

§3. Letterkundige Kritiek.

Vir die doel wat Die Huisgenoot homself gestel het was die opbou van 'n Afrikaanse letterkunde een van die belangrikste vereistes. Om daaraan te voldoen ^{was} die letterkundige bydraes in die laaste paragraaf behandel verreweg nie die enigste, ook nie die belangrikste, middel nie; daarby moes nog kom deeglike resensies ~~van~~ van alle werke van letterkundige aard wat uitgegee word in die land.

Om sy taak op die mees bevredigende wyse te volbring, moet die resensente in sy posisie van middelaar tussen skrywer en publiek aan verskeie hoë eise voldoen:

- (1). dien as tolk om die idees van die skrywer te laat ingang vind by die publiek;
- (2). die weg tot verbetering van sy kuns vir die skrywer aanwys.
- (3). 'n hoë standaard vir letterkundige werk voorhou, wat waarde het waardeur, en wat onwaardig is afkeur;
- (4). leeslus by die publiek aanwakker en tegelykertyd hulle voorlig in hulle keuse uit die menigeruldige publikasies.

Oor die algemeen het die letterkundige kritiek in Die Huisgenoot goed beantwoord aan die eise. Schoonnes¹⁾ noem dit 'n „verblydende teken“ „dat die blad hom nie leen tot onoordeelkundige ophemeling van minderwaardige of middelmatige werke nie,“ en dit is 'n werklike verdienste in die vroeë jare van sy bestaan toe die aanvraag vir geskifte in Afrikaans so dringend was dat dit maklik kon lei tot 'n verwelkoming van self minderwaardige produkte. Dat die resensente die moeilikheid baie duidelik gevoel het blyk uit Dr. Van Niekerk se inleiding tot haar kritiek oor die teleurstellende „histories - romantiese“ verhaal van Joubert Reitz: „Beproewing“, waaraan alle diepte ontbreek. Sy skryf n.l. (September, 1918): „Die beoordelaar van ons verhale in prosa staan voor 'n minder plesierige werk. Terwille van die publiek wil hy skrywers nie ontmoedig deur te hoë eise nie. Is die beoordeling te streng, dan ontstaat immers die gevaar dat skrywers die pen neersê, en geen verdere intellektuele voedsel aan die publiek verskaf nie. Maar leesstof het ons nodig, dringend nodig, vir die Afrikaner wat lees sowel as vir hom by wie leeslus nog ontwikkel moet word. Dis in laasgenoemde

1) Prosa uit die Tweede Jaalbeweging, bl. 57

dat sekere werke, al voldoen hulle nie aan redelike vereistes van artistisiteit nie, tog nog nut kan hê; verhaal spelende in ons eie land onder bekende omstandighede, met wat awontuurliks om die spanning te verhoog, en daarby goed ingesit en vry onderhoudend vertel, sal moontlik die beste wees om party mense 'n lus in boeke te gee.

Om die goeie diens te wat sulke alledaagse werk dus in die opsig nog kan doen, neem die kritikus notisie daarvan, en wil hy wat daarin enigins verdienstelik is, aan die lig bring en daaraan last reg wederraar.

Maar die literêre kritikus het as sodanig ook 'n ideaal, en die ideaal dwing hom om die hoogste te verlang van 'n kunswerk, wat betref inhoud sowel as vorm. Bot's die eie partykeer met volksbelange, soos dié hierbo uiteengesit, dan verkeer die beoordelaar in tweestryd.

Maar net vir 'n enkel oomblik, want sy ideaal sal hy nie verlaag nie, en blytendies is hy oortuig dat hy deur, ^{steeds} hoër eise te stel, sy volk uiteindelik die beste dien - immers alleen wanneer ons skrywers die hoogste nastreef, sal ook ons taal met prosawerke kan pryk wat die naam van kunswerke werd is."

Deur s'n direkte uitensetting kry die publiek 'n algemene insig in die moeilike taak van die resensent; en die slotson hierbo bereik is bereken om heelwat onoverstannelike vooroordeel teen die literêre kritikus uit die weg te ruim.

Schoonnes maak bewaar teen die "ongeveer vyftiental resensente" van Die Huisgenoot daar dit moeilik gaan om met s'n getal die eenheid op die gebied van die kritiek te handhaaf, en werke soms by 'n eerste en 'n tweede druk verskillend beoordeel word. Die bewaar het wel 'n mate van grondigheid wat 'n mens besef wanneer jy dink aan die kragtige invloed wat bv. van die kritiek van Potgieter uitgegaan het. Tegelykertyd is daar egter ook 'n ander sy aan die saak: as 'n mens onthou dat die funksie van 'n resensie nie is om 'n finale oordeel te vel nie - veel eerder om te prikkel tot nadink en 'n eie kritiese insig te ontwikkel, kan die paar gevalle waar 'n verskil van mening voorkom eerder nuttig as anders wees. Wanneer gelet word ~~was~~ op die heftige teenstand wat die kritiek soms uitgelok het (vgl. o.a. Februarie en April, 1919, oor die Jagtiger-inval in Afrikaans), dan word die

ewenslekheid daarvan ingesien om die bespreking in die hande van soveel moontlik bekwame kritisie te laat teneinde meer verteenwoordigende opinies te kry, en die moontlike beskuldiging van tiranniese oorheersing op die gebied so min grond moontlik te gee. Soos dit is, het die blad reeds die aantygung nie vrygesping nie. (Vgl. Langenhoven oor "ekspert-beoordelaars van oor die see", en J. W. se brief in April, 1923).

Natuurlik moet die kritisie goed gekies wees, en o. was Die Huisgenoot in 'n paar gevalle minder gelukkig in hulle keuse. 'n Voorbeeld hiervan is die resensie van J. J. Strasheim in November, 1918, oor D. P. du Toit se boek: "Sy pa se skuld". Behalwe dat daar werklik min verdienstelike is in die werk, en die kritikus dus glad te ingenome is daarmee, is hy o. ook nie konsekwent in sy beweringe nie: As standpunt gaan hy van die volgende uit: "Laat ons tog nie, veral nou in die aanvangsperiode, gou tweede wees nie, maar laat ons leus liever wees: liever niks, as iets wat onbevredigend of sleg is!" Hy juig die nuwe boekie van harte toe, sodat dit ver van minderwaardig in sy oë is. En tog - sy kritiek laat nie daardie indruk na nie: die karakterisering noem hy bevredigend, om net 'n bietjie verder nêr te kom op die totaal onmoontlike manier waarop die skurk 'n algehele karakterverandering ondergaan. Die bou van die verhaal is onbevredigend: daar is feitlik twee dele wat heeltemal sterk geskei is en dus afbreuk doen aan die behoorlike behandeling van die intregi - "die skrywer boei ons maar nie genoeg nie, en die keerpunt of klimaks word nie in die oog gehou nie." Die voorbeelde van swak sinbou, onduidelike stelling en storende anglicismes teken so 'n groot swak by die skrywer, dat dit glad nie duidelik is wat die ideaal van die resensent is as hy praat van "bevredigende sinbou" en "sinwese taal" nie. Sy slotson na sy kritiek lui: "As hierdie boek in 'n rousteen' is, dan gaan ons gelow - die Afrikaanse letterkunde - seker 'n goeie wees." So 'n resensie oor sy onbevredigende boek soos "Sy pa se skuld" was seker nie bereken om 'n hoogstaande literatuur op te bou nie.

Hog 'n voorbeeld ~~is~~ van 'n resensie wat in ons oog nie voldoen aan die eise waaraan die kritikus moet beantwoord nie, is die

van E. B. oor C. F. Kies se boek: „Japie Muller van Kwaggasnek“ (in die Desember, 1917, nommer). Die verhaal word genoem in baanbreker op die gebied van die populêre roman — wat van „Johannes van Wyk?“ Die kritiek self is verder nie juis bereken om entoesiasme oor die gehalte van die werk, te wees nie: „De kracht van de liefde, en nogal liefde op 't eerste gezicht, is 't voornaamste thema van dit boek. De jongeling ziet het meisje in de trein, kent haar hoegenaamd niet, maar trekt de wereld in om haar te zoeken.“ — Krachtige liefde, voorwaar. — „Eindelijk vindt ^{hy} haar ook — op zijn eigen plaats, en natuurlijk is zij nog ongehuwd, onverloofd en onverliefd, zodat hij haar zonder veel moeite krijgt binnen minder dan een halve bladzij. Onwillekeurig komt bij ons de gedachte op: wat zou gebeurd zijn als zij hem na al dat zoeken niet wou hebben? Enige van de moeilijkheden waarin de held gedompeld wordt op zijn verspiederstocht zijn wel wat vergezocht, maar over het algemeen boeit het werk ons tot het einde. Het verhaal is in het Nederlands en de gesprekken zijn alle in het Afrikaans. Jammer dat de stijl nu en dan erg kleurloos wordt.“ En tog — „Wij eveneens deze eersteling veel navolgers en een groot lezerskring toe.“ Die swak punte van sijn resensie spreek van self; alleen op een daarvan wil ons nader neerkom: Afrikaans word in die minderwaardige werkke (wat nogtans aangeprys word) die minderwaardige plek van 'n dialekt toegeken — soets van die idee reeds destyds deur baie mense gehuldig dat hoewel hulle spreektaal Afrikaans is, dit tog 'n laagstaande broutaal of iets dergelyks is. As die resensent van Die Huisgenoot sijn handelwyse skaars opmerk sonder die minste poging tot afkeuring, was dit tenminste die plig van die redaksie van 'n blad wat in die eerste plek ywer vir die bevordering van Afrikaans, om na aanleiding van sijn ~~te~~ resensie neer te kom op die verhoening van die hoogstelling van Afrikaans.

Sulke resensies soos in bostaande twee gevalle aangehaal maak ^{die indruk} soof 'n mens alles sal sleg sê net vir die vorm, en dan hartlik ~~te~~ verwelkom. Hulle is breedvoerig aangehaal om op die

gwaars te wys van enige as kritikus te laat optree. Gelukkig is daar nie baie sulke voorbeelde nie, en dan ook maar in die vroeë jare van Die Huisgenoot. Later word deurgaans gesonde kritiek uitgeoefen volgens hoë ideale. Dit bring mee dat soms streng afkeurend moes te werk gegaan word, soos dr. in die geval van Jant Kotas se „Kindersympies vir Afrikaanse Kinderen“: „Ons betreur dit ten sterkste dat so'n mooi kinderboek, met sulke mooi tekeninge en versies, alleenlik deur sorgeloosheid insake die taalvorm, spelling en punktuassie so bederwe word, dat dit feitlik vir ons lesende kinders ongeskik is.“ In 'n ander geval kom B.W. kragtig op teen Prof. du Plessis se behandeling van sy Nederlandse uitgawe: „Een Joer door Afrika“ in vergelyking met die Engelse; dit gee die indruk, sê hy, dat die Hollandselesende publiek van minder belang geag word as die Engelse. „Alles tegamen genomen, een enigszins teleurstellend, maar toch zeer leeswaardig, boek.“ Op 'n ander keer is dit ^{dr.} Van Niekerk oor H.H. Joubert se digkuns soos voorkom in „Dageraad en Sonnedag, ea. gedigte“: hoewel sy verbetering kan konstateer in vergelyking met die vroeë bundel: „Verse oer Piet Retief, ea. gedigte“, het die resensent egter nog baie beswaar teen die weelderigheid, verwende beelde, onnatuur en buitensporigheid van die digter. Haar voorbeelde is so goed gekies dat hulle wel vir elke leser die oë kon oopmaak vir die gebreke. Dat die digter die kritiek in 'n verkeerde gees opgeneem het was jammer, maar nie in rede waarom minder diepgaande kritiek sou ~~baar~~ gelewer word nie — soos deur die kritikus beseef was.

„Broerliefde“ van Sloopsteen het die volgende versugting aan M.T. ontlok (Januarie, 1921): „Wat 'n genot sou dit wees om iets van hoë kuns waarde in Afrikaanse prosa te kom, om 'n prosa te vind wat 'n lewe weergee en 'n siel openbaar, 'n prosa wat iets individueels het en nie net op 'n skoolopstel lyk nie. . . . Van Lennep, Van Lennep en sy, geëgenote — dat hulle tydperk hier in Suid-Afrika verbygaan!“ As 'n mens inhoud, styl,

Spelling, karakterisering van die flous, onmoontlike om stukke in aanmerking neem, klink dit amper sarkasties van M.T. om die Skrywer aan te moedig om humoristiese stukke te skrywe, op grond van een nie te hopeloos getekende komiese karakter nie.

Die allerbeste voorbeeld van kritiek oor prulle is miskien die van ^{dr.} Van Niekerk oor Harper martins: „Die Kustelose gees, en gedigte”, en „Minnetrou”. Om mee te begin vra sy half om verskoning dat sy sulke voortbrengsels behandel: dis van hiewerke gewoonte om van prulle te swyg in Die Huisgenoot - in die hoop dat regeerde skrywers sal swyg - maar martins het so min gehoor aan die stille wenk gegee dat 'n derde publikasie binne enige maande moet voorkom word. Die resensie is interessant en nogal sarkasties op plekke, bv.: „Suid-Afrika word opgehemel as die land, „waar die mossies tjilp en die donders baklei.” Gelukkig is die meeste Afrikaner hulle onbewus van die gevaar. En hoe kom die Skrywer daartoe om sulke heterogene geluide so doodlinter in een adem te noem? Waarlik hier kon die Skrywer ook die dwase vermaning ingevoeg het, wat hy elders aan die leser rig nadat hy gesukkel het om 'n gewaarwording duidelik te maak: „Voel, leser, voel wat ek hiero bedoel” - want met die verstand kan seker geen leser vat wat die Skrywer wou te kenne gee nie.” Maar die resensente spot nie alleen nie, wat welkig meer vermaaklik vir lesers as behulpzaam vir die Skrywer sou wees; sy waarsku hom ernstig teen die gevaar van 'n gek figuur te slaan, deur 'n passende aanhaling uit Van Beyssel, en beveel in metode aan waardeur hy miskien later tot ryfheid sal kom. Die paar verdienstelike puntjies word ook nie onopgemerk verbygesien nie.

Aan die ander kant is daar tallose voorbeelde van resensies wat werklik bereken is om die Skrywer se idees aan die publiek te vertolk, hulle leedus op te wek, en waardering vir die goeie eienskappe te verkry.

In Januarie 1917 word by die derde druk van „Johannes van Wyk's

gewys op die verdienstelikeheid van die boek as eerste roman in Afrikaans: die storie is boeiend en interessant, verskeie voorvalle is op 'n skildervragtige wyse vertel, die historiese prentjie van die vroeë Kaapse dal in aanspronklik en eg, en tereg is die hooffigure gefantaseer. Die tekortkominge word nie verswyg nie - intendeel, by 'n boek wat reeds so populêr geword het was kritiek oor die swake punte meer noodsaaklik as aanbeveling, en daarom moet die gebreke aan karakter-skildering en ontwikkeling, aan 'n weergawe van die magtige geestesstrominge van die tyd wat voorgestel word, die afwykinge van die vasgestelde spelling en die hinderlike anglisismes dit terdecé outgeld.

Dr. D. B. Bosman gee 'n uitvoerige bespreking van "Teleurgesteld" van van Ruygen (September 1918), wat nie alleen beseken is om die belangstelling van die publiek op te wek nie, maar ^{wat} ook probeer raad gee aan die skrywer insake sy styl en karaktertekening. Dieselfde geld vir ^{dr.} Van Diekema se kritiek oor "Misdade van die Vaders" van Du Toit.

As "Die Koningin van Skeba" van Dr. S. J. du Toit in moderne vorm uitgegee word, is die aankondiging deur B. D. W. baie simpatek, en beoog dit die opwekking van belangstelling in die ou werk uit die eerste Taalbeweging.

Met die verskyning van Sangoro se Sketse "Mit Berwand en Blakte" kondig G. W. dit op 'n interessante manier aan, wat veral moei die standpunt van die skrywer tenoor sy onderwerp uitbring. Om hier te gaan wit op die gebruik van woorde soos: allengs, telkens, slegs, 'n weinig, genuwe tyd, wat almal hellemaal teuis hoort in die styl van ~~van~~ ^{mr.} Pienaar, is werklik onwarpas.

Dangenhovens se groot digwerk "Die Pad van Suid-Afrika" word deur F. B. op 'n manier bespreek (Februarie, 1922) wat sekerlik die publiek aangefoor het om dit te lees.

Jan Celliers sleep die leser skoon mee in sy woord van waardering oor "Pallieter" van Felie Zimmermans, deur sy opsomming van die frisse lewensgenietinge van Pallieter, hoewel hy waarsku dat dit nie moet opgeneem word as 'n blote afbeelding van

bestaande toestande nie. „Dis 'n suiwer, hartsterkende musiek, is gedig om altyd weer te lees. Dis 'n gloriebad van son en welde en oewerloed, om altyd weer te geniet. Dis 'n uitgeskatende bôekot van alles wat na ellende of naghind lyk. Dis 'n verfrissing wat ons nodig het. Dit kan ons 'n onskatbare diens bewys as dit ons oë oopmaak vir die moontlikheid, om die verfrissing, altyd deur en vol, aan onselwe te verskaf.”

Uitvoeringste word in die laaste jaargang onder die hoof: „Neele Afrikaanse Romane” deur Dr. E.C. Pienaar behandel: „Kain” van A. du Biel; „Onder die Olyfboom” van E. Richardt; en „Japie” van J. R. L. van Bruggen.

„Kain” gee geleentheid tot 'n algemene bespreking van die romantiese inslegte sin - egte bioskoop-romane, met geen poging hoegenaamd om deur te dring in die diepere sielelewe nie; as awontuur-roman egter is die verhaal verdienstelik.

„Onder die Olyfboom” word baie gunstig beoordeel as „die besgelaagde proef van die moderne psigologiese roman in Afrikaans”. Die resensie word egter 'n bietjie te uitgerok weens die breedvoerige behandeling van die kwessie van ons verhouding tot ons letterkunde, en later ons posisie met betrekking tot ons taal - dinge wat toe al 'n bietjie afgesaag was.

By die behandeling van „Japie” word 'n interessante uiteensetting gegee van wat 'n sielekundige roman is, en wat 'n sielekundige roman in Afrikaans is - 'n uiteensetting wat in die verband sekerlik hoogs noodsaaklik was daar ons op die gebied in ons letterkunde so hopeloos agter is. 'n Bespreking van die sielekundige tekortkominge in „Japie” volg hierop: „'n strewe na 'n gemotiveerde, opbouwende kritiek,” waarmee die skrywer miskien sy voordeel sal kan doen.

„Dis 'n eerlik bedoelde poging om deur te dring tot die skrywer se interpretasie van die lewe, en dit te toets aan eie opvattinge, soos die geword het uit persoonlike aanvoeling en waarneming van die lewe.” 'n Ander goeie punt in die kritiek is die direkte afkeuring van die byna algemene swak by Afrikaanse skrywers om moraliserend op te tree in die loop van 'n verhaal.

Die Huisgenoot het egter nie sy resensente na willekeur laat handel nie, maar van tyd tot tyd artikels oor literêre kritiek self laat verskyn. Die bespreking wat gevolg het oor die onderwerp is seker deels een van die goeie uitloeiings uit die gebruik van so'n ruime aantal resensente, waarteen Schoonnes Beswaar maak, soos eweer op gewys is. Die nut van genoemde artikels en besprekings was sekerlik ons leiding te verskaf aan die kritisie en hulle eie gedagtes aan die gang te sit oor die eise wat hulle taak aan hulle stel.

Reeds in die nommer van Die Huisgenoot van September, 1916, gee die redaksie rigting aan in die bestryding van die oordrewe sentimentaliteit, lawwe liefdestories en lewensmoei swartgalligheid wat so dikwels in die minderwaardige letterkundige produkte van Europa aangetref word, en reeds in vele harte in Suid-Afrika posgevat het, soos blyk uit sommige van die verhale vir die wedstryde ingestuur. „ Ons in Suid-Afrika pas dit ten eenemake nie ons onself deur sentimentaliteit of pessimisme in ons geskifte of in ons handelwyse bespottlik te maak nie. Ons bewoon 'n ruime, sonnige land met 'n bloue hemel. As 'n volk verkeer ons nog maar in ons jongelingsjare: ons het 'n toekoms voor ons, en ons is lewenslustig. Ons te lewe is vir ons 'n aandoring, 'n lus; en die liefde is vir ons 'n forse krag, wat ophef en veredel - nie 'n geheimsinnige noodlot wat ons in soetsappige, angwallige wesentjies verander nie! Die dat ons die waarheid en die aakligheid van die lewe wil ontken of wegsnyf nie; maar vir ons is elke nag maar 'n skeiding tussen twee dae, en elke winter maar 'n stap wat ons nader bring aan die vreugde van die lentetyd. ” So 'n oordell wat (D. J.) met die outoriteit van die redaksie kon kon baie goed doen, want party van die wat hulle ^{so} swartgallig aangestel het, het dit sekerlik uit onkunde gedoen, en 'n verwarde begrip dat dit tot hoe kuns lei of diepe gevoel openbaar. Hulle word sou ontneugter word as hulle sien dat mense wat van sake weet dit afkeur en eintlik as klein beskou.

in Ander inleidingsartikkel (Junie, 1917) beskou die taak wat aan

die boekbeoordelaars voorle in die volgende lig: „Onder onze oogte is een Afrikaanse letterkunde aan 't opgroei. Dit is werklik verblijdend. Dat er onder 't vels hout ook wild hout en kreupelhout is, valt te begrip. In onze boekbeoordelingen zullen wij de gelegenheid hebben daar telkens op te wysen.”

In Desember, 1918, skryf ^{dr.} H. G. Viljoen oor letterkundige kritiek, en noem as driedelige doel van die kritikus:

- (a). die standaard van die literatuur hooghou.
- (b). verdienstelike ywer aanmoedig.
- (c). die smaak van die publiek suiwer en gesond hou.

Dr. D. B. Bosman in 'n heelwat uitgebreider artikel bereik die volgende slotsom: „alles kom hierop neer dat die kritikus sal optree as middelaar tussen die skrywer en die publiek, aan die skrywer laat verstaan wat die publiek van hom verlang, en aan die publiek vertel wat die skrywer te gee het.”

Ook ^{dr.} Van Niekerk sit haar standpunt uiteen met interessante aanhalinge uit Potgieter en Kloos. Sy wys daarop hoe die kritikus lang, die weg van sy beroep menige skrywer kan aanspoor tot ontplooiing van sy beste kragte, hoe hy oorskattig van eie voortbrengsels kan voorkom, of persone wat ten onregte men dat hulle talent besit kan afskrik van te onderneem wat tog ^{to} hulle vuurmaakplek is. „En tegelykertyd bereik hy ook die tweede groot doel van letterkundige beoordeling: hy vorm nl. die smaak van die publiek, en deur sy leiding stel hy hulle in staat om 'n eie oordeel te vel; ...so werk hy mee aan die verdere ontwikkeling van sy lesers, al is dit ook op glad 'n ander manier as die skeppende kunstenaar.” Verder wys ^{dr.} Van Niekerk op die noodsaaklikheid in ons land om nog te let op taal- en stylfonte, en sy merk ~~in~~ die verblydende toename van belangstelling in letterkundige resensies op.

In Desember, 1920, bepleit ~~Dr.~~ P. C. Schoonnes 'n letterkundige kolom in ons koerante: „In ons tydskrifte word baie voorligting op kunsgebied gegee, maar die inkleiding is dikwels te wetenskaplik

om bevatlik te wees in die breë lae van die volk, terwyl dieselfde klasse, weens die eise van die moderne maatskappy, verplig is om hulle koerante noukeurig te lees." Hierop word nie verder ingegaan ^{van die kant van die lesers} nie, wat o.i. bewys dat die skrywer nie in werklik gewolde behoefte aangeraak het nie; ons meen ook dat die aantyging van te grote wetenskaplikheid nie deur die rensies van Die Huisgenoot verdien was nie, en dat s'n tydskrif per slot van sake tog maar die organ is vir kwessies van dieper kulturele belang, ~~as~~ ^{as} lewer as 'n gewone nuusblad.

Wat Schoonnes verder aanvoer bevat egter ongetwyfeld baie waarheid. Hy wys op die noodsaaklikheid vir ons om met britelandse kultuuruitinge en -strominge bekend te wees, en die gevaar van uitdroging (op geestelik-verstandelike gebied) as ons angvallig vreemde invloedse uitsluit. oor kritiek soos dit reeds bestaan skryf hy as volg: "Ons het voorligting nodig, ons het kritiek nodig, wat leiding kan gee, wat moet help ons die smaak van die publiek te suiwer en op te voed. En dit kry ons dan ook in ons tydskrifte - voorlopig alleen maar met betrekking tot ons eie kunstprodukte." Die oordeelvelinge beskou hy as maar baie relatief, want hulle is so subjektief, daar daar geen vaste kriterium voorop kan gestel word ~~as~~ om die werke streng aan te toets nie - die leser moet hom inlees en dan ^{sy} oordeel ^{vel.} Die kritiek moet sy genoed in harmonie bring met die kunstwerke en die besondere gesigspunt van die outeur, presies soos iemand wat in verkyker gebruik, eens na die brandpunt moet soek. En daarvoor het hy nie in hele stiel reeds nodig nie - hy moet eenvoudig die skroefie dan links dan regs draai en intussen sy blik op die voorwerp gooi hom totdat alles in die regte perspektief voor hom staan."

Meer konkreet word al die idees wanneer die verskyning van Schoonnes se proefskrif vir sy doktorsale eksamen in heftige woordewisseling ontrent letterkundige kritiek aan die gang sit. Dit is eerkant jammer dat al die kante van die bespreking nie in ~~as~~ Die Huisgenoot opgeneem word nie; van ⁱⁿ praktiese standpunt dien egter onthou te word dat meeste lesers ook die Burger

son kry. In elk geval beoordeel die redakteur van Die
 Huisgenoot die stryd as volg (Februarie, 1923): „Van 'n dui-
 eger, is ons oortuig: gedagtewisseling soos die wat onlangs
 plaasgevind het aangaande ons letterkundige kritiek is van
 baie groot waarde vir ons intellektuele ontwikkeling en vir die
 aankweek van 'n versyfde smaak onder ons lesende publiek.
 Sulke diskussies, mits dit op 'n beskaafde en onpersoonlike manier
 gevoer word, kan veel nut stig, daar dit ons tog 'n blytjie
 verhef bo ons alledaagse praatjies en ons laat beseef dat 'n
 kultuurmans ook ander voedsel as parlementêre toesprake en
 kabelnuus nodig het.“ Seker is dat die geskryf gedagtes moes
 gaande gemaak het, as gelyk word op die ~~vette~~ verskillende
 kante wat aangeval en verdedig word. Na F.E.J. M. sy eie stand-
 punt ontwikkel het na aanleiding van Schoonnes se kritiek, volg
 'n uitbarsting van J.H. Malan, wat eger totaal onleesbaar is vir
 die gewone leser deur die massa Duitse aanhalings wat dit bevat.
 J.W. neem die geleentheid te baat om ten velde te trek teen „die
 kritiek waarin eksept-beoordelaars, te dikwels met die pen in
 gal gadoop, hulle verlustig“. o.a. doel hy op Schoonnes en ~~Dr.~~
 Pienaar, terwyl F.E.J. Malherbe in hom die ideale kritikus
 uitmaak. (April, 1923).

Dr. J.R.L. van Brugge weer skryf 'n breedvoerige verdediging
 van Schoonnes teenoor Langenhoven op grond van 'n psigologiese
 uiteensetting van die betrokke persone se gemoedstoestande.
 Met Schoonnes se eie antwoord op al die aanvalle, ^{daarby} kry 'n
 mens dan 'n deeglike uiteensetting van alle kante, en bly die
 vraag nog onbeslis, omdat dit 'n subjektiewe oordeel geld en elkeen
 reg het op sy eie oortuiging.

Maar behalwe die resensies, en die beoordeling van die
 resensies, word letterkundige beoordeling, en veral waardering,
 met 'n blytjie historiese perspektief daarby,
 in die hand gewerk deur lewensbeskrywings van skrywers, o.a. van
 Jan Celliers, G.R. van Wielligh, Melt Brink, en, by geleentheid
 van sy dood, Louis Couperus. Verder is die artikels van Jan
 Celliers self oor sy eie gedigte en die ontstaan van sommige daar-

van 'n groot aanwinst vir die poging om die lesers in direkte aanroking te bring met ons letterkunde. Die opstelle van dieselfde skrywer onder "Lettere en Lewe", waarvan die meeste eers in Die Burger verskyn het, is sekerlik bereken om die gewaar te bestry dat in ons praktiese lewe met sy streef na materiele vooruitgang die hoër bestaan misken word, soos dit o.a. geopenbaar word in die kunste. As 'n staaltjie van hoe hy probeer die innerlike dryfvere van groot skrywers na te vors en bloot te lê kan die volgende dien uit sy vergelyking tussen Shelley en ~~Kant~~ Gezelle: "Shelley wek ons bewondering, verbasing soms, op by die skildering van toestande maar die toestande self laat ons koud.", Hy raak as 't ware alles aan met 'n towerstaf wat ons nie nader by die berge en blomme en diere bring nie, dog daar 'n aparte wêreld van maak, wat anders as menslik is. Gezelle, daarenteen, tree die dinge tegemoet as innig liefhebbende mens; hy praat met hulle as mens tot mens; hy veronderstel dat hulle naby die mens staan; net soos die mens voel en geniet en hy ook hulle." --- "Hoewel beter son die ou wêreld nie wels nie as meer mense hulle God en sy skepping so innig liefhet, so rustig en vol vroom vertroue is as Guido Gezelle!"

Deur skrywers uit die buiteland op 'n manier - en in ander opstelle heelwat breedvoeriger - te behandel, het Jan Celliers hier iets bygebring tot die verspreiding van kennis omtrent die groot figure in ander literatuur.

~~Die~~ Waar daar twispunte opkom in die navorsing van die literatuurgeskiedenis in ons land het die redaksie feite aangegee wat kon help om 'n oplossing te bereik. So bv. waar J. H. H. de Waal en ^{dr.} E. C. Pienaar aan die twis raak oor die volgende punte:

1. Het S. J. du Toit ook die dood van die eerste Jaalbeweging veroorsaak?
2. Waar het die Tweede Jaalbeweging ontstaan?

Oor laasgenoemde vraag het die heer Von Willigh meegedeel wat hy deurgemaak het tussen die twee bewegings in, en waar hy fonteinbewerings maak wip die redaksie daarop, o.a. omtrent die verhoudings tussen "Ous Jaal", "Ous moedertaal" en "Die Huisgenoot".

In alle gevalle waar stryd ontstaan het, het Die Huisgenoot sy

kolonne oopgestel vir bespreking om so die beste denkers te probeer betrek in die diskussies, en orals gedagtes gaande te maak. In die geval van Schoonnes se proefskrif verwyt die skrywer die redakteur sy neutrale houding teenoor 'n kwessie waar juist hy 'n helder klank moes laat hoor het. Maar die redakteur verkies om waar dit in saak van persoonlike opinie geld opsy te staan en so die stryds in enger teenel te laat; soos reeds opgemerk ~~kan~~ sorg hy dat daar nooit onkunde of valse voorstellings deurgaans as hy dit uit die weg kan ruim nie. Op die manier neem hy in ons oog die regte houding in van gids eerder as besliser in 'n stryd.

Apart van die rol wat Die Huisgenoot gespeel het in verband met kritiek en leiding ten opsigte van die proaaverhale en die digewerk van ons letterkunde, moet nog nagegaan word wat gedoen was vir die ontwikkeling van ons toneelliteratuur. Die behoefte op die gebied en die mate waarin voorsiening verskaf geword is, word tuisgens apart behandel omdat ons toneelkuns as geheel wil neem, dws. behalwe die literatuur ook die opvoering van stukke. In 'n sekere sin behoort die afdeling ~~tuis~~ tuis by die behandeling van kuns in 'n algemene sin, maar die letterkundige sy is van so groot belang dat ons meer die hele gebied kan bes hier onder bespreking kom.

Die feit dat ons vandag nog so vertagter staan op die gebied van die toneelkuns is 'n aanwysing na die groot behoefte wat in 1916 moes bestaan het aan voorligting, leiding, aanspooring tot prestasies op die gebied. Die vraag of die tekortkoming meer toe te skrywe is aan die gebrek aan toneelstukke of aan 'n publiek om die opvoerings te waardeer word terloops aangeraak deur C. F. Visser in 'n breedvoerige pleidooi vir 'n meer aktiewe optree in die verband. Hy wys daarop dat die volk saamlik gespeeld die skouburg, die teater, die bioskoop besoek; ons plig is dit om te let op die invloed wat van die toneel uitgaan. In alle lande ontwikkel die toneel tot 'n magtige faktor in die samelewing; by ons sal dit ook gebeur - laat dit dan word 'n faktor in die vorming van die karakter en gees van ons volk. Die toneel maak die mees ^{algemeen} verstaanbare vorms van die kuns uit daar dit die ^{dikte} weergawe van die daelike lewe beoog - en elke mens ken die lewe. Hy gee aan die hand dat ons

opvoer wat ons het, en so die behoefte - 'n belangstellende publiek -
 skep; dan sal skrywers skrywe. Hy bespreek verder die moontlik-
 heid van die oprigting van 'n sentrale toneelkomitee om leiding
 te neem. Die artikel het reeds in die tweede nommer van
 Die Huisgenoot verskyn, wat wys dat daar wel mense was
 wat toe al die behoefte vir inspanning in die rigting gevoel het.
 Dit is egter teleurstellend dat 'n stuk met soveel verdiensteliks daarin
 geen bespreking uitgelok het nie, tenoplyte selfs van die verwyding
 daarna deur die redaksie 'n paar maande later. Dit lyk dus
 of die publiek as geheel nog nie 'n behoefte op die gebied gevoel
 het nie.

Yog word intussen verskeie Afrikaanse toneelstukke opgevoer, en
 baie van die foto's van die spelers verskyn in Die Huisgenoot; so word
 op 'n klein skaal iets gedoen om bekend te maak wat plaasvind
 in die toneelwêreld. Verder word nuwe stukke in die kolomme
 geresenseer: die gebreke van „Die Vrouw van Suid-Afrika” - Langerhove
 wat toe nogal herhaaldelik opgevoer was, word aangetoon, maar ook
 die verdienstelikhede; die niters onbevredigende poging van Slabbert
 in „Die Nuwe Onderwyseres” word streng ^{ge-}kritiseer, hoewel die Skrywer
 nie absoluut doodgedenk word nie. Die resensent herinner hom aan die
 bestaande wet van die kuns: 'n goeie drama moet nie alleen 'n
 gepaste tone he nie, maar 'n behoorlike bou, beknopte maar doel-
 treffende karaktertekening, dramatiese handeling en 'n lewendige en
 natuurlike dialoog. En van die kern-oorsake vir ons' agterlikheid
 op die gebied word aangeraak in die slot van genoemde resensie:
 „Ons grote agterlikheid in ons toneelliteratuur - en ons is regtig baie agter
 as ons bedink dat uit die ongeveer sewentigtal toneelstukke wat ons
 reeds in Afrikaans besit, daar nie meer as vyf of ses is wat enige
 besondere kunswaarde besit nie - is ook ongetwyfeld daaraan
 te wyte dat ons toneelskrywers veel minder as ons prosaskrywers en
 digters by die groot meesters van ander lande in die leer gegaan
 het.” (Februarie, 1919).

In 'n stuk oor 'n opvoering te Wellington wys ^{dr.} Van Niekerk,
 Julie 1919, op 'n paar van die algemene tekortkominge soos die klev-

drag, die voorstelling van die boermense, die kleurlingrolle, en die sug om die lagspiere te pikkel - ^{waartoe} ~~wat~~ nie altyd die fynste vorm van humor nodig is nie. Natuurlik is in groot oorsake in gebreke by die spelers die afwesigheid van 'n toneel om as voorbeeld te dien; maar ons kan tog ons interse probeer om die „illusie dat wat vertoon word werklikheid is” te handhaaf.

In Maart 1920 word die vertaling uit Frans „Die Skoonseun van Mrs. Poirier” deur ^{dr.} D. J. Malherbe, en dit uit Duits deur ~~dr.~~ dr. Gosskoff, „Die Kerantstrywers,” hartlik verwelkom, omdat ons so nodig het om kennis te maak met die meesterstukke uit ander lande.

In September van dieselfde jaar verskyn die oorspronklike toneelstuk van ^{dr.} Gosskoff, „in Esau,” wat in die Bosveld speel. Dit word genoem „in 'n eg Afrikaanse drama,” en van harte aanbeveel. Dr. Van Niekerk beskou dit as een van die beste wat ons het, hoewel sy die tema meer geskik vind in 'n roman. 'n Jaar later (September, 1921) skryf ^{dr.} Gosskoff self 'n artikel oor die hoë eise van die artistisiteit by 'n goeie opvoering aan die regte samewerking tussen skrywer, toneelleier en spelers; daarby kom nog die interlik van die spelers, waarty die hulp van 'n kunstenaar uitstekend te pas kom. Sulke hulp verskaf Erich Mayr dan ook deur sy tekeninge van die karakters in „in Esau” soos hy meen hulle behoort voorgestel te word; hulle is werklik goeie uitbeelding, soos ^{dr.} Gosskoff hulle ook vind, en daar hulle spesiaal in Die Huisgenoot geteken is, is hulle in groot aanwys in die blad.

Vanaf Augustus, 1922, verskyn onder die Werda-reubiek 'n reeks artikels deur J. D. du Plessis oor „Afrikaanse Dramatiek,” waarin hy algemene kenmerke van die drama in Afrikaans weergee, en dan oorgaan tot 'n besondere beskouing oor sekere spele van in kronologiese volgorde vanaf Melt Brink tot Langenhoven se „Vrouetrou.” Sy algemene opsomming kom op drie gevolgtrekkings neer:

- (1). Die humor is tot dusver nie van die beste gehalte nie - en tog lag die mense; hulle smaak moet dus verbeter word deur verbeterde skrywers wat hulle nie moet skik na die smaak nie, maar

die smaak moet probeer verskyn;

- (2) daar is nog die onmisbare neiging tot tendens - prekerigheid;
dit sal egter mettertyd verbeter;
- (3) & daar is aanmerklike verbetering in die bou van die drama te bespeur; ook in karakterskildering, en op sielkundige gebied; daar is dus hoop vir die toekoms.

So'n oorsig van ons toneelliteratuur is interessant, maar dit mis grotendeels die krag van 'n persoonlekhed in die geval; 'n mens ~~verwag~~^{verwag} ná 'n studie van die onderwerp 'n taamlik ontontatiewe verklaring ~~van~~^{van} die gebreke, en 'n praktiese aanwysing van 'n weg tot verbetering. ~~van~~.

'n Samevatting soos hierbo aangegee van wat Die Huisgenoot gedoen het vir die ontwikkeling van ons toneelkuns gee die indruk dat daar nogal taamlik goed te werk gegaan is om deur middel van resensies die dramatiste te probeer voorlig; deur aanwysings die publiek te probeer interesseer in die kuns; en deur inligting ontrent die opvoering van bepaalde stukke die kuns self vooruit te help. Maar wanneer die tydperk van sewe-en-'n-half jaar waarop dit alles ~~ver~~^{ver} versprei was, in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat veel van die krag van die optree ~~vervloei~~^{vervloei} het. Die gebrek aan belangstelling by die publiek in die begin, soos afgelei kan word uit die ontvang van Visser se artikel,¹⁾ kan aangwoer word as 'n teken dat die tyd nie ryp was vir bemoeïing nie; maar dan moes die belangstelling aangekweek ~~geword~~^{geword} het, veral in die later jare toe die eerste dringende behoefte aan taalonderrig enigens op die agtergrond geraak het. Persone wat van die onderwerp afweet, wat bv. bekend is met toestande in ander lande, moes gepra geword het om die direkte oorsake van die agterlikheid op die gebied na te spoor. Om die behoefte in ons land voor die aandag te bring kon meer gedoen geword het om geleenthede vir opvoerings te skep, bv. deur te ywer vir 'n groter ruimte vir sulke vertonings op ons volksfeeste.

'n Mens kan nie help om te voel dat 'n tydskrif soos Die Huisgenoot meer moes gedoen het vir die opbou van die belangrike sy van ons volkskultuur nie, veral daar die professionele skouburg in ons land vandag

1) Vgl. bl. 80.

nog uitsluitlik in Engelse instelling is, wat minder as niks
doen aan ons saak nie deur ^{juis} die ~~juis~~ kultuur waarteen
ons moet stry om in bestaan, voort te help en algemeen te
versprei in ons land.

* * *

By in algemene beoordeling van die werksaamhede van Die Huis-
genoot in verband met letterkundige kritiek in die lig van die behoefte
waarin voorsien moes word, word die eise wat in die begin van
die afdeling gestel is, deels as rigsoer gebruik. Hulle het egter net
betrekking op die Afrikaanse letterkunde self, terwyl van die tydskrif
as kultuurblad ook verwag kan word dat dit rekening sal hou
met die ontwikkelinge en nuwe rigtinge op ~~die~~ letterkundige gebied
in ander lande.

Deur middel van die boekbeoordelinge, wat verreweg die
vermaantste gedeelte van die rubriek uitmaak, het die blad oor
die algemeen sy pligte goed nagekom. Met uitsondering van die
klompie minder gelukkige gevalle waarvan 'n paar voorbeelde
reeds aangehaal is (bl. 69, 70), was die resensies met hulle soms
skerpe afkeuring van die slegte en hulle dikwels besielende
waardering van die goeie, bereken om nie alleen 'n hoë standaard
vir die skrywer voor te hou nie, maar ook by die leser die begeerte
op te wek om met tenminste party van die aanbevole werke
kennis te maak, en verder 'n eie oordeel oor die gehalte van
'n produk ^{aan te kweek}, wat hom goed te staan sou kom in sy daaglikse
lewe, ^{aan te kweek}. Dit kan nie gesê word dat Die Huisgenoot
ontmoedigend te werk gegaan het nie; daarvoor was die resensente
te duidelik bewus van die dringende behoefte aan leesstof vir
die volk.

Die artikels oor letterkundige kritiek, wat taamlik dikwels
verskyn het, was bereken om die inter belangrike taak te verrig
van die kritisie te laat nadink oor hulle pligte, en hulle te
verhoed dat hulle in 'n ~~and~~ konvensionele groep versink, waar-
deur hulle werk baie van sy waarde sou verloor het.

Aan die ontwikkeling van 'n sekere mate van letterkundige
perspektief en van dieper letterkundige waardering is iets gedoen

deur die laaste van Jan Celliers se opstelle oor „Leue en Lettere”, (hoewel dit jammer is dat net in gedeelte van die reeks kon verskyn), en deur lewensbeskrywinge van ’n paar van ons skrywers van raam. Van ’n seker standpunt is dit van groot waarde vir ’n jong volk om sy vooraanstaande mense te leer ken soek as hulle uog rondom hulle verkeer. Om die rede meen ons dat Die Huiscgenoot ’n beeljie te kort geskiet het in dié opsig; behalwe ^{van} Jan Celliers ^{en} ook ^{van} ons ander groot digters interessante lewensketoe verskyn het; van party van die prosaskrywers kon vutil geword het, b.v. van Sangiro wat maar betreklik onbekend aan die volk was toe sy boek soveel gedoen het om ons letterkunde in die buitewêreld bekend te maak. Dit is tog immers nie nodig om te wag tot die mense dood is om van hulle melding te maak nie.

’n Verder gebrek in die rubriek is dié wat Schoonnes op wys, nl. aan verteenwoordiging van die buitelandse literatuur, en meer spesiaal die Nederlandse. Vir ons tydskrifte meen ek is die tyd tens gekom vir ’n breër behandeling van die literatuur, vir ’n intenser meelewe in die literêre strominge van die wêreld, sonder welke dit onmoontlik is om die literatuur van enige land te begryp. Deur vergelykende studie alleen kom ons tot ’n besef van die groot eenheid, tot ’n begrip van die menigvuldige aanknopingspunte tussen die nasionale en die internasionale kultuur. Dit is onmoontlik om elke literatuur in ’n aparte hokkie te hou. Ons moet in staat wees om ’n blik oor die hele wetenskap te werp, en op dié wyse alleen kan ons die onderlinge verband tussen die verskillende dele en die groot geheel begryp.”

In die eerste jaargange was dié behoefte seker nie gevoel nie, was die voorsiening daarin in elk geval van minder dringende belang as die aandag aan ons eie letterkunde wat toe byna van eerste beginsels af aan moes opgebou word. Later, egter, toe ons al ’n hele endjie ver gevorder was, het dit bepaald noodsaaklik geword dat ons as volk in aanraking sou gebring word met nuwe rigtinge en strominge in ander lande se literatuur, en met groot werke van algemeen kulturele belang wat in die buiteland prester was. In die geval

van ons toneelletteratuur het 'n outortiteit reeds gewys op die onbekendheid met die meesters op die gebied as 'n groot oorsaak vir ons agterlikheid (bl. 31). Dr. E.C. Pienaar maak wel in sy bespreking van „Orde die Olyfboom“ (April 1923) terloops melding van „die in die moderne Europese letterkunde so welbekende tema van die ewige trio - hy, sy en die ander een -“ wat ons hier het, „oorgeplant op Afrikaanse bodem en aangepas by ons teensewoordige kultuurtoestande;“ op die mate van verteenwoordiging van Europese letterkunde in die artikels van Jan Allers is reeds gewys; verder is in 'n paar gevalle deur middel van resensies Nederlandse werke voor die aandag gebring, soos in die geval van „Pallieter“, en 'n lewensskets van 'n uitstaande moderne skrywer is gegee, nl. van Louis Couperus. Dit is egter duidelik dat hier geen doelbewuste streef was om geleidelik 'n samehangende verband aan te toon en 'n intelligente belangstelling op te wek nie.

Afgesien van die paar groot tekortkominge, wat ons herhaal eens in die later fase op die voorgrond gekom het, het Die Huisgenoot sekerlik letterkundige kritiek gelewer wat bereken was om ontzaglik veel hulp aan beide skrywers en leers te bied, veral in die tydperk toe die bydraes tot die letterkunde in groot getalle ingekom het. Die blad het sekerlik nooit gevaar loop om soos De Gids die skeldnaam van 'n „beul“ te verdien nie, maar het tegelykertyd oor die algemeen tog sterk opgetree waar afkeuring nodig was, en aan die ander kant gehelp ons waarderung te verkry ~~vir~~ vir wat goed was.

§4. Die ⁱⁿBewording van Suid-Afrikaanse Kuns.

Op die groot behoefte in Suid-Afrika tydens die ontstaan van Die Huisgenoot aan leiding en voorligting by die aankweek van 'n smaak vir kuns, is elders reeds gewys (bl. 25). Vir 'n jong volk wat nog nie tot 'n volle selfbewussyn gekom het nie, wat net met alle mag die stryd aanvaar het teen 'n uitlandse kultuur wat die Afrikaanse met oorweldigend bedreig het, was ook die gebied van die kuns 'n hoogbelangrike om te ontwikkel. Die idee dat kunsprodukte niks meer as wêreldartikels is wat wel pas by die ryker, hoërdaan-

de klasse van die samelewing, maar die "breë lae" van die volk nie aangaan nie, moes met verdrag verdrag word deur die besef dat 'n mens aan die bloot materiële nie genoeg het in die lewe nie, maar ook die fyner, meer verhewe sy moet kan waardeer en geniet.

Die eise kan in hoofsaak aan 'n tydskrif gestel word in son tydperk:

- (a). dat dit die kunstenaar self kritiseer en aanmoedig, want net soos die letterkundige het die skilder of beeldhouer ook sekere groot beginsels om in aanmerking te neem;
- (b) dat dit die kunstenaar van die volk ontwikkel deur hulle bekend te maak met die kunstenaars en hulle werke nie alleen nie, maar ook met die grondbeginsels waarvolgens kuns waardeer kan word;
- (c) en dat dit deur simpatie by die volk op te wek vir hulle kunstenaars, en waardering vir die werke van laasgenoemde te verkry, 'n groot gebied afgetgebied vir die produkte bewerkstellig sodat die kunstenaar in staat gestel word om al sy kragte aan sy kuns te wy.

Die term kuns het hier betrekking op verskillende gebiede; ons doel nl. op die volgende afdelinge: Schilderkuns, wat insluit tekening, skildering, ets- en houtsnede-kuns; beeldhouerkuns; boukuns; ander ^{nywerheids} ~~handwerk~~ kunste, en toonkuns.

Wat die schilderkuns betref het Die Huysgenoot werklik baie gedoen om aan bogenoemde ~~verste~~ eise te beantwoord. Na die taal- en letterkunde-rubrieke is dit seker die kolom waaraan meeste sorg bestee is. Van die begin af verskyn gereeld onder "Suid-Afrikaanse Kuns" die lewenssketse - dws. insover hulle betrekking het op die kuns - van die skilders wat toe al reeds aan die werk was om 'n nasionale kuns op te bou. Nadat die kunstenaar as mens aan sy leers voorgestel is en welig iets oor sy ontwikkeling en opleiding meegedeel is, word sy spesifieke styl, sy einaardighede en sy beskouing in verband met sy ~~werke~~ uitinge uitgesit en deur afbeelding of fotografie van 'n paar verteenwoordigende stukke toegelig. Natuurlik is die weergawes heeltemal gebrekkig waar dit

kleurskilderinge geld, maar op die forsheid of teerheid van opvatting en uitbeelding of op die stemming wat uitgaan van 'n skildery kan tog gewys word.

Op die manier word aan die leers bekend gemaak Gwelo Goodman met sy ewangelië van ~~werk~~^{arbeid}, blymoedige arbeid geïnspireer deur die waarneming van die natuurskoon om ons heen, en sy uitbeelding daarvan in sy skilderstukke; Pieter Wenning, "een van die grootste skilders, so niet de grootste, die wij in Zuid-Afrika hebben" (Sept. 1916), wat tog so gebind is aan sy roetine-lewe waarmee hy 'n bestaan moet maak, dat hy maar heel weinig tyd en kragte aan sy kunst kan wy. Die artikel veel is so simpatisch geskrywe dat dit werklik weerklank in baie Afrikanerharte moes vind. 'n Paar jaar later word 'n tweede keer oor die skilder geskryf, oor "sy hartstog vir kleure" wat enig is onder ons skilders, en die wens word uitgespreek dat van sy stukke in die skildery-musea mag opgeneem word ~~dat~~ daar hulle 'n eerste plek inneem onder die voortbrengels van ons land. Nog 'n paar jaar later, en sy doodberig word die land ingestuur. Sy betekenis vir ons Afrikaanse kunst word uiteengesit as die eerste Afrikaanse opeelug-skilder, en een wat altyd gepoog het om deur te dring tot die siel van die voorwerp of toneel wat hy weergel; groot stukke het hy vir ons nagelaat, maar, soos dit in ons land meer dikwels gebeur, feitlik onerken is hy uit ons midde weggeruk.

Hugo Vandé is een van ons eie volksgenote wat na sy studie in Europa hier kom werk, en geen geskikte werking kan kry nie; om sy egte Afrikaanse kunst verdien hy ons waardering en simpatie. Piemeer lê hom toe op olieverfskildering, tekening, etse en houtsnede-kunst; uit al sy werk straal sy eie persoonlikheid, vry van Europese bande. Maar — alweer is daar vir hom geen bestaan te maak uit 'n algehele toewyding aan sy kunst nie, aan al sy planne vir die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse kunst op grond van die studie van Bantoe- en Boesmankunst nie. 'n Praatjie oor die etskunst, waarby ook Aschenboom se werk in aanmerking gekom het, het seker gehelp om 'n beter verstaan en waardering van die soort kunst te bevorder; so ook die uiteensetting van die

kontseleksens, waaromtent nog groot onkunde beheers het.

Oor Erich Mayer word baie geskryf - heeltimal ~~te~~^{tereg} meen ons as een van die fynste tekenkunsenaars wat ons het; na al sy moeilikhede met sy gesondheidstoestand en sy behandeling gedurende die oorlog, is sy ideaal los nog om die boerskilder van Suid-Afrika te word; die afdrukke van sy Afrikaanse tepees (Julie 1920) bewys hoe deeglik hy hom werklik ingeleef het in die volkskarakter en die samelewing hier. Waar oor sy landskaps-tekeninge uit Transvaal geskryf word blyk nog 'n keer hoe hy slaag ~~na~~ in sy strewe na die uitbeelding van wat aan die volk eie is: „En ons besef dat die kunstenaar wat in hierdie tyd, terwyl ons eie kultuur nog maar leer praat, uiting kan gee aan die stemminge van ons land, - - - aan ons kunsarme land 'n groter diens bewys as die een wat siegeregig in 'n kras individualistiese rigting streef, sodat die minste mense sy kuns kan begryp of waardeer." (Februarie 1921). § Mayer se stukkie in die kinder-oor „die skoonheid van nietige dingetjies" in die uitgawe van April, 1922, getuig in sy kinderlike eenvoud van 'n diepe kunssin, en die klein illustrasies van die „nietige dingetjies", o.a. van 'n komkommerrank, 'n stinkblaarsaad, die rugstringbeentjies van 'n skaap, maak die skoonheid werklik aanskoulik.

Wanneer Chas. Neethling terugkom van sy studies in Europa, word die aandag op hom gevestig hoewel hy nog geen bewys gelewer het van wat hy in ons land kan doen aan die kuns nie; hy word vooraf gewaarsku teen 'n sieellose navolging van Europese kuns, en op die ontwikkeling van 'n eie opvatting word aangedring. Dat later nooit weer melding van sy werk gemaak is nie is seker toe te skrywe aan die feit dat hy nie een van die groter geword het nie; miskien sou dit juist doeltreffend gewes het om te wys op sy tekortkominge, b.v. in die weergawe van helder kleure.

Van Edward Roworth word in Junie, 1917, melding gemaak as die beste portret-skilder in die land; en sy landskappe munt uit deur kragtige weergawe en uitbeelding. 'n Paar maande

later (Januarie, 1912,) word hy heelwat skerp gekritiseer, hoewel 'n gedeeltelike verskoning gesoek word in die gebrek aan die aansporing en beieling wat uitgaan van 'n omgewing wat homself bewus is. Daar is nog geen publiek wat 'n trone weergawe van eie natuur, eie wese, eie gedagtes in die persoonlike werke van die kuns verlang nie. Reeds tevore is gewys op die onmoontlikheid, ^{daarvan} vir 'n kunstenaar om hom af te sonder van die land waarin, en die volk met wie, hy leef; in Loworth se werke tref juis die afwesigheid van werklike aanraking met die Suid-Afrikaanse wêreld: die landskappe kan sweged in 'n ander land tuishoort; die lugte is nie ons 'n nie; die kleurmengeling is onafrikaans - alles grotendeels te wyte aan die gebrek aan waardering deur Afrikaners. Hy het 'n persoonlikheid as skilder, en daarom is dit so jammer dat dit vir die Afrikaanse kuns moet verlore gaan; miskien as toestande verbeter sal hy later wel tot die Suid-Afrikaanse skilderskool behoort. Reproduksies word gegel om sover moontlik die gebreke in die konkrete aan te toon.

Ander kunstenaars wat behandel word - dws. skilders - is Churchward en Elliot wat saamwerk om die fotografie, en die skilderkuns te verbind tot heel verdienstelike werk; Aschenborn en Luyt, elk met sy eienaerdighede van werk en styl.

In die laaste paar jaargange word ook met elke nommer van Die Huisgenoot 'n bylae uitgege van 'n kunststuk van 'n Afrikaanse kunstenaar, oa. Erich Mayer se pentekening van 'n Vrystaatse boer; Aschenborn se ete, "Jesentale in die dag"; Hugo Handé se Aria Mieljie; 'n paar houtdrukke van Piemeel. Hierdie bylae kon skerlik in meer as een huis 'n lie plekkie aan die muur opvul, of, ^{ook} beter, ~~ook~~ 'n minderwaardige almanakprentjie of iets dergelike vervang, veral as dit met die aangebore talent by baie Afrikaners vir mooi houtwerk, in 'n pastlike lys omraam was.

Behalwe die aparte behandeling van ~~kunstenaars~~ ^{skilders} uit ons midde, is daar 'n paar algemene artikels oor skilderkuns wat interessant en

belangrik is. Kneen J. van Kleen skryf 'n reeks artikels oor „Die Beeldende Kunst”, waarin hy eers redes aanvoer vir die beskouing dat beeldhou- voor tekenkuns ontstaan het; vervolgens die geboorte van die tekenkuns nagaan, om die hele ontwikkeling in hooftrekke uiteen te sit oor die moeilikede heen van b.v. die afbeelding van viervoetige diere, en later van perspektief. Die menigvuldige illustrasies help om die artikels interessant en duidelik te maak. Dieselfde skrywer gee ook later 'n reeks beskouinge oor die Boesmankuns, waarin hy besonder veel belang stel. Hy wys op die belang wat die studie kan hê vir die oplossing van sekere geskiedkundige vraagstukke, soos die aanraking tussen die Boesmans en die Egiptenere in die oudae, of die ontstaan van Simbabwe; of vir wetenskaplike navorsinge op die gebied van die dierkunde, ens. Verder werk hy sy mening uit hoe die studie kan lei tot 'n beter besef van wat nasionaal in die kuns is, togelg deur tekeninge van dieselfde toneeltjê soos in die kunste van verskillende nasies son uitgebeeld word. 'n Vergelyking word getrek tussen die gebruik van lyne in moderne skilderkuns en in die van ~~van~~ die Boesmans, die gemoedstemminge deur die Boesman weergegee met sy eenvoudige lyne word uitgebring deur aftekeninge uit die Boesmankuns van figure wat o.a. ^{kan} voorstel lompheid, lyding, plinsing, leue muskierigheid; en eindelik word aangetoon hoe kunstig hulle soms beweginge van mense en diere gesuggereer het. Die oorbloed van illustrasies op elke bladsy maak die stukke baie aantreklik en gee 'n aankoulike voorstelling van wat die skrywer wil uitbring.

Melding kan in dié verband gemaak word van die paar baie interessante artikels oor die karikatuurkuns, en oor Boongaaiers, ons baanbreker op die gebied, met sy eg Afrikaanse humor en die seinsurpe van dinge; en van Eugène Kress se voorliggende stukkie oor die afneemkuns, b.v. die afneem van wilde diere; en die wenke aan amateur fotografoue oor die keuse van 'n onderwerp, die komposisie van die prentjê, die

behandeling van die kieke, ens. Hy sien 'n nog onbearbeide veld in die reproduksie van ons vlaktes - 'n studie waardeer gehelp kan word,, om die gevoel vir die Skoonheid van ons groot vlaktes aan te kweek, - veral by Jong Suid-Afrika - en daartoe by te dra dat skoner portrette van hulle vaderland ingang vind in die huise van ons bevolking, in plaas van die ingevoerde prelle van geldmakers."

As verteenwoordigers van die beeldhoukuns in ons land word Anton van Wouw, S.J.P. Eloff en Moses Kottler behandel: Anton van Wouw, veral bekend om sy vrouebeelde op die monument te Bloemfontein, met 'n hele paar illustrasies van sy werk; Eloff, wat vind dat hy in Suid-Afrika geen bestaan van sy kuns kan maak nie; en Moses Kottler, die jong beeldhouer - skilder wat beloof om op eie lyne te ontwikkel in plaas van na te volg.

Die totale gebrek aan belangstelling in 'n eie boustijl in ons land word tot op sekere hoogte bestry deur artikels in Die Huisgenoot. Henry Pilkington is die enigste belowende jong Afrikaanse argitek wat in Die Huisgenoot voor die aandag kom. Verder ~~te~~ word deur A. Fonchi 'n reeks beskouings gegee oor die Afrikaanse boustijl soos geopenbaar in die ou Hollandse huise. Hy probeer eers die leser voorlig in die onderskeiding tussen verskillende boustijle, en wys dan op die doeltreffendheid van die Afrikaanse styl; maar nie hierom alleen moet die erfstuk gehuldig word nie - ook omdat dit nasionaliserende waarde het, 'n bewys is van 'n bewuste volkseenhed, 'n "onoortkoomlike borsewing" in ons stryd teen 'n vreemde kultuur. Die artikel is egter enigszins oppervlakkig, en die stuk van J. F. W. G. is dus 'n welkome afwisseling waar dit prikkel tot nadenk, bv. oor die vraag of die ou boustijl kan beskou word as 'n ontwikkeling uit wat ons vandag beskou as die Afrikaanse volkskarakter. Opbouend krities tree die Skrywer op deur te wys op 'n paar illustrasies wat ontwerpe weergee deur R. J. van Keulen vir 'n kerk, 'n monument en 'n kerkhof, en hulle te bespreek met ^{die} oog op die uitbeelding van die volkskarakter deur hulle weerspieël.

Jouhé neem blykbaar aanstoot aan die mate van weerspreking van sy idee en skryf weer 'n paar artikels om die doeltreffendheid van die ou boustyl te bewys.

Interessant in dié verband is die ~~ook~~ aankondiging van Dorothea Fairbridge se boek: "Historic houses of South Africa," waarin sy ^{o.a.} beweer dat die boustyl hier heeltemal verskil van die Hollandse & boukuns in Amerika en dus daarvoor pleit dat dit wel teëpies Afrikaans is.

Gewone handwerk-kunste ~~waaronder~~ ~~noeg~~ vir die ontwikkeling waarvan noeg sterk gepleit word in Die Huisgenoot berus op die talent deur die kryggswaangenes gedurende die Boeroorlog aan die dag gelê vir die vervaardiging van allerlei kunetige voorwerpe uit hout, been en klip - (vgl. die kerkies in die nommers van Aug. 1916 en Oktober 1922). Verder word aangedring op aanmoediging vir die kunetige leer- en velwerk van die Namakwalandse boere, waarvan 'n sleksie pragtige aftekeninge deur Euchs Mayer verskyn. Mostert bepleit weer die ontwikkeling van waalduerk as 'n nasionale kuns, en Mayer teken reeds 'n paar ontwerpe bestaande uit Afrikaanse motiewe vir hekelpatrone, ens.

Op 'n eie toonkuns verskyn die eerste algemene artikel in die uitgawe van Augustus, 1921, nl. die van C. J. Visser: "Ons Musiek". Hy kom neer op die onbevredigende toestand van sake in ons land op dié gebied: waar dit ons letterkunde en letterkundige kritiek geld is vooruitgang te bespeur; maar tevergeefs word uitgesien na toonaangewende beskouinge oor musiek - as 'n artikel nog verskyn lok dit geen bespreking uit nie. Tog is die toestand traglik; waar dit bv. die opleiding van musikante geld, kry hulle hulle beseppopleiding in meeste gevalle direk na Std. VII. Wat kan van sulke intellektueel onrype mense verwag word? En dit is die publieke opinie wat sulke dinge moet kontroleer.

Wat op dié taamlik heftige uiteensetting nog geen bespreking gewalg het nie, wy toe doodse die volk self in die middel van 1921 nog was op dié gebied. En tog is die behoefte aan eie musiek, aan eie volksliedere veral, van die ~~reeds~~ ontstaan van Die Huisgenoot

al gevoel en uitgespreek. Van tyd tot tyd is liederbundels aangekondig, dws. versamelinge van bestaande liedjies; so nou en dan ook 'n oorspronklike toonsetting, br. van M. L. de Villiers, Eysen, Spiethoff, Endler; maar die hele aantal is ~~nog~~ maar baie gering en voorsien nog glad nie in die behoefte nie.

Interessant is die paar stukkie heftige kritiek op onwerdienstelike werk: die een op K.R.N. se toonsetting van sy eie mooi gedig, „Die Gêns van Suid-Afrika“, na aanleiding van die hopeloosheid waarvan Nareda 'n bietjie uitwei oor die moeilikhede van musiekkomposisie. K.R.N. was gelukkig verstandig genoeg om die kritiek in 'n goeie gees op te neem en sy eie toonsetting terug te trek ten gunste van beteres. Ook die ander stuk kritiek waarvan ons wil melding maak, is van Nareda, die keer oor Nico Hofmeyr se toonsetting van „Onge Moeders;“ na 'n roukeurige ontleding veroordeel hy die stuk in een woord as 'n mislukking. Herten word deur sekere Beyers 'n baie onverstandige, heftige bewaar gemaak, meer op die verbiedwaardige persoon van ~~mnr.~~ Hofmeyr as op 'n dergelike kennis van musiek gegrond - 'n soort onverdraagsaamheid wat maklik alle eerlike kritiek totaal kan ontmoedig. Gelukkig wy die redakteur van Die Huisgenoot op die feit dat Nareda een van die bevoegde mees bevoegde kritiese op die gebied van die toonkuns is wat ons land beat.

Die koms van Emiel Hullebroeck en sy ontvang in Suid-Afrika wek verwagtinge op vir die toekomst van die Afrikaanse lied - maar toestande is aan die end van die bestaan van Die Huisgenoot nog maar net so hopeloos.

Soos die redaksie op taal- en ander gebiede probeer leiding gee het, is daar in die inleidingspartikel van ^{die} „Februarie, 1919“-nommer 'n kragtige uiteensetting van hoe dit die nasionale in die kuns is wat grootheid en 'n hoë peil bewerk; die idee word toegehoë deur die hoofkenmerke van ander nasionale kunste aan te haal: „Die Assiriese kuns staan bekend vir sy simbolisme, die Egiptiese vir sy realisme en die Griekse vir die ideale toestand wat die

Griekse kunstenaar verstokk; maar watter kleur dit ook dra, in die bloeiperiode was die kuns nasionaal." Verder word op 'n paar trekke in die volkarakter aangedui wat in die volkskuns moet tot uiting kom, soos bv. sy streng Kalvinistiese lewensopvatting wat gekant is teen 'n bewondering, van die kuns terwille van die kuns self, wat die kunstenaar ook al mag voorstel."

* * *

As 'n mens vandag toestand in ons samelewing gader slaan is die gebrek op fittlik al die gebiede hier onder kuns behandel, nog so opvallend dat dit kan voorkom asof ~~nie~~^{geen poging} nog ooit ter verbetering aangewend is nie. Die rubrieke van Die Huisgenoot soos hierbo aangegee bewys egter die teenoorgestelde. Die gebied van die toonkuns daargelaat — want hier moes 'n beter poging gemaak gewees het om die publieke opinie in te lig en op te voed om 'n suwvel, bv. soos die ekstern eksaminatore, van wie al die heil van ons arme ~~musisie~~^{musiek} in die kort tydjie wat die eksamen duur, afhang; ook kan deur algemeen inliggende stukke oor die waardering van musiek die publieke smaak verbeter geword het — was die aandag aan die beeldende kunste gewy skerpelik breken om aan die eise aan die begin van die hoofstuk gestel te voldoen. Aan kritiek oor, en teruggewysing aan, kunstenaars is 'n paar maal iets gedoen: miskien was daar nie meer geleentheid voor nie — in elk geval was die behoefte daaraan na ons mening heel veel kleiner as aan die waarderende beskouinge wat die lesers sou voorlig in hulle beoordeling van kunswerke, want verskeie goeie kunstenaars was reeds aan die werk terwyl daar byna algemeen gebrek aan waardering en kunsinn was. Op 'n mooi manier is die regte weg tot die deuggronding van die idee wat die kunstenaar wou uitbeeld en die ^{ontwikkeling van 'n} smaak vir die egte in sy werk aangegee. Natuurlik was daar die moedigheid van ondoeltreffende reproduksies om die uiteensettinge aan te vul, en daardeur het baie invloed op meer as een leser seker verlore gegaan; dat daar egter met al die moeite tog 'n mate van sukses

behaal is, getuig die volgende aanhaling uit die nommer van Desember, 1922: „So stadigzaam begin ons publiek die smaak ontwikkel in ete en houtdruk. En ons mag wel aan Die Huisgenoot vir 'n groot gedeelte die eer daarvan gee.”

dat die ideale toestand verreweg nie bereik is nie blyk nie alleen uit die teenwoordigheid, ^{nie} van prulle in feitlike al ons boekehuise tot vandag toe nog, ~~nie~~, maar ook uit die geringe afsetgebied wat daar teenwoordig nog maar is vir kunswerke. ^{Insover} ~~in~~ ~~baar~~ die aankoop van skilderstukke gepaar gaan met goeie smaak kan die gebrek miskien gedeeltelik aan Die Huisgenoot gewyft word. Aan die ander kant, egter, is dit ook waar dat die hoë prys van sulke werke, eerder dan gebrek aan kunstmaak, in baie gevalle die oorsaak is, en daaraan kan 'n tydskrif niks doen nie. Insover ons beoordeling ook berus op die vraag: in hoever was die inhoud van die blad bereken ons in die behoefte te voorsien? moet ons hier nie soveel op uiterlike gevolge afgaan, ~~was~~ as op die gehalte van die stof in Die Huisgenoot aangebied nie. Van uit die standpunt dan het Die Huisgenoot sekerlik baie goeie werk gedoen vir die bevordering van 'n eie Suid-Afrikaanse kuns, of meer noukeurig uitgedruk, van 'n eie Suid-Afrikaanse skilderkuns.

§5. Opwekking van Belangstelling in Suid-Afrikaanse Natuur.

In die uiteensetting van die volksteefte waarin Die Huisgenoot moes voorsien is reeds gewys op die ^{moontlike} verband tussen die gebrek aan 'n goeie kunstmaak aan die een kant en die gebrek aan waardering van ons eie natuurskoon soos ons dit elke dag om ons heen kan waarneem, ^{aan die ander.} (vgl. bl. 26). In dieselfde verband is ook gewys op die waarde van belangstelling in die natuur van die vaderland vir 'n deeglike gesonde vaderlandseefte; en ons wil onder natuur hier nie alleen skone uitsigte en tonele verstaan nie, maar ook ons eie inheemse plante- en diere-wêreld, omdat hieromtrent ook 'n verbasende mate van onkunde bestaan wat sekerlik nie bevorderlik is vir die algemene ontwikkeling van die volk nie.

Die volgende eis kan dus met alle redelikheid aan 'n tydskrif gestel word by die opbou van 'n eie kultuur:

- (a) met die oog op die opvoeding van die volk en die opwek van wyer belangstelling as net in die eie onmiddellike omgewing, moet die uitstekendste van die natuurtonele oor die breedte en lengte van die land tenminste deur middel van afbeeldings en beskrywings bekend gemaak word by die wat nie die middelle besit omreise daarheen te onderneem nie.
- (b) by die seksie wat wel die middelle tot hulle beskikking het maar deur gebrek aan belangstelling, of uit onkunde, doodsweide tuis bly sit, moet op dieselfde wyse die begeerte aangewakker word om kennis te maak met die werklikheid waarvan die afbeeldings en beskrywings hoogstens maar 'n floue begrip kan meedeel.
- (c) Het soos by die taalstryd en die ontwikkeling van 'n eie letterkunde moet die volk op die gebied bewus gemaak word van die voor-treflikheid van ~~van~~ hul eie land. Hulle nasionale selfrespek, hulle vaderlanddiepte word bevorder deur die bewyse dat ons land wat betref natuurskoons en eienaardigheid van plantegroei en diereyk vir geselskap ander in die wêreld hoef agteruit te staan nie. Die gevoel van trots waarmee elke Afrikaner reeds van die Viktoria-valle praat en hoor praat as die wonderlikste in die wêreld, lewer al bewys hiervan.
- (d) Die blote weergae en melding maak van tonele, ens., sonder meer sou egter nie genoegsaam in genoemde behoefte voorzien nie: dit was ook nodig om die mense te leer hoe om skoonheid raak te sien - net soos by die waardering van 'n Schilderstuk - en nie net skoonheid in die grootse wat baie van hulle nooit werklik sou sien nie, maar skoonheid in hulle eie beperkte omgewing. Hiervoor ~~moet~~ ^{moet} besielende natuurbeskrywings en 'n bietjie meer intensiewe studies van die gewone omgewing sorg, deur die mense tot die siel van ons Afrikaanse natuur te bring.
- (e) Daar die werklike sien van dinge van die uitste belang is vir die regte waardering daarvan, moet 'n blad wat

bostaande doeleindes in alle erns beoog, ook ywer vir beter reisfasiliteite, soos spesiale ekskursierars; waar reedsbestaande genewe die volk ontseem word, soos 'n paar jaar gelede gebeur het, moet 'n kragtige protes op ton geait word; waar tegemoetkominge gemaak word moet die publiek in kennis gestel word daarvan en moet aangedring word op gebruik maak van die geleentheid. Dit is so dikwels nodig om direk opmerkzaam te maak op die voordele aan 'n onderneming verbondt ten einde die nense sover te kry om daaraan deel te neem.

Was Die Huysgenoot bewus van die groot behoefte onder ons volk toe hy sy taak aanvaar het? Tot op sekere hoogte wel, soos blyk uit die instelling van die maandelikse fotografie-wedstryd reeds in die heel eerste uitgawe, met die doel o.a. „niet alleen in woord, maar ook in beeld te laten zien wat schoons Zuid Afrika bezit.“ Die wedstryd wat deur al die jare kon volgehou word, het ongetwyfeld goeie resultate gelewer en meeghelp om natuursonde bekend te maak, bv. die mooi kiekies van die Aughrabie-watervalle in die Orange-rivier, wat by meeste leers seker onbekend was.

Buiten die kiekies, wat gewoonlik van 'n kort beskrywing vergezell ^{was}, was daar verskeie artikels wat in dieselfde rigting son invloed uitoeven, soos bv. die beskrywing van R. v. D. in ^{die} November- en Desember-nommers van 1916, van die nasionale botaniese tuin Kirstenbosch. In kort word die wordingsgeskiedenis weergegee, die doel, die moeilikheid in verband met die aanle, en die belang van son tuin vir ons sie plantegroei. Die mooi beskrywing van die natuurskoon van die plek word geillustreer deur werklik pragtige afdrukke van kiekies. Nie alleen is die stuk bereken om die groot nasionale instelling bekend te maak en belangstelling daarvoor as sulks op te wek nie, maar elke leser moet voel dat hy 'n aandeel daarin kan he deur met 'n weinig inspanning saam te werk tot die vervollediging van die versameling inheemse plante daar.

In Julie, 1921, word waardering opgeweks vir die werks wat die

pasgestorwe uitlander H. H. Garte (Latens) gedoen het vir die versameling ~~van~~ en aankweek van Afrikaanse plante onder die "Cape Flower Syndicate" te Elaisrivier. In s'n verband word telkens die aandag gevestig op die waarde van sulke arbeid vir ons as volk.

Hog 'n paar arttekels het betrekking op ons wonderskone blomwêreld: "in Veldblomtuin" (Sept. 1922), waarin die aantreklikheid van s'n tuin by 'n Kaapstadse huis aanskoulik geteken word, en praktiese wenke aangebied word vir die aankweek van wilde blomme; "Winterveld in die Kaapse Skiereiland" (Aug. 1923) waarin die vernaamste blomsoorte wat dan bloei op 'n interessante manier behandel word; 'n stukkie af en toe oor een of ander spesiaal treffende plant- of blomsoort, soos bv. oor die Wilde Amandel (Zuss. Bolus); of die wonderlike orgidee-soort in die Publieke Tuin in Kaapstad, met sy insaerdyge wyse van voortplanting.

'n Hele paar beskrywings van vakansietoere na mooi dele van die land doen 'n bietjie aan die verspreiding van kennis omtrent sulke dele, bv. Om Kaappunt (Julie 1916) met verskeie mooi kiekies van tonele langs die pad; 'n vakansiereis na die Belgiese Kongo deur twee onderwyssers uit Rhodesië, ^(Sept. 1921) - 'n teleurstellende skets deurdal by baie onvolledig is, maar tog 'n poging in die regte rigting; 'n toestjie na die Anghrabie-valle in Grootrivier (Des. 1921) wat ook weer onbevredigend is deurdal die skrywer bang is om hom te waag aan 'n beskrywing van die eintlike toneel - die kiekies is enigins 'n hulp; 'n uitstappie na Mont-aux-Sources (Junie 1922) wat taamlik boeiend beskrywe word en togal 'n idee gee van die atmosfeer en stemming deur die uitsig geskep; en in Augustus, 1923, 'n besoek aan Kompasberg, die hoogste kop in die Kaapprovinsie, met mooi kiekies daardie.

Sulke beskrywings van die hele manier van toer, hetag te voet of met 'n donkieva, van die ontmoetings, die ontberinge en die pret, is bereken om meer uitstappies na besienswaardige plekke aan te moedig, en so een van die doeleindes van die Huisgenoot te help bereik.

Van 'n ~~paar~~ paar plekke word meer direkte beskrywings gegee

bv. van Rhodes (Rossville), die Sederberge in die distrik Clanwilliam; Hermanus, waarin definitief beoog word om ons mense te oortuig dat in ons land net sulke wondermoori tonele te sien is as in ander lande; Die Kalahari (Julie 1919) deur Wyle G. F. Masais, wat om die figuur van 'n ons Boesman die indrukke deur die sandwoestyn gemaak, laat sentraliseer.

Wat betref die Afrikaanse diere-wêreld, het in Die Huisgenoot 'n uitvoerige, interessante beskrywing verskyn van die diere-tuin te Pretoria - net soos Kistenbosch vir die planteryk, 'n eg Afrikaanse instelling wat nie binne die bereik van elkeen in die land is nie. Die illustrasies van verskillende poorte diere, en ook van mooi loekies en plekkies in die diere-tuin self, help om 'n taamlik lewendige indruk van die hele inrigting weer te gee.

Van meer betekenis en seker meer blywende waarde, egter, is die reeks artikels van C. S. Grobbelaar oor Afrikaanse Soogdiere. Gewoonlik is die behandeling in die volgende vorm gegiet: waar die diere oral in die wêreld huisves (dus iets van die breër kennis oor ander lande wat behoort versprei te word), hoe hy lewe, tot watter nut hy vir ons is; verder is dit heeltemal populêr geskrywe met die doel om mense te interesseer, nie ef te skrik met 'n hoop tegniese besonderhede nie. Vir die meer opgeleide leser se ontwil word egter elke keer die wetenskaplike benaming ook gegee. Byna sonder uitsondering is die artikel vergeesels van 'n mooi illustrasie van die diere onder bespreking. So nu en dan word 'n aangename afwisseling verskaf deur die diertjies self aan die woord te laat, soos in die geval van die seehond en die muise en rotte. Dat 'n uitgestrekte gebied gedek word blyk uit die lys diere behandel:

Endvark, skobbrige miseter, dassie, wildehand, verskillende soorte jakkalse, wolwe, leeu, kimpvarkie, ystervark, vlermuise, springhaas en ander soorte hase, luiper, wildekatte, seehond, mierkat, seekoei, walvis, duinrot, muishonde, olifant, giraffe, seehornkies, muise en rotte, springbok, bleemol, bobbejaan, bontbok.

As hierby gereken word die sketsse van Sangiro, wat reeds onder „Leltrouwendige Bydrags“ behandel is, kan gese word dat

Die Huisgenoot baie kon bygedra het tot 'n grondiger kennis van, maar veral tot 'n groter liefde vir, ons Afrikaanse diere, en langs die weg ook vir ons land.

Die stukke hierbo aangegeel maak die hele poging van Die Huisgenoot uit ons ons volk in 'n nouer aanraking met die natuur om hulle heen te bring. Opmerklik is dat in die eerste ^{ses} jaargange maar gemiddeld een son artikel per jaar verskyn het (uitgesonder die behandelinge van die diere wat baie gereeld elke maand gepubliseer was); in die laaste paar jaargange kom natuurbeskrywings meer op die voorgrond. Hieruit blyk dat die behoefte nie baie duidelik gevoel ^{is} nie; waarskynlik is dit toe te skrywe aan die oormaat van aandag wat geëis ^{is} deur die taal- en letterkundige belange, sodat in die laaste jare toe die taalstryd feitlik beslis was, meer in die rigting van natuurkennis gedoen is. Hoe dit ook al sy, wat deur Die Huisgenoot bereik is kan nie ^{so} bevredigend beskou word nie. Die natuurtonelle wat wel ter sprake gekom het was nie van die uitstaande, voortreflikste nie, uitgesonder miskien die van Mont. aux Sources; die keuse is oi. te veel in die hande van onwillige kontribuanten gelaat - insover van keuse sprake kan wees - i.p.v. enigens deur direkte versoek gelyk te wees. Die gevolg is dat in die sewe en 'n half jaargange geen verteenwoordigende seleksie aangebied word nie en daar dus maar min gedoen is om die volk beter bekend te maak met ~~met~~ die natuurskoon van die land. Hieruit volg dat feitlik niks gedoen is aan die aanspooring tot 'n bietjie inspanning om self kennis te maak met wat die land skoons oplewer nie, behalwe insover die beskrywings van uitstappies kon opwek tot navolging. Dit spreek vanself dat langs die weg dus baie min daaraan gedoen is om 'n werklike bewondering vir die vaderland in te boesem en die algemene idee ^{te betref} dat ons wat natuurskoon betref op die agtergrond moet tree in vergelyking met ander volke, ~~te betref~~. En waar in die opsigte die strewe van Die Huisgenoot onbevredigend was, kan ^{nie} verwag word dat in die vierde, en

in sekere sin belangrikste, is aan die begin van die paragraaf gestel, nl. om die mens te leer hoe om skoonheid te sien self in die alledaagse natuur om hulle heen, enige voorsiening gemaak was nie. Hiervoor ontbreek dit aan bevelde artikels en natuurbeskrywing wat probeer deeding tot die wese van die skoonheid om dit dan weer aan die leser te vertolk.

Al die gebreke hier genoem meen ons is terug te voer op die gebrek aan doelbewustheid in die strewe van die blad; al die stukke maak soos reeds beweer 'n indruk van ~~terloopsheid~~ terloopsheid eerder dan van bewuste strewe na 'n doel. Hierop vorm die diere-artikels 'n uitsondering, omdat hulle 'n eenheid vorm; waarom kon bv. nie op dieselfde manier te werk gegaan word in verband met ons wildeblomme nie? Ook die feit dat in die rigting van voorsiening te verkry vir beter reisfasiliteite niks gedoen is nie, bevestig dat Die Huisgenoot die sy van die ontwikkeling van die volk veronagsaam het, en wa ons mening ten onregte daar dit van baie groot belang vir ons volksbewussyn en nasionale trots kan wees. Nie dit alleen nie, maar 'n waardering van, en liefde tot, die natuur maak die lewe van enige mens op sigself beter en gelukkiger, en eweas as 'n kunssmaak, werk ^{dit} tot verfyning en ontwikkeling mee. Dit is teleurstellend dat 'n blad soos Die Huisgenoot so 'n groot, so 'n belangrike en interessante gebied feitlik onbewerk laat bly wanneer hy sy bestaan as maandblad eindig.

§6. Aanbring van 'n beter Algemeen Kennis omtrent die Vaderlandse Geskiedenis.

Nie alleen moes die Afrikaanse volk in die tyd toe Die Huisgenoot opgerig was respek vir hulle taal ingeloesem word nie: die Engelse oorheersing op onderwysgebied het toe al baie ver daarin geslaag om die kennis van, en die trots op, die volksgeskiedenis ook te ondermyn. Dit was dringend nodig om die volk oor die algemeen in te lig, en om te sorg dat verbetering op die

skole in die ondering van die vak aangebly word.

Hoër duidelik bewys Die Kuisgenoot van die behoefte was blyk uit die woorde in sy doelstelling (Mei, 1916): „... een tydskrift, dat tot doel heeft het oog te vestigen op al het goede in het nationale leuen, de geschiedenis, overleveringen en idealen van de Hollands-sprekende bevolking van Zuid-Afrika;” en uit die uitstekende idee, wat byna sonder uitsondering deurgaans op elke nommer toegepas is, van die portret van 'n groot volksman op die eerste bladsy, gevolg deur 'n interessante lewensskets 'n paar bladsye verder. Dat President Kruger eerste aan die beurt gekom ^{het} was 'n besonder gelukkige keuse vir die eintlike kennismaking ~~met de~~ tussen blad en leser: 'n man deur elke Afrikaner geëer, selfs in die buiteland hoog ^{aangeschou} ~~geacht~~; 'n lewensskets wat tref deur sy fisheid en innigheid, met as slot die laaste woorde van die ~~en~~ volksheid aan sy volk, so toepaslik op die strewe van Die Kuisgenoot: „ Zoek in 't verleden al het schone en edele en schep daaruit uw toekomst.” Sy lewensideaal: „één eendrachtig, sterk Zuid Afrika” is presies wat aan die volk moet voorgeword word in die tydperk van onderlinge verdeeldheid.

Ander groot bekende figure uit die vaderlandse geskiedenis wat behandel word is Piet Retief, van wie daar ongelukkig geen portret bestaan om te reproduseer nie, maar van wie 'n loeende lewensbeskrywing gegee word; President Brand, deur Pres. Reitz geskets met simpatie vir sy beminlike geaardheid, maar nietemin 'n eerlike weergawe van sy al te grote toegewendheid waaruit al sy foute in sy regering gespruit het; Generaal Joubert; Pres. Reitz, wat, hoewel nog in ons midde, tog 'n heldefiguur uit die verlede is; Jan Hofmeyr, met 'n helder uiteensetting van die eensaardige rol wat hy in die politiek gespeel het, en 'n kragtige uitbeelding van sy geweldige, oorheersende persoonlikheid; ^{dr.} Andrew Murray; Andries Pretorius, een van die vergete helde volgens die skrywer van die skets, omdat hy tog eintlik die aanvoerder en raadgewer

was by Bloedrivier, terwyl by ons herdenkinge Retief en Cilliers gewoonlik baie meer geer word as by; Sarel Cilliers; Louw Wepener, die held van Taba Bosigo; ^{do.} S. J. du Toit; Marthinus Wessel Pretorius; on ^{mr.} Stucki van Blouwelei; Ryk Tulbagh; Prof. J. J. Marais; Genl. Beyers; Genl. Muller; Genl. de Wet; Prof. Dr. Manvelt; Melt Brink; ^{mev.} Genl. Joubert; Genl. Botha, van wie, hoewel hy dood is op 'n tydstip toe politieke gewoelens erg gespanne was, tog 'n skets gegee word wat aan hom as volksheld uit die Boereoorlog reg laat ~~te~~ geskied, sonder enige gewoelens te kwees deur op gelyktydige toestande nêr te kom; ^{dr.} ~~Dr.~~ De la, wie se werk van onskatbare waarde in die Afrikaanse volk is.

Verder word in klompie minder algemeen bekende persone behandel wat nogtans hulle rol in die geskiedenis gespeel het en ^{hulle} spore daarop afgedruk het: Karel Johannes Trichardt; Wessel Jacobus Wessels; Andries Hendrik Potgieter; Johannes Nicolaas Roets; Jan F. Scholtz; J. S. de Villiers, stigter van die Helpmekearfonds; ^{mev.} Elizabeth Neethling, skryfster van "Vergeeten?"; Gideon Jozua Malherbe, een van die oprigters van die Genootskap van Regte Afrikaners; ^{mr.} Hennema; Veldkornet Cleaver, 'n Engelse Afrikaner wat sy jong lewe in die Vrystaat neergelê het; e.a.

Behalwe die uitvoerige sketse word ook orals kliekies, met 'n kort verhaal van die lewensomstandighede, van besonder on mense gegee, wat net oordele, of nog in die lewe was, maar nie eintlik verder as hulle eie distrik en vriendekring bekend nie; Sommige van hulle het nog die Vootrek deurgemaak, ander het verskeie Kafferoorloë gesien - bv. in on ^{mr.} van der Westhuyzen in die distrik Oudtshoorn, toe net oordele, wat nog aan die Kafferoorlog van 1846 deelgeneem het en baie kan vertel van die grensboere se moeilikhede met die Kaffers; 'n familie Van Aardt wat by die treurspel van Slagtersnek teenwoordig was; 'n on ^{mev.} Byneweld, 'n Vootrekker-moeder; ^{mr.} Greyling in die Standertonse distrik; en so meer.

Behalwe die direk geskiedkundige lewensketse, word deur middel van verhale en artikels af en toe die maatskaplike

toestande uit die verlede geskilder: br. Martha Ferreira, wat in idee gel van die moeilikheid waarmee die ou koloniste nog hulle weg oor die Hottentots-Hollandberge moes baan; „Die doodstrop van 'n Volk“, wat die laaste sitting van die Vrystaats Volksraad skets, en hulle oorlogverklaring; „Die Jag by die Voortrekker“, 'n interessante skets van hoe die ou manse self in hulle behoeftes voorsien het; „in Advokaat in Kaapstad Vyftig Jaar gelede“, deur Pres. Reitz; „Jonkaande“ 'n reeks vertellings van verskillende oorlogservarings deur 'n klompie krygsgevangenes gedurende die Boeroorlog; en die kultuur-historiese skets van mev. B. Spoelstra.

Ook het Die Huysgenoot heelwat gedoen om navorsingswerk op die gebied van die geskiedenis aan te moedig deur die publikasie van 'n aantal historiese dokumente en geskrifte: 'n brief van 'n ou Voortrekker in 1839 geskryf aan 'n familiebetrekking in die Kolonie, waarin hy oa. vertel van 'n geveg teen die Soloes onder Kommandant Pretorius; 'n Notule van die Rade van Polisie, 1805, omtrent die trek oor die Hottentots-Hollandberge, waarin die heldedaad vermeld word van 'n sekere Saayman wat sy lewe moes inskiet by 'n heldhaftige poging om die Hottentot-rowerendes te Straf; die dagboek van ^{dr.} G.A. Scholtz omtrent 'n reis na Brikwaland, Campbell en Schmidtsoort, waarin hy oa. vertel van sy ontmoeting met Rhodes, sy gunstige indruk van die man en sy hoi verwagtings wat so bitter teleurgesteld moes word; 'n stuk uit die Junie 1884 nommer van Die Patriot waarin ^{dr.} S.J. du Toit ^{oor} die Konvensie van Londen (1884) rapporteer; 'n Memorie, een van die proteste van die Vrystaters teen „foederasie“ met die Kolonie; uit die argiewe uittreksels deur ^{dr.} Blommaert uit die joernaal van H.A. van Rhee de (1685) oor Hottentotse gewoontes en taalafwykings destyds; uittreksels ook uit die dagboek van mev. Hauptfleisch (1819-1838), wat oa. lig werp op die verhouding van die koloniste tot hulle slawe; Kronieke van Natal, oorspronklike dokumente van die Voortrekker; bewering van twee ou Voortrekker omtrent die slag by Italen, oa.

dat Dirk Uyp nie probeer het sy vader red soos die geskiedenisboeke ons vertel nie, maar selfs eerste van die twee gesneewel het; uit die dagboek van R. B. Hulley wat saam met Owen na Dingaan gegaan het, wat lig werp op die karakter van Dingaan en op die moord van Retief; iets oor die Britse Kryggsgewangeses in 1899-1902, 'n Stukkie onbeskrewe geskiedenis; en in een van die laaste nommers die verslag van die Cory-Preller-Blommaert bespreking van die Retief-Dingaan Traktaat.

Waar verslae van dieselfde gebeurtenisse verskil het, het Die Huisgenoot sy kolomme oopgestel vir bespreking, bv. waar die bewering van die heer Heydenreich in twyfel getrek ~~word~~ was deur 'n persoon wat die betrokke Bezuidenhout self hoor vertel het. As nog 'n korrespondent begin uit op klein verskilletjies herinner die Redakteur hom daaraan dat geskiedkundige bronne selde op alle punte volkome ooreenstem.

'n Onderhoud met 'n Soeloemid, in 1839 deur die Voortrekkes gewange geneem, lewer bewys van die mensliwende optree van die witman teenoor die hulpelose vroue en kindertjies van die Soeloes.

Verder word sterk aangedring op die bewaring van historiese ondhede, bv. deur 'n volledige beskrywing van die Hoopmans-De Wet museum, met mooi afdrukke van kiekies van die verskillende ou meubels, ens; deur die beroep van ^{dr.} Hooper op ondersteuning vir die versameling van ondhede in die Museum te Bloemfontein; en deur aan te dring op medewerking tot die aankoop van Piet Retief se plaas.

Van die voorlesing deur ^{dr.} Gie voor die Historiese Bond gelewer ^{oor "Geskiedenis as 'n Wetenskap"} en in die uitgawe van Oktober, 1920, gepubliseer, dien hier melding gemaak te word. Nadat hy ingegaan het op die betekenis en waarde van 'n Studie van die geskiedenis, gee hy 'n uiteensetting van die moeilikede waarmee die historikus te kampe kry by die gebruik van ou dokumente, en wys hoe noodsaaklik strenge eerlikheid en groot versigtigheid is om die vertroubaarheid van die geskrif, veral van die afskrif, enigiens

te waarborg; by voorkeur behoort deskundige hulp ingeroep te word. Aan die sy van die saak het menigeen seker nooit 'n gedagte gewy nie, sodat die uiteensetting sekerlik tot nut kon wees vir die wat oort die geleger geleentheid sou kry om te help opbou aan die wetenskap van geskiedenis.

Die maandelikse fotografie-wedstryd wat oa. kiekies van historiese geboue en monumente, persone en gebeurtenisse ingesluit het, het op 'n baie kleiner skaal ook bygedra tot die bevordering van kennis van die geskiedenis. Daar het bv. voorgekom kiekies van: die gedenkteken deur Joachim van Plettenberg opgerig te Plettenbergbaai; 'n ou kafferhut op Vegkop; Johan van Riebeeck, sy vader, vrou en seun, met 'n kort verslag van hulle lewenslope; die Parade te Kaapstad in 1812, met Drinkfontein en Kasteel; die Rebellekantoor in 1849; gedenkstone van Panda en Pretorius, wat na bemoeiinge deur pres. Reitz gewind is; drie geskiedkundige ondhede: 'n melkkoutboom op Mosselbaai, wat in die ou dae as poskantoor diens gedoen het; 'n ou graansier van die Goewernment men of meer in die tyd van die eerste Britse Okkupasie; die wagtoring van die drosdygelow te Grahamstad waarskynlik deur Piet Retief gebou; verder Nikolaas Waterboer; La Gratitude op Stellenbosch; die onthulling van die vrouemonument te Potchefstroom; die motorkar waaraan van Genl. Beyers waaraan ~~Genl.~~ ^{genl.} De la Rey geskiet is; die begrafenis van laagseende; die kerkhof op Alwal Noord; die vrouekamp op Winburg in die Engelse oorlog; die ses Wessels-raadslede in die ou Unystaats Volksraad; St. Georgesstraat, Kaapstad, ±1850.

Waar daar groot feeste ter ere van een of ander geskiedkundige gebeurtenis gehou was het die huisgenoot beskrywings daarvan bewat, bv. "Losse Gedagtes oor Helledag", 25 maart, 1916 in Kaapstad gehou; 'n historiese opvoering te Paarl in 1917; en 'n soortgelyke in George in 1923, albei met 'n voorstelling van die verjaardagiering van Simon van der Stel, en 'n sinnebeeldige toespeling op die opkoms van die Afrikaanse kultuur; die taalfees te Riversdal in 1918 om die erkenning

van Afrikaans te vier. In die redaksie-artikkel van November, 1921, word geskryf oor die viering van Dingaansfees, die een groot volksfees van die Afrikaners; die betekenis van die oorwinning vir ons volk, vir die beskawing — en tog heers daar jaar na jaar 'n doodsheid by die viering waartoe niks gebore word nie; aan die hand word gegee dat elke jaar 'n definitiewe besluit moet geneem word deur die Afrikaners waaraan gedurende die jaar uitvoering moet gegee word, soos bv. ^{een paar} ons te veg vir die erkenning en handhawing van Afrikaans in alle publieke plekke.

Alles wat tot sover opgenoem is moes die leser nie alleen beter op hoogte van sake bring wat betref die vaderlandse geskiedenis nie, maar hom ook 'n gevoel van liefde en respek vir volk en land inboesem. Maar die poging het nog nie ver genoeg greeks om bestaande tragieke toestande te verbeter nie. In die uitgawe van Januarie, 1921, skryf die redakteur van Die Nuusgenoot: „So stadigaan begin ons te besef dat ons nooit 'n self-respekterende Afrikaanse volk sal word solank as ons toelaat dat ons kinders op skool geleer word om met veragting neer te sien op hulle voorouers en die werk deur hulle verrig nie. . . . As daar iets is wat by die Afrikaner 'n gesonde self-respek sal aankweek, dan is dit ongetwyfeld 'n studie van sy geskiedenis.” En vervolgens word aangedring op die lees van geskiedkundige boeke, bv. van Theal, Cory, ^{dr.} Leyds.

Vir die kind op skool sowel as vir die volwassene kon bogenoemde bewenssketse, artikels en prentjies 'n lewendiger belangstelling inboesem vir die geskiedenis wat vir hom as leswak meeste van die tyd so dor en droog aangebied was dat dit alle liefde en agting moes doodsmoor. Stukkies soos die volgende kon juis vir 'n kind boeiend wees: Anekdote oor Paul Kruger; die twee verhaaltjies onder „Vasgekeer” wat 'n paar humoristies trekke uit ons volks tragedie van 1899-1902 leken; Pres. Steyn se verhaal van sy ontowapping uit Reitz gedurende die Boeroorlog; die heel interessante Skeets van die

eerste Hollanders en die bou van die Kasteel aan die Kaap; die gevangenneming van ⁹Genl. De Wet; die geskiedenis van die Drukpers in Suid-Afrika; Ons Eerste Koerant; Die Konsentrasiekamp soos deur Hindersogies gesien - meestal trekkies wat in 'n gewone geskiedenis-tekboek nie te vind is nie.

Maar nie alleen moes interessante verhaaltjies en leersame sketse direk aan die jeug verskaf word nie; baie belangriker was dat 'n oog son gehou word oor die ^{metode}~~wyse~~ van onderrig in geskiedenis op die skole gevolg. In die eerste plek was daar ~~die~~ skreiende wantoestand wat betref die onderwysers self wat in verreweg die meeste gevalle nie behoorlike geskiedkundige opleiding gehad het nie; dan was daar die meegaande skandelelike onreg van 'n vreemde voertaal by die onderrig, en verder nog die algehele gebrek aan geskikte handleidings in Afrikaans. Met die onderwysers en die onderrig self het die thuisgenoot hom nie ingelaat nie; die teksboeke en ander geskiedkundige geskrifte wat in die pers verskyn het, het die blad eger aan 'n deeglike rensensie onderwerp. O.a. het onder bespreking gekom E. Stöckenström se „New Matriculation History“, waar die tekortkominge in samestel, in die kaart en die taal nie alleen dit moet ontgeld nie, maar ook die feit dat 'n Afrikaner s'n werke in Engels gaan uitgee, terwyl dit juis so 'n pragtige geleentheid was om die Afrikaanse medium op skool 'n plót vorentoe te gee. Die „Sketse uit die Vaderlandse Geskiedenis“ deur Kammejer en Van Rooyen wat van 'n pedagogiese standpunt probeer uitgaan, word aanbeveel deur ^{dr.} ~~Dr.~~ Gie, wat dit enigins as 'n pleidooi beskou in 'n hervorming van die geskiedenis-onderrig deurdat dit so min datum bevat, en gesange, lieder en ~~stukke~~ ^{uittreksels} uit ou stukke bevat; die taal is onbevredigend in skere opsigte, maar die boek is nogtans sover die beste wat verskyn het vir die laer skool.

Ander historiese boeke, romans en lewensketoe wat geresenseer word, nie soveel om hulle gebreke uit te wyf nie as om hulle by die publiek aan te beveel as leesstof, is o.a. „Kaptein Hindon“,

in boek waarin „die leser die oorlog sien soos dit werklik
gevees het;”

„Place Names in the Cape District” - Graham Botha, wat aanleiding
gee om te wys op ons plig om on name te bewaar;

„Dagboek van Louis Trigaardt”, waarby die belangrikheid van
die dagboek van die voortrekker voor die aandag gebring word,

„Boer en Barbar” - J. A. Malen: belangrik, maar so onvolmaak!

„Voortrekkerense” - Preller: baie sterk aanbeveel as leesboek;

„Grensboere” - H. Blok: deur ^{Dr.} Gie aanbeveel as „n reeks keurige
sketse op suiwer historiese grondslag, uit die lewe van die Vry-
Staatse Grensboere;

„Rebellie Sketse” - Boschhoff: „n waardevolle bydrae tot ons kennis van die
tragiese gebeurtenisse van 1914;”

„The French Refugees at the Cape” - G. Botha: die volledige verslag wat ons het;

„Piet Retief” - Gustav Preller;

„Genl. de Wet” - Dr. Kestell;

„Pro. Steyn” - Dr. N. J. v. d. Merwe;

„Het Inskuiten van die Boeren-Republieken” - Dr. Leyds;

„Mit on Reisbeskrywinge, dagverhale e.a. letterkundige bronne oor die
Kaap” - Blommaert en Gie;

almal boeke wat, in watter taal ook, bydra tot die geskiedenis-
beskrywing van ons volk, en wat deur elke denkende Afrikaner
behoort gelees te word.

Uit die voorgaande bladsye oor wat Die Huisgenoot gedoen het in
die bewording van ’n beter insig in die volksgeskiedenis blyk
hoe duidelik bewus die redaksie was van die dringende behoefte
wat op die gebied bestaan het. Die algemene inligting wat aan
lesers van alle onderdomme verskaf was is uitlokkend, veral
soos dit gedaan is deur die lewensketse; in twee opsigte was
die metode goed gekies: dit het die bekende groot figure wat
ons verbied en agtig afdwing, wat dikwels ook in die buiteland
bekend gestaan het as groot volkmanne, op die psigologiese
moment na vore gebring toe dit nodig was om Afrikaners
van albei politieke partye te bring in verering van wat

aan hulle gemeenskaplik as volk behoort; dit het verder in hulle aantal minder bekende helde en heldinne wat gevaar geloof het om die hulde wat hulle verdien het misgun te word, voor die aandag gebring. Altensame het die kolom dus 'n sterk indruk teweeggebring van die belahaftheid en grootsheid van ons volk in die verlede.

Deur middel van die sketse en ander artikels is ook soms verkeerde indrukke bestry, bv. van die verhouding tussen ons mense en die slawe; of die behandeling van die Soeloevrouens en kinders deur die Voortrekkers. Maar die strewe in die rigting was gebrekkig, daar nie veel oortuigende werk gelewer is nie, terwyl daar genoeg probleme bestaan wat ondersoek moet word.

Insover 'n algemene blad kon aanmoedig tot navorsing op die gebied van die geskiedenis het Die Huisgenoot goeie werk gedoen; ook het die blad probeer waardering verkry ^{vir} ~~van~~ die werk deur groot manne, wat nie eers gebore Afrikaners was nie, vir ons volk gedoen, soos in die gevalle van Theal en Cory.

Die groot gebrek aan belangstelling in geskiedkundige verlate en lewensbeskrywing op 'n groot skaal het Die Huisgenoot probeer bestry deur middel van aanbevelings van sulke boeke.

Vir die algemene publiek, en sover moontlik vir die wetenskap self, het Die Huisgenoot dus intrekende werk gelewer.

In ander opsig, egter, nl. in die verbetering van toestand op skool, het die blad tekort geskiet. Resensies van teksboeke alleen is immers onvoldoende, hoe noodsaaklik en nuttig dit op sigself ook is; 'n mens wou nie dat daar iets gedoen is om 'n atmosfeer te skep vir oorspronklike werk nie; die behoefte is nie definitief genoeg aangetoon om 'n aanspooring te kan wees vir die opstel van nie handboeke nie.

Nog groter na ons mening is die gebrek aan kritiek oor die wantoestande wat op skool geheers het ten opsigte van Geskiedenisonderwys. Hoewel hier die bron was van die toenemende onkunde omtrent, en onverskilligheid teenoor, volksgeskied-

nis en tradisies, het die algeme publiek metemin in 'n gemoeds-
toestand van betreklike tevredenheid en berusting verkeer ontrent die
suiwel. Die taak van Die Huisgenoot was om hulle wakker te skud
tot 'n besef van die gevaar wat hulle volksbestaan op die lange
duur bedreig het, en dit ^{kon} o.a. gedoen word het deur die statistieke
weer te gee ontrent die aantal nie-Afrikaners aan wie die
onderwys van geskiedenis op skool toevertoon was, en ontrent die
gebruik van Engels as woestaal by die onderrig, in baie gevalle self
deur Afrikaanssprekende onderwyse (esse). Die mens moes leer
insien dat die hele stryd om taalrege die steun moes hê van 'n goeie
volksselfrespek, en dat die hoe langer hoe swakker son word as die
opkomende geslag nie op skool sy volksgeskiedenis reg leer ken, verstaan
en na waarde hoogag nie. Dat hieraan so min gedoen is deur
Die Huisgenoot is te meer te betreur daar die strewe in ander opsigte
na bekendmaking met, en waardering van, die geskiedenis so
propenswaardig was.

§ 4. Handhawing van Vrouebelange.

In die uiteensetting van spesifieke behoeftes in Suid-Afrika
waarin 'n tydskrif moes voorsien (vgl. Hf. 3), is die wat in
besonder op die vrou in die samelewing betrekking het nie af-
sonderlik genoem nie, maar wel as 'n onderdeel van die algemeen
maatskaplike belange. Daar Die Huisgenoot egter 'n spesiale rubriek
-ge. het.
wing vir "Die Vrou in die Huis" is dit wenslik om die sy van sy
strewe apart te behandel.

Die besondere funksie van die vrou in die samelewing as
huisvrou en as moeder bring noodwendig sy eie moeilikhede
en probleme mee, by die oplossing waarvan sy raad en
leiding nodig het. In die hoofstuk hierbo aangehaal is
reeds gewys op die dieper kulturele belang van goeie smaak
by die vrou in verband met haar klededrag, en by die
inrigting van haar huis; die verantwoordelikheid van haar
taak as moeder behoeft geen betoeg nie. In die verlede was
die enigste werke hieromtrent in Amerikaanse "Home Journals",
en wat dies meer sy, te vind - Die Brandweg vir enige fave tevore

uitgesonder - en dat sulke leiding nie bevorderlik vir 'n Afrikaanse denkwysse en manier van handelging was nie, spreek vanself. 'n Afrikaanse tydskrif kon dus meer doelmatig die vroue tegemoet kom en voorlig, veral daar dit die voordeel sou he van geleentheid vir bespreking van kwessies in gevalle waar verskil van opinie teenwoordig was.

In hoofstukke het Die Huysgenoot die behoeftes van die vrou as volg onderskei: modes, klededrag, kleermakery en algemene toilet-vraagstukke; verskillende soorte handwerk; meubilering en versfraaiing van die huis; kookkuns, met in kennis van die groentetuin; die versorging en aankweek van blomme; haar pligte as moeder met betrekking tot die opvoeding van kinders; algemene kennis omtrent artikels van alledaagse gebruik; algemene vraagstukke soos die burgerpligte van 'n vrou, ens; algemene kennis van behandeling van siekes.

Ten opsigte van die modes het die redaksie van die rubriek nie alleen die lesersse op hoogte van sake ^{of} hou nie - waarby die illustrasies in groot hulp was, uitgesonder die paar keer wat hulle erg primitief was - maar sy het ook af en toe artikels oor die modesing self laat verskyn, en ernstige waarskuwings laat hoor teen 'n slaafse navolging van maniere van aantrek sonder vraag te doen na die paslikheid daarvan. In die verband het in een van die laaste uitgawes van die maandblad 'n besonder geskikte artikel verskyn oor skoenedrag, waarin ^{met behulp} deur middel van illustrasies die nadelige uitwerking van hoi hakke duidelik gemaak word. Waar oor modes geskryf was het daar natuurlik weer 'n herhaling van die ou pleidooi gekom vir 'n selfstandige, nasionale klededrag: in alles wil ons 'n eie oorspronklike kuns opbou, maar in ons klededrag is ons dood-tewrede om modes van oor die see na te aap. Geen definitiewe klededrag word egter voorgestaan as Afrikaans nie; al wat op gesinspel kan word is waarskynlik die Voortrekkerdrag. So 'n pleidooi kan altyd op 'n baie oortuigende wyse opgestel word deur op die nasionale gevoel te speel, en die van die heer mostert sou seker 'n aantal aanhangers gekry het; daarom is dit so interessant

om 'n vrou die ander kant van die saak te hoor toelig. Sy vind oor die algemeen dat die vorige verkondigers van "die kultuur" idees so dikwels in hulle eie huise en klededrag niks doen om die ideaal na te streef nie - wat 'n mens 'n bietjie skepties maak oor die eerlike bedoelinge wat agter hulle woorde skuil. Die Skryfster onderskei tussen twee klasse van hervormers: sedeprekers en kunstenaars. Eersgenoemde sien in alles degenerasie, nou ook selfs in die klededrag van die vrou, en daarom meer sy is hulle so verkeerd: die oorgrote meerderheid van vrouens en meisies klee hulle tog nog op 'n verstandige, deeglike manier. Wat die kunstenaars betref: hulle werk mag nie deprecieer word nie, want dit is hulle wat ons se oopmaak vir baie gruwelikhede wat ons huise en samelewing ontair; maar dit is verkeerd om alle keuse en kunstgenot te wil beperk tot wat eg Afrikaans is. Ons beskawing is Europees en ons het die reg om die beste van die Europese modes na te volg en toe te pas op ons omstandighede. Die barbaerse volke hier is tog nie ons geestelike voorouers nie - wel die Europese volke. Wat betref die gesaak oor die voortrekkerdrag: dit was destyds ook algemeen Europees, nie oorspronklik Afrikaans nie, en geskik vir die lewenswyse van die mense. Vandag is dit nie meer geskik nie en ons sien vir wat paslik is verhinder ons ons 'n drag wat aan 'n vorige eeu behoort te bestendig. Welke die weerpreking is die kwessie dan ook somer afgehandel.

Die Huisgenoot het sy werk begin in 'n tydperk van ekonomiese druk toe die vroue moes leer om te bespaar, ook op hulle kleding. Daarom was dit 'n baie praktiese maatregel om nie alleen daarop aan te dring dat hulle hul eie klee^{self} sow maak nie, maar selfs klaargeknippte patrone van die ~~moder illustrasies~~ geïllustreerde artikel te versprei op aanvraag teen 'n geringe prys. Dat die maatregel deur die jare aangehou het bewys dat dit in 'n behoefte voorsien het.

Van tyd tot tyd het uiteensettings van verskillende soorte naaldwerk verskyn, soms met interessante artikels oor die oorsprong

en geskiedenis van 'n spesiale soort, en altyd met illustrasies. O.a. was behandel: borduurwerk, hekel-, kant-, knoop- en stopwerk; terse hekelwerke, perforer-, spoel- en kruissteekwerk. In die verband het Dirk mostert in interessante reeks beskouings geskryf oor „Naaldwerk as 'n Nasionale Kuns": 'n gebied waarop hy groot moontlikhede sien vir ontwikkeling. Eers gaan hy terug na die oerkunste van Suid-Afrika vir motiewe, nl. na die Boesman-, Kaffer- en Bantoe-kunste, en gee werklike mooi illustrasies van die uitwerk van sulke motiewe. Daarna begryp hy hom na die voorwerpe om ons heen in die natuur: blomme, skoelappers, diewe. Altyd sorg hy dat sy idees nie los in die lug hang nie maar in 'n noue verband gebring word met die algemene behoefte aan kunsappresiasie by ons volk. Ook probeer hy hier sy groot idee van landskapsportretering deur middel van naaldwerk as 'n Afrikaanse kuns uitwerk - in gebied van die kunswêreld wat nog heeltemal bloot lê vir bewerking. Sy pleidooi vir 'n Afrikaanse nasionale kleredrag is reeds behandel.

Behalwe die tekeninge deur mostert van Afrikaanse ontwerpe kom ook 'n hele paar voor van Erich Weyer en C. Letty, werklike mooi ontwerpe wat vir geen uitlandse behoefte terug te staan nie.

Die redaktores van die vroue-rubriek besef egter goed dat dit nie die kleredrag alleen is wat deur modes van buite beheers word nie: die hele inrigting van 'n huis, sy meubilering en versiering is in meeste gevalle nog maar niks as blote navolging nie. Sy sorg derhalwe vir gedurige voorligting en leiding, dikwels seker die ontwikkeling van 'n sie Smaak by die lesersse. Behalwe talle losstaande artikels oor die meubilering van 'n bepaalde vertrekke - mooi en prakties -; tafelversiering; keuse en ophang van skilderye, waarby gewaarsku word teen die te vol prop ~~met~~ met alle soorte meubels en ornamente; ongeskikte nuuspapier, ens. - behalwe die inligtings, verskyn daar 'n reeks baie deeglike

artikels deur mej. Zoffi oor die inrigting van 'n huis, met 'n tekening om te illustreer wat sy bedoel. Sy begin by 'n idee van die doeltreffendste grondplan ingeval 'n nuwe huis gebou gaan word: die verhoudings van vertrekke onderling, en van deure en vensters tot vertrekke, ens.; van die verhouding tussen die kleur van die soldering, meubels, mure en die stoffering vir gordyne en kussings. Die skryfster teken die onderwette vertrekke, meubels, vuurherde van ons ou boerewonings en toon hulle voordele bo die hedendaagse waldesantiekeltjies aan, en pleit deurgaans vir 'n in ere herstelling van die ou self-gemaakte meubels.

Oor die kookkuns is heelwat geskryf, bv. oor die keuse van die regte soorte voedingstowwe bynakaar (hoewel hiervoor nie wetenskaplik en definitief genoeg inligting gegee is nie); oor die voorbereiding en smaaklike opskep, ens.. Deurgaans word reeppie aangebied; in die oorlogtyd toe besuiniging die wagwoord was by die huishouding, het 'n aanbeveling van die kookkis verskyn met 'n nonkeunige intensetling van die inrigting daarvan.

Van die minder belangrike dingetjies wat in die vrouekolonne voorkom is 'n reeks praktiese raadgewinkies insake toilet en allerlei moeielikheidjies. Onder die eerste kom selfs 'n raad voor vir die donkerder maak van ooghare! Van 'n bietjie meer praktiese waarde was die wenke omtrent die versorging van die vel, hare en naels; of dit oor die behandeling van wasgoed en vlekke. Die puntjies lyk soos verspot en minderwaardig, veral in die begin, en dan wil dit ons voorkom asof die blad hier afdaal tot die peil van die goedkope uitlandse tydskrifte wat wemel van sulke wenkies en daardeur dikwels juis 'n bekoring besit vir jong meisies - en selfs huisvrouens. miskien was 'n navolging dus in die begin nodig as 'n noodhulp om die indringer te beveg, maar 'n goeie tydskrif behoort nie af te daal na die peil van die leser nie - eerder deur hoër belangte te behartig die mense te verhef bo die minderwaardige. Dit kan daarom nie beweer word dat die *Huisge-*

9 noot die verkeerde gedragelys enigins ernstig gevolg het nie. Die instelling van 'n korrespondensie-kolom oor huislike problematies het die vroue laat voel dat hulle 'n werklike aandeel aan die blad het, en het bepaald 'n wyer belangstelling in die blad opgewek.

Huishouding in die enger sin, en aantrek maak egter nie die hele lewensbelang van 'n vrou uit nie, en dit vorm dan ook nie die hele inhoud van die vroue-rebriek in die *Huisgenoot* nie. Baie word gemaak van haar rol in die lewe as moeder en eerste opvoeder van haar kinders. Die onderwerp is natuurlik diep en omvattend en een waar nog minder as op ander gebiede vaste reëls kan voorgeskrywe word, omdat dit hier geld die menslike temperament en gees; daarom word ook maar net aan die randjies 'n bietjie getorring. Een van die eerste artikels in dit rigting is oor die kuns van stories vertel - 'n kuns wat 'n belangrike opvoedingsmiddel is, en as sulks deur die ouer self moet aangeleer word, nie aan die outa en aia oorgelaat nie; die grondbeginsels van goeie vertelkuns word dan nagegaan op 'n manier wat werklik prakties nuttig kan wees. Heelwat later word weer oor die waarde van sprokies geskryf as 'n middel tot die ontwikkeling van die kind se verbeeldingskrag, en sy karakter oor die algemeen; die skrywer dring aan op 'n versameling op skrif van sulke sprokies. 'n Nog later stuk gaan oor die verbeeldingskrag self en die uitwerking daarop van te veel speelgoed; die kind behoort soveel moontlik van sy speelgoed self te maak.

Op 'n ander keer word nadruk geleë op die noodsaaklikheid van 'n goeie tydverdryf vir 'n kind, en beveel behalwe speelgoed sulke dinge aan soos 'n handwerk, tuinmaak en verskeie aanke en versorging van diere. Nog 'n paar algemeen opvoedkundige gedagtes wat ~~aan~~^{voor} die aandag van die ouers gebring word is die volgende: die gevaar van bangmakersy ~~te~~ met spookstories, donkerkamers, e.d. dinge; die ouerstandigheid ~~aan~~ daarvan om te vroeë ontwikkeling van 'n kind te verwag, wat lei tot volprop met allerlei feite - op skool ook - i.p.v. die kind 'n

kans te gee om self te ontwikkel; seksuele opvoeding van kinders - 'n artikel op 'n mooi direkte, keuse manier geskrywe -; die gewaar van aan die sin van 'n kind toe te gee skande by siek is; die kind en godsdiens; die bestryding van selfsug in 'n kind; ens. Een stuk verdien meer spesiale melding hier: die moeders word gewys op hulle verantwoordelikheid in ons taalstryd, daar dit van hulle is dat die kinders hulle eerste taalkennis kry. Die foute waarteen gewaak moet word, word definitief aangetoon, soos foutiewe uitspraak, grammatikale foute, maar boweal taalvermenging, daar ^{dit die ontwikkeling van} 'n suwer taalgevoel teengaan en respek vir die taal geheel en al onderneem.

Die lewige korrespondensie uitgelok deur 'n sekere uiteensetting van opvoedkundige idees het bewys dat daar wel oor die saak nagedink was. Stryd is altyd 'n teken van lewe in 'n tydskrif.

Ander meer algemeen nuttige inligting en bespreking kom voor oor die volgende: 'n Praatjie oor Sy - waar en hoe dit gemaak word, en hoe die kwaliteit daarvan getoets kan word; die klavier: sy geskiedenis, meganiek, goeie eienskappe wat in aanmerking kom by 'n aankoop, die behoorlike sorg en aandag wat dit vereis, en, terloops, 'n protes teen die idee dat 'n meisie nie opgevoed kan wees sonder dat sy klavier kan. Speel nie - wat soveel skadelike dwang veroorsaak; vrouekiesreg: die argumente daarteen oorweeg, en ander ten gunste aangevoer - interessant is in die verband die heftige protes van 'n sekere leseres hierteen, daar dit die blad in haar oog verlaag tot 'n gemene, politieke blad -; 'n reeks artikels van mej. Postma aan „Die Dogters van ons Volk“, wat beoog om jong meisies met hoe ideale te inspireer; **mas.** Strashem se antwoord op die vraag: Wat is opvoeding? wat sekere wanbegrippe weg te wil ruim wat algemeen heers oor die doel van die onderwys, die verhouding tussen skool, huis en volk en die onderwysprofessie; die bediendekwessie, 'n artikel wat wenke aangee vir so min moontlik afhanklikheid van bediendes; 'n aanbeveling van gereelde boekhou by huishouding;

en 'n interessante voorlesing van ^{dr.} Dr. A. Elsie Chubb oor die burgerpligte van die vrou.

Die vrou in die huis is verder die persoon op wie die verpleging van haar gesin ingeval van siekte ~~en~~ neerkom, en vir so baie gevalle het sy hulp en leiding nodig. Die stukkie en brokkie oor verpleging, b.v. oor die meet van die temperatuur, die maak en gebruik van verskillende soorte pappe, die voorbereiding van kos vir siekes - m.a.w. 'n oppervlakkige eerste-hulp sisteem van raadgewings - gedurende die eerste jare van bestaan van die blad toon dat die belangrikheid van die behoefte nie goed beseef was nie. Op die ontneugtering wat in 1918 met die Griep gekom het en die daaropvolgende beter voorsiening kom ons in 'n ander verband neer.

As by bogenoemde artikels nog die gereelde stukke oor "Ons Blom- en Groentetuin" geneem word, met hulle interessante, sistematiese behandeling wat baie kennis moes versprei het en tot heel veel praktiese nut moes gewees het, is vry wel alles aangegae wat in die rubriek "Die vrou in die Huis" aangebied is.

Dit son opsomming blyk watter belangrike faktor Die Huisgenoot in die lewe van die huisvrou kon gewees het as dit haar 'n definitiewe taak toegeken het in die opbou van die volkskultuur, nl. deur middel van die inrigting en bestuur van haar huis 'n ontsaglike invloed uitte oefen op haar gesin, en deur middel van die opvoeding van haar kinders by te dra tot die vorming van die volkarakter. Wanneer 'n vrou die opvatting van haar daelike besighede toegedaan is kan haar huiswerk nooit in haar eenting en betekeloos word nie, en sy kan nie meer genoeg hee aan die kleinzielige bemoeiinge met die sake van haar buurvrouens nie.

So definitief het Die Huisgenoot nooit sy strewel geformuleer nie - en daardeur is seker van sy krag verlore gegaan - maar die inhoud wat aangebied word is tot op sekere hoogte wel bereken om in die rigting te werk, b.v. deur tot nadenking aan te spoor oor die meubilering van die huis, en ~~te~~ in 'n mate oor die opvoeding van die kinders. Laasgenoemde middel kon egter

baie meer doeltreffend aangewend geword het deur soms 'n outoritatiewe artikel te versorg om leiding te gee waar besprekings gewes is sonder om tot opbouende gevolgtrekkings te kom. In s'n artikel ^{kon} die opvattinge van die groot opvoedkundiges van die wêreld verkondig word in 'n vorm wat vir die gewone leeres verstaanbaar son wies. 'n Uiteensetting bv. van Jan Ligthart se beskouinge oor ouerpligte in verband met die opvoeding son deur menige moeder verwelkom gewees het, en son dieper op die saak ingegaan het dan in die besprekings in die blad die geval was. Ook was dit baie noodsaaklik dat 'n eenvoudige, duidelike begrip van die grondbeginsels van kindersigologie moes meegedeel word; dat in die rigting niks gedoen is nie word as 'n gebrek gevoel en is waarskynlik die oorsaak, tesame met die tekortkoming aangaande outoritatiewe leiding, dat daar ^{nie veel} ~~geen~~ bewuste opvoedende krag vir die ouer as sulks van die blad uitgaan nie. Die gebrek is te meer te betreur daar in ons jong land ons teenwoordige ouers so min geleentheid gehad het vir enige opleiding in die opsig en die Huisgenoot wel in die behoefte ^{kon} voorsien het in sekere mate. Dat so min gedoen is, is teleurstellend veral omdat die redaksie soveel ruimte aan die vrouebelange afgestaan het, en skynbaar so goed die belangrikheid van die taak van opvoeding van die jeugd beseef het.

In die ander opsigte, egter, soos die ontwikkeling van gesonde smaak met kleredrag sowel as huismeubilering en -versiering, en die aanwag van nuttige kennis op die verskillende gebiede van naaldwerk-kuns, kookkuns, algemene vraagstukke, ens. is goeie werk gelewer deur Die Huisgenoot.

§8. Die Kinderkolom.

Van behoeftes wat op die kindewêreld betrekking het is in die verhandeling nog geen sprake gewees nie; tog ^{was} dit 'n uitstekende idee van die redaksie om die tydskrif so in te rig dat dit in die volle sin van die woord 'n huisgenoot kon wies - self tot „'n maat vir elke kind in die huis" (April 1918). Die instelling van die

rubriek vir kinders is veral prysenswaardig omdat daardeur die belangstelling in 'n Afrikaanse tydskrif van kleinsaf aangekweek word, asmede 'n les tot lew; ook ontstaan daardeur 'n geleentheid om kinders van jongaf te oefen in die uitdrukking van hulle gedagtes, en dan nog in hulle eie taal.

Die opvatting van die redaksie oor die kinderkolom, altans by die aanvang, blyk uit die inleidingsartikel van april, 1918: „Vir twee jaar lank het ons nou vir julle in Die Huusgenoot stories vertel en nuttige lesies geleer. Af en toe het ons ook klein gediggies gegee.“ Sedert die tyd het 'n nuwe behoefte hom egter laat geld: „Maar dis nie genoeg dat net ons grootmense praat en skrywe nie - dit word hoog tyd dat die kinders self begin vertel van alles wat in die kinderwêreld gebeur,“ want ook grootmense wil daarvan graag verneem.

Die eerste duidelik gevoelde behoefte was dus aan geskikte stories vir die kleintjies, en op drie maniere is hierin 'n mate van voorsiening gemaak: (1) die vertaling en bewerking van sprokies en feestories uit Duits, Engels en Nederlands; bv. 'n paar uit die versameling van Grimm; Die Hoogmoedige Kaboutermannetjie (na die Hollands van S. Abramz); Die Rooiborsie, en Die Tien Towermannetjies (na die Duits); Die Prins en die Swaweltjie (uit Engels); selfs Die Dankbare Vlies (uit Japan) en Die Spelonk van die Towergodinne (uit Switserland).

(2) die oortel in Afrikaans van Grieks en Romeinse mities: bv. Die Skepping; Pandora; Prometheus; Jupiter; Deukalon en Pyrrha; Apollo; Artemis.

(3) die vertelling van oorspronklike stories in Afrikaanse omgewing; (a) ^{van} natuurlik: bv. Pêrel ('n Legende van Kalkbaai deur Angus en Dornehl); Anna Hester in Droomland; Anna Hester in Wonderwensland; Die Tooskoenlappertjie; Minie en die Trapsoetjies; Die Houtmannetjie; Die Troutjie van die Veld; Outa Danster se stories: Die Duivelokunstenaar en Die Maanborsseuntjie; Jakkals en Wolfstories; Swaapstories; Koning Tingtinkie; Ses leuens en Kort Stories van Reynier.

(b). natuurlik, alledaags, soms komiek: bv. in Platjie; 'n Nuwe-
 ling (in die drukkerij); Willie en die Sigaretjies; Willie en die
 Hasie; Hoe neef Piet 'n Vrag Koring Kaaptoe gery het; Jan en
 Mr. Cleghorn; dan weer tragies, soos: 'n Gebroke Vaderhart;
 'n Somervakansie, albei mooi gevoelvol vertel sonder oordrewe
 patos; en anders gewoon, tekenend van die lewe: Henk; Die Verbod;
 Viktorië, Die Prinses (onaia se lewensgeskiedenis); Liefde oorwin;
 Marie en haar Akker; Fielant ('n merkant); Klein Piet se Kanaries;
 Msienie (uit die dae van Bloedrivier); Meidale; Herinnerings van
 'n Stout Kind; 'n Onregverdige pak slaai; stukke uit "Ghewennie
 Barneveld" van von Wielligh; Klein Jannie en die Springbokwesie;
 Pinnie gaan Skooltoe; Hoe Kasper hom geworek het; 'n Jierjag
 in die Maanskyn; wat 'n Waterdruppel vertel.

Maar soos reeds opgemerk het Die Huisgenoot na 'n paar jaar
 die kleintjies self laat bydra tot hulle kolom om sodoende die
 blad van meer betekenis en waarde in hulle te maak. Van ses
 maande, van April tot November 1918 was daar geseld elke maand
 'n wedstryd uitgeskryf en pryse uitgehoof deur die A.T.V. van Stellenbosch,
 oa. vir die beste briefie aan die redakteur - waaronder 'n paar onlike ondigies
 ingekom het met nogal 'n opinie oor Die Huisgenoot en wenke vir verbetering
 in die kinderkolom - en beantwoording van raaisels; 'n opstel oor 'n
 Huisdiere; 'n ander oor enige Afrikaanse gedig; 'n storie in eie woorde
 vertel; i.p.v. gewone raaisels die verklaring van sekere algemeen gebruiklike
 woorde, soos parlement, regering, ens. en 'n storie uit die Afrikaanse geskie-
 denis; name van al die speletjies thuis en op skool gespeel; 'n beskrywing
 van 'n Afrikaanse stad of dorp. In die meeste gevalle was 'n hele paar
 van die beste antwoorde geplaas, en soms het die redakteur op die
 algemene fonte geuip.

Daarna kom nou as dan weer 'n wedstryd voor: soms reekse raaisels
 deur lesers ingestuur; eenkeer vir 'n geskikte naam vir 'n boek vir
 kinders wat binnekort sou verskyn.

Vanaf April, 1922, kom daar nuwe lewe in die rubriek as ~~was~~ mev.
 Rothmann die volgende interessante wedstryde uitkryf: die beste
 versameling uitbofsympies (wat gegewens versamel omtrent die lewens-)

dige mympies wat in sommige speletjies gehoor word); 'n opstel oor Bangmakers onder diere wat ^{die kinders} ~~hulle~~ self ken, na sy hulle van 'n sekere soort padda vertel het wat homself opblaas om ander af te skrik; later weer oor Namakers onder diere - opstelletjies wat beken was om die kinders se belangstelling in hulle omgewing op te wek en oplettendheid by hulle aan te kweek; die uitlae was egter te-leerstellend, behalwe dat 'n over seun 'n baie interessante stuk oor Namakers ingestuur het; 'n ontmoeting met 'n gevaarlike dier (baie goed geslaag, sodat die wedstryd self in die volgende maand herhaal word; die beste was geplaas; wits oefen bepaald die kinders se beskrywingptalent van iets wat hulle self ondervind het); Die mooiste Afrikaanse gedig (besonder suksesvol, toon 'n interessante smaak-verskil); 'n oorspronklike storie - die beste geplaas, "Die Prinses met die lang hare", nogal verdienstelik. Ook apart van die wedstryde is stories deur die kinders self vertel gepubliseer - seker 'n aanmoediging vir aspirant-skrywertjies. Eenkeer het die redaksie van die kolom die kindertjies om informasie gevra oor die Hoefhoepie, 'n skaars soort voëltjie, nadat sy hulle 'n mooi klein ligende meegedeel het van hoe die voëltjie eentoe met Salome in aansaking gekom het en van hoe die Jonge Kroontjie op sy koppie ontvang het. Die feit dat 'n paar kinders werklik stukkie ingestuur het wys dat die poging om hulle in die natuur om hulle heen te interesseer nie tevergeef was nie.

Behalwe die verhaaltjies waarin daar meermale 'n sedesessie ingevleg was, het ook interessante artikels verskyn wat meer direk die algemene opvoeding van die kind beoog het, by die wat sekere karaktertrekke aangeprop het en beken was om die nastrewing van sekere ideale aan te moedig: Oplettendheid - die rol wat dit in die lewe van groot manne en vroue gespeel het, en die onontbeerlikheid daarvan in ons Afrikaanse omgewing; Klein Dingetjies kan soms Groot Gewolge hê; My Tuintjie; Ons Leeftyd - 'n ou Britse oorkleuning met die moraal: wees tereed met jou lot; Laat Ons beter Praat; Heer om iets te doen; Lewensbeskrywings van manne soos Alexander die Grote; Sir Isaac Newton.

Ander weer is bereken ons nuttige kennis aan te bring en die oë op te maak vir skoonhede in die alledaagse lewe: in Eenvondige Vliegmasjien (met illustrasie); iets oor rubber; Geskiedenis van 'n Suringblommietjie; Die Rikvoet, 'n mooi maar skadelike waterplant; wolke en reën; 'n natuurles oor die valk; See-siers en See-anemone; Gond - in die myne, en in die Gondskat; Skepvoere, 'n interessante voorloper van 'n reeks natuurstudie-lesse deur ^{dr.} Skaife; en, een van die heel mooiste, Erich Wayer se stukkie oor die skoonheid wat soms in die nietigste en dingetjies skuil: sy tekeningetjies van 'n konkommersrank, vier lepeltyis, 'n dooie takkie met mos begroei, ens, het skaars die geselsende aanwysing nodig om die lesertjie te laat sien wat hy as kunstenaar gesien het.

Die alleen was prozaverhaaltjies in groot aanwaaag nie, ook aan kinderversies was daar groot gebrek; daarom is dit so 'n prysenswaardige wedstryd deur die A.T.V. van Stellenbosch uitgedroef vir die beste gedigte vir kinders. 'n Paar baie mooies het ingekom, veral van H. Postma en J. R. L. van Bruggen. Gedurig is sulke versies in die kolomne opgeneem, sodat daar heeltmaal 'n ~~aangie~~ mooi klein versameling verskyn het. Later het ^{mev.} ~~mev.~~ Rothmanns 'n klompie Bogversies aangegee, naïef en kindelik, eintlik meer rymslag as digwerk, maar interessant en mooi geïllustreer. Baie welkom was seker die kinder-tonneelstukkie, waarvan in die woorde fare verskyn, ^{het} Kiemevig, eintlik 'n selesie oor die drie higiëniese pligte van suiwer lug in adems, tande goed versorg en water drink om verkoutheit te vermy - in bewerking uit die Engels; en 'n fantasie Afrikaanse Kinders deur 'n skoolseun ingestuur, waarin hy deur middel van aanhalings uit die bekende digters die eenheid van die verlede met die hede en die toekomst in die Afrikaanse geskiedenis wil voorstel.

Maar mees oorspronklik en toepaslik is die twee bietjie groter en baie meer aantrekklike toneelstukkie van ^{mev.} ~~mev.~~ Rothmanns: Die Berg en die See, waarin 'n figuurlike voorstelling van die natuurproses van reën uitgewerk word; en Die Verlore Speelmaat.

ook figuurlik tot op sekere hoogte, wat die kinders uit leer om disse en blomme met liefde en troue sorg te bejien. Laasgenoemde verteen werklik mooi op 'n verhoog, soos ons eenkeer in 'n skool-konsert kon waarneem. Die enigste nadeel is die gebrek aan wysies by die liedjies, 'n moeilikheid wat nie sonar deur elke onderwyseres kan opgelos word nie.

Al was die kolom aan die kinders afgetaan in die begin maar skraal, en al het dit gewoonlik weer weggekrimp na tydelike oplewings soos by die vereniging met Die Afrikaanse Kind, het dit soveel interessanter geword in die laaste jaargang en 'n half dat dit die belangstelling selfs van die ander lesers kon opgewek het, nl. deur die leesstof aangebied en deur die geleentheid vir die ontwikkeling van sluimerende talente verskaf.

Soos in die begin van die bespreking van die kinderkolom opgemerk is, was dit uitstekend ingesien van die redakteur dat ook die kinders van die Afrikaanse volk in aanmerking moes kom vir 'n aandeel in 'n goeie Afrikaanse tydskrif. Deur middel van die inhoud soos hierbo aangegee is dan ook na ons mening heelwat gedoen om voorsiening te maak in die behoefte aan kinderstories en versies; ons leeslus by hulle op te wek; om oplettendheid en belangstelling in die natuur by hulle aan te kweek, en ons hulle 'n geleentheid te gee ~~om~~ self ook aktief op te tree, veral in die later jare toe daar reeds buite Die Huisgenoot om beter voorsiening vir kinderleesboeke gemaak was. As 'n mens egter bedink hoewel 'n tydskrif kan doen om algemene kennis op 'n eenvoudige manier aan kinders te verskaf, soos bv. deur Arthur Mee in "My Magazine" gedoen word, dan lyk die sy van die werksaamhede van die kinderkolom onvoldedig en oppervlakkig, ^{en} al is dit maar 'n onderdeel van 'n groter blad, kan baie meer verlang word in die lys van sistematiese, doeltbewuste inligting in die toekoms.

Die blote feit egter van 'n aandeel van jongraf in 'n tydskrif te he - en daartoe was die rasiaal- en ander wedstryde bereken om mee te werk - verskaf aan die opkomende geslag 'n geleentheid vir ontwikkeling wat ons ouers nooit gehad het nie.

§9. Die Maatskaplike Lewe.

Al die afdelings van die aktiwiteit van Die Huisgenoot, soos die in verband met taal, letterkunde, kuns, geskiedenis, of wat ook al, vloei natuurlik uit, en het betrekking op, die maatskaplike lewe. Onder die hoof word hier egter behandel punte wat nie tuishoort onder een van die ander afdelings nie, en ook nie uitgebreid genoeg is om 'n afsonderlike behandeling te eis nie.

Die eerste eis wat hier kan gestel word aan 'n blad van die geaardheid van Die Huisgenoot is 'n simpatieke saamlewe met die volk in die ontwikkelinge en gebeurtenisse van belang wat in die samelewing plaasvind, waardeur die blad dan as vanself 'n weerspieëling van die maatskaplike lewe gedurende sy tyd van bestaan weergee. Aan die eis sou o.a. op 'n baie doeltreffende wyse kon voldoen word deur middel van die inleidingsartikels wat rekening hou met belange soos hulle opkoms en reeds die publieke aandag in beslag neem. Dat Die Huisgenoot van die behoefte bewus was en van genoemde middel gebruik gemaak het blyk uit inleidingsartikels soos die volgende. In September 1917 word onder die opskrif „Nuwe Universiteite“ op 'n duidelike, saaklike wyse die hele skema van hoër onderwys wat in begin 1918 in werking sou tree uiteengesit, die verskille tussen die drie voorgename Universiteite aangee, en die belangrikheid van sulke inrigting vir die volksontwikkeling voor die aandag gebring, met tegelykertyd hulle absolute afhanklikheid van volksondersteuning. Veral omdat in die geval 'n ontwikkeling voor die deur was wat nie vir elke man op die boereplaas verstaanbaar was nie, was die inleidingsartikel van Die Huisgenoot goed gekies en toepaslik. In April, 1918, na die Universiteite werklik tot stand gekom het word deur die redaksie spesiaal oor die Universiteit van Stellenbosch geskrywe as die universiteit by uitstek wat ^{met} die behoeftes en ideale van die Hollandssprekende bevolking wil rekening hou.

in Paar uitgawes later is daar weer 'n groot volksbeweging wat deur die kragtige inleidingsartikel van Oktober, 1917, in al sy edelheid van opvatting en ⁱⁿ sy belang vir ons volk voorgelou word, nl. die Helpmekaar-beweging; van soets in die maatskaplike lewe moes in „tydskrif vir Afrikaners“ noodwendig kennis neem.

In November, 1917, bied die viering van Hervormingsfees deur die hele land 'n mooi geleentheid aan vir 'n besielende redaksie-estiekel. Die sentrale punt wat behandel word is die moed en durf van Luther om vir sy oortuiging uit te kom. As kinders van die Hervorming is dit ons plic om trou te bly aan die „magtige beginsel van vyheid“, die „afkering van alle dwang“, nie op die gebied van godsdiens alleen nie, maar in ons hele volkslewe.

Wanneer die Griep in 1918 ons land in 'n nag van rou en droefheid stort, wy die Huisgenoot sy inleidingskolomme aan die nagedagtenis van die menige plic lewes in hulle krag daarheen.

In November van dieselfde jaar as daar vrede gekom het na die vier bitter jare van oorlog, neem die redakteur die geleentheid waar om opmerkzaam te maak op die twee groot beginsels wat op die voorgrond getree het, nl. die van nasionaliteit en die van demokrasie; diersame vrede moet berus op reg en geregtigheid vir alle partye, dus ook teenoor klein nasies.

Verskeie keere as die einde van die jaar gemaak, word die inleidingsartikels gewy aan die viering van ons groot volksfees op Dingsaansdag, en word 'n poging aangewend om die doodshuid wat gewoonlik daarmee gepaar gaan te beveg; ~~op 'n ander keer~~ ^{of} word daarop gewys hoe die Voortrekkergees wat ons so ~~veer~~ vereer geloënstraf word deur die verdeeldheid van die volk: is ons dan onverskillig ontrent die nalatenskap wat ons aan die nagedlag verksuldig is?

In 1921 verskyn na aanleiding van die skitterend-geslaagde Kermis op Stellenbosch 'n interessante estiekel van die redakteur waarin hy in die geveelde instelling van s'n kermis 'n voortsetting sien van die ou Hollandse Kermisgees, ^{en} van die ou Stellenborse Kermisgees uit die dae van Van der Stel, en tegelyk

'n voorsiening in 'n nasionale behoefte aan gesunde vermaak, waardeur die geld in die land bly en nuttig kan bestee word.

Op die manier het Die Huisgenoot saamgelewe met die volk, en die gedagtes in verband met sosiale gebeurtenisse en bewegings glee. Deur middel van lewensketse van manne wat toentertyd vername posisie in die maatskappy beklee het was die volk ^{veder} op hoogte gehou van wat in hulle midde gebeur. Onder sulke sketse val die van Sir Frederic de Waal as Administrateur, Jan Celliers as gewilde digter, ^{dr.} W.J. Viljoen as Superintendent-Generaal van Onderwys, ^{dr.} Brill en sy opvoedkundige werk, ^{mr.} Roos as Kontroleur en Auditeur-Generaal van die Unie, ^{mr.} de Villiers as stigter van die Helpmekearfonds, e.a. In ander gevalle word die doodberigte van manne en vroue wat vir die volk as geheel veel beteken het aangegee op 'n manier wat die volk moes laat voel het hoe hulle almal deel in die verlies:

^{mev.} ~~mev.~~ Paul Joubert, ^{dr.} President Steyn, ^{dr.} Andrew Murray, Philip Hitchcock, ^{dr.} Zbie Muller, Fred Dormehl, ^{dr.} O'Kullis, ^{prof.} Marais, e.a.

Ook deur middel van sekere sketse en verhale word sekere sye van die sosiale lewe weerspieël. "Op Jacht" gee bv. 'n interessante beskrywing met mooi kiekies daarby van 'n jagtog in die Bosveld; daar verskyn 'n Tsepiese Plaasbeskrywing; rapporte word gegee oor verskillende belangrike feeste en funksies, soos bv. van die Taalfees op Riversdal in 1918, met sy pragtige program van goeie sprekers oor die Afrikaanse taal in al die verskillende departemente van die lewe, en met die gedagte wat uitgespreek is dat Jan Celliers uit sy kantoorlewe behoort verlos te word.

Die Huisgenoot het hom so stadiggaan laat geld as orgaan van verskeie vername organisasies uit alle afdelings van die samelewing; aanvanklik was hy gedeeltelik die blad van die A.T.V. op Stellenbosch, later van die Studentebond Werda, en uiteindelik nog van die A.C.V., O.V., Helpmekearbeweging, en die C.J.V. Die verenigings speel almal hulle vername

rol in die lewe van ons volk en deur die rapporte van hulle werksaamhede was nie alleen 'n wyer sirkulasie van die blad verseker nie, maar ook 'n sekere mate van bestendiging van die organisasie self. Dit moes egter altyd in die oog gehou word dat die verskeie elk min of meer beperk was tot die lede van die betrokke vereniging, en insover hulle nie elke leser sou boei nie moes hulle nooit 'n ~~buite~~ plaasruimte ~~in~~ inneem wat buite verhouding was tot die algemene leesstof nie. Slegs een of twee keer het Die Huisgenoot hom hieraan besondig, sodat dit nie as 'n tekortkoming van die blad kan aangegee word nie.

Met die streef tot 'n noue saamlewe met die volk moes noodwendig gepaar gaan 'n verstandige insig in wantoestande wat altyd in enige maatskappy aan te tref is. In sommige gevalle sou die euwels aan onkunde toe te skryf wees en daar sou die nodige inligting moet verskaf word; in ander gevalle sou die oorsprong dieper te soek wees en die bestyding sou 'n doelmatige oplossing van probleme vereis. In alle gevalle, egter, sou 'n kultuurblad sy bydrae tot die verbetering van sulke toestande moes lewer, sy dit deur outoritiewe inligting te verskaf, of sy dit deur die moeilikhede aan te toon en gedagtes daarvoor te stimuleer met die doel om oplossings te soek.

Een van die minder algemene euwels wat wellicht nêrens anders beter as in 'n tydskrif kon bestry word nie, was die letterdiefwery waarop een van die inleidingsartikels die aandag gevestig het. In meer as ~~ge~~ een geval het die misbruik seker uit onkunde gespruit wat toring te voer was op al die omstandighede van ons volksonterkkeling, en insover het die redakteur die oorsaak uit die weg geruim vir al sy lesers; waar daar egter bewuste gevalle van plagiaat voorgekom het was die redakteur ongenadig in sy veroordeling.

So nu en dan word die laksheid ontrent die handhawing

van ons taal sterk afgekeur en proles daarteen aangemoedig, soos in die geval van die opstel van offisiële rapporte, in Engels, wat as gevolg het dat Afrikaners oor die algemeen in 'n gruwelike onkunde verkeer omtrent die regeringsake van hulle land; die volk word aangespoor om te klax oor die onreg, nie net die rapporte te verstoot nie.

Baie oppervlakkig word die vraagstuk van onsedelikheid onder die Afrikaanse nasie aangeraak, nl. in die eerste plek in aansluiting aan die pamflet van Prof. Brümmer oor „Die Afrikaner en Onsedelikheid,” wat deur Die Huisgenoot aangekondig word, „op die ontzaglike gebreke waarvan gewys word, met 'n kortle aanduiding van dinge wat nie aangeraak is nie en wat tog baie diepergaand en meer belangrik is. In die tweede plek word 'n paar sketse geplaas wat enigens die skandelik onsedelike toestande in die agtbruertes tekens „as Kaapstad blaaf.”

Wat die Armeblankewessie betref, word feitlik alle melding daarvan in Die Huisgenoot saamgevat in die inleiding-artikel oor die rapport van die Sekretaris van Onderwys met betrekking tot Kindersorg, waarin nadruk gele word op die belangrikheid ^{van die saak} ~~daarvan~~ vir die ^{oplossing van die} hele groot vraagstuk.

In een enkele artikel word die redes bespreek wat aangege word vir die uitdrijving van Suid-Afrika, en word sterk aangedring op 'n kragtadige teëwerking, miskien deur die uitwerking van Schwarz se skema.

In die behandeling van die vrouerubriek is reeds aangestip dat op die gebied van die volkgesondheid feitlik niks gedoen was voor die griep met sy verwoesting die dringende behoefte aan algemene voorligting na vore gebring het nie. (Vgl. bl. 119). Toe het die redaksie besef dat die epidemie ons getoon het „hoeveel opvoedingswerk daar nog in ons eie maatskappy te verrig is in die versprei van nuttige kennis betreffende die allerewste beginsels van die

gesondheidsleer, en in die opwek van belangstelling in die behoortlik^e behuising ook van ons arme blanke en gekleurde bevolking." (Okt. 1918).

Van die tyd af het dan ook af en toe artikels uit die pen van 'n deskundige soos ^{dr.} Leipolat verskyn, nl: "Ons Veldmiddels"; Siekteverpleging - in gevalle van aansteeklike siektes veral; Algemene Gesondheidsleer: liggaamsoefening, voedsel, slaap, higiëne van die vel, van die ingewandsorgane, kleding, matigheid; meer spesiaal oor die kind: sy kleding en voeding, die Sorg van sy tande en oë. Die oogmerk om kennis te versprei is duidelik - kennis nie alleen van wat gedoen ^{moet} word ingeval van ongesteldheid nie, maar kennis veral wat in staat stel om gesond te bly, om 'n sterk, gesonde gestel op te bou.

Van Augustus 1921 af verskyn verder gereeld 'n reeks "Gesondheidswenke" en Eerste-hulp raadgewings deur Verpleegster De Vries, wat sy as volg aanvang: "Na aanleiding van 'n versoek om in Die Kruisgenoot iets mee te deel omtrent gesondheidswenke en verpleging in die stad sowel as op die platteland, wil ek graag my ondervinding en kennis mededeel, in die hoop dat dit tot nut sal strek vir ons vroue en meisies, en dat dit in 'n dringende behoefte sal voorsien."

Die redaksie besef egter dat s'n mededeling van kennis nie veel meer as 'n noodhulp is nie wat vir baie lesers weer ^{so}verlore gaan deur gebrek aan geleentheid vir toepassing. In 'n later inleidingpartikel word die hele kwessie van die volksgesondheid breedvoerig ter sprake gebring. Met die keuring van troepe vir die Europese oorlog het in ander lande 'n skokkende openbaring gekom van onkunde aangaande die grondbeginsels van die gesondheidsleer en die bou en behandeling van die menslike liggaam. In ons eie land was dit die influensa-epidemie wat ons die wantoestande in ons samelewing getoon het wat op die oorsaak terug te voer is.

Die gevolg van die verskrikking wat deur die land gegaan het 'n paar maande tevore was die gesondheidswetontwerp

wat toe net voor die Volksraad geleë was. Dit was al 'n groot stap vooruit. Maar om die verregaande en gevaarlike onkunde en onverskilligheid by die volk te bedryf was dit nodig om dit te vervang deur kennis: skole moes nie alleen onder mediese inspekteurs staan nie, maar moes ook sorg vir mediese onderrig aan die kinders. En behalwe lesse ontvang moes die kind ook in staat gestel word om hulle in die praktyk uit te lewe - d.w.s. behoorlike huisvesting, gesonde voedsel, 'n gesonde werking moes aan die armde werkersklasse verskaf word. 'n Saak van so groot volksbelang moes teen alle koste of moeilikhede in deur die Staat deurgedryf word. Die belangrike punt was om die kind te vang en sy ondersteuning en medewerking te kry as hy volwasse is; dan sou die volksgesondheid op 'n baie hegte basis te staan kom.

So 'n artikel kom op die kern van die saak neer en ywer in die beste rigting - alleen, daar is nooit verdere aangedring nie, en toestand is vandag na vyf jaar tog nog nie baie verbeter nie: mediese inspeksie is nog maar gebrekkig deur die bespottelik klein aantal amptenare vir die reusetaak; en mediese onderrig op skole is nog maar die skaarse uitsondering, en dan nog dikwels so teoreties en weg van die lewe dat dit die kinders niks baat nie. Dit is tog duidelik dat alleen deur gesonde gewoontes by die kind aan te kweek - en dit kan beste in sy skooljaar gedoen word - 'n werklik gesonde lewenswyse kan opgebou word.

Nog 'n gebied behalwe dié van die volksgesondheid wat 'n enigins breedvoerige behandeling verdien is die inrigting van ons skole vir opvoerkundige doeleindes. Onder "Prae van die Dag" bespreek Bikkop bv. die middelbare onderwys in Suid-Afrika. Hy pleit vir 'n beter beheer oor skole en 'n doelmatiger inrigting van die leerplan; hy vergelyk ons sisteem met dié van Holland en stel definitiewe wysiginge voor, oa. die invoer van tegniese (hier feitlik landboukundige) onderwys op die middelbare skool-

nie juis in nuwe idee nie, maar een wat tog Reflektie vereis het. Die middelbare skool moet verder so verbeter word dat al drie oorsake wat nou meewerk om kinders te onthou van twee opvoeding wegwat, nl. te jonk van huis af gaan, finansiële moeilikhede, en die vermors van tyd op 'n slechte skool. Die skrywer kant hom baie sterk teen die eksamenstelsel wat die regte strewe van die onderwys - die ontwikkeling van 'n eie denkvermoe by die kind - teëwerk; verder lewer hy 'n hele pleidooi vir gloamentlike opvoeding van die geslagte op grond van die ornatuurlikheid van die skeding wat al meer en meer gemaak word.

Ongeveer twee jaar later verskyn daar weer ^{dr.} ~~dr.~~ Hugo se opinies oor Volkoopvoeding: die noodsaaklikheid in ons land om ^{aan} oud en jong dadelik 'n beter opvoeding te verskaf; die medewerking wat daar tussen skool en huis moet bewerk word deur meer tegniese onderwys op skool, met praktijk by die teorie; 'n reorganisasie van die laer skool om die kind deur ervaring te laat leer - "bring na die natuur!" roep hy Rousseau na - en meer aandag by die keuse van 'n beroep vir 'n kind; vir laasgenoemde doel, toetsing langs psigologiese weg om die natuurlike aanleg van die kind agter te kom.

Dis sowat negge uitgawes word in die vrouerubriek artikels deur ^{dr.} ~~dr.~~ E. Eybers ^{gevolg} gepubliseer oor die Amerikaanse maniere op opvoedkundige gebied van destyds, nl. intelligensietoets. Hy vertel van die opatit van die toets, gee 'n paar self aan, bespreek die moontlikhede en beperkinge daarvan. Of sy pleidooi enige ingang gevind het by die publiek kan hier nie nagegaan word; van belang is alleen dat die Huisgenoot hom geleen het tot die verspreiding van sekere nuwe opvoedkundige idees wat gelik het of hulle in sekere opsigte baie waarde vir die samelewing kon hê. Al wat ook eintlik kon beoog geword het was om die publieke opinie in te lig ter voorbereiding vir die moontlike invoering in die toekomst van die toets op ons skole.

Interessant is in verder die duidelike, & uitvoerige bespreking deur ^{dr.} J. R. Malan van 'n buiteskool in Amerika, waarin sekerlik wenke voorkom wat „ons monde water“ (Red.) om hier te kan toepas.

In ander sosiale vraagstuk wat taamlik deuglik bespreek word in Die Huisgenoot is die alkoholvraagstuk - nie deuglik in die sin dat baie sprekers deelneem nie, maar wel in die sin dat 'n oortuiging soos ^{dr.} Perold 'n baie breedvoerige uiteensetting gee van die saak. Die feit dat die bespreking uitgelok is deur die pamflet van Van Schalkwyk wat algehele afskaffing bepleit, en die feit dat ^{laasgenoemde} ~~by~~ ^{na} Dr. Perold se teenargumente gegrond op praktiese besware, in lang, maar onwetenskaplike, repliek lewer waarop Dr. Perold in Julie 1923 afdoend antwoord, (met heel veel gepaste sarkasme die keer by), - dit feite sorg dat die lesers van Die Huisgenoot 'n goeie insig kry in wat voor 'n teen af-skaffing te se is.

Vir die algemeen gemeen, het Die Huisgenoot in party opsigte voldoen aan die eise in die paragraaf behandel, in ander weer tekort geskiet. As 'n weerspiegeling van die maatskaplike ^{lewe} was die blad 'n sukses: behalwe goed aan-~~te~~ pas by die samelewing in sy strewes en sy belange, het die tydskrif tegelykertyd leiding geneem deur rigting aan te gee, soos by in die ievinge van Dingaansfees; en deur in die geval van groot bewegings of gebeurtenisse die uitstaande punte van belang duidelik voor die gesig van die leser te stel, soos in die geval van die Hervormingsfees, of van die Vredesverklaring.

Waar verbetering van wantoestande verlang word, is die meeste bevrediging gegee ten opsigte van die volksgesondheid - en tog het die blad hier nooit nêrgekoms op die sye deur homself gesuggereer, ^{nie} nl. behoorlike behuising van arme blankes en gekleurdes; selfs is niks gedoen om te wys op die belangrike pligte van Stadsrade insake ordentlike sanitasie nie - iets wat in ons stede en dorpe nog lank nie altyd in die haak is nie. Wel het die redaksie op 'n kernpunt van

die saak neergekom in die pleidooi vir mediese onderrig op skool, maar daarop is weer nie voldoende aangedring nie. Selfs hier is dus tekortkominge in die bemoeiinge van Die Huisgenoot te konstatien.

Die gebied van die opvoedkunde is so wyd dat dit moeilik is om 'n omvattende behandeling daarvan te gee; goeie ^{artikels} ~~werke~~ is daarop geleer, alleen so geïsoleerd en uiteenmekaar versprei dat die krag verloor. In die tussentye was dit tog seker moontlik om deskundiges te kry om br. opbouwende kritiek oor die ondoeltreffendheid van ons skoolsisteme leit te bring, veral daar juis op die gebied soveel vae besware ingebring word wat niks meer uitrig as om 'n vooroordeel teen die skole te verwek nie.

Wat niks oor die Natuerlike-vraagstuk, of oor die Arbeids-moelikhede, en feitlik niks oor die Armeblankewessie in Die Huisgenoot verskyn, ^{het} nie is 'n gebrek, daar die vraagstukke die hele sosiale orde aantas. Natuurlik word geen afdoende oplossing verlang nie, maar wel 'n uiteensetting van die probleme, gedruide informasie daaromtrent, en waar nodig bespreking - miskien wel iets in die lyn van wat oor die alkoholvraagstuk verskaf is.

§ 10. Die Bewondering van Industriële Vooruitgang.

Die Huisgenoot het besef dat onder ander behoeftes van ons ontwakende nasionale selfbewussyn die aan ekonomiese onafhanklikheid baie gun op die voorgond sou tree. In die heel eerste nummer herinner die redaksie daaraan, dat, zo wij wens op te bouers een eigen kultuur, een van de voorwaarden is, dat 't volk sterk zal zijn op 't gebied van landbouw, handel en industrie. ... Alleen als een volk sterk is op ekonomies gebied, mag men de gouden eeuw van kunst en wetenschap ook verwachten."

Daar was dus 'n groot veld ^{oof} vir bespreking ~~op~~ deur 'n goeie Afrikaanse tydskrif: die volk moes in die eerste plek geleer word om te besef hoe dringend noodsaaklik dit was om hulle

die nuwerheid op te bou; hulle moes verder op hoogte gehou word van wat gaandeweg in die rigting gedoen word, en hulle meewerking en medewerking moes gewin word in reedsbestaande fabriek; die opkomende gedag moes tegelykertyd ingewy word, ^{ontrentwatter} in ~~die~~ rigtinge in hulle oopstaan in die ekonomiese wêreld, en die begeerte by hulle aangewakker word om op die gebied die vaderland te dien.

aan die ander kant moes die menigvuldige tekortkominge wat vooruitgang strem voor die aandag gebring word, (bv. in die landbouonderwys op skool, of in behoorlike tegniese onderrig), en dit in verbetering gegee word.

In 'n paar kragtige artikels van die redaksie word aan sommige van bogenoemde eise voldoen. In April, 1919, word die volgende onder "Rykdom en Kultuur" aangevoer: "Dit ekonomiese afhanklikheid spuit al te dikwels kultuurslawerny, omdat die Hollandse spreekwoord steeds van krag is: Wilens brood men eet, diens woord men spreekt." Vervolgens word in sterk bewoording bepleit die noodsaaklikheid vir Afrikaners ons hulle toe te lê op handel as hulle hulle onafhanklikheid op geestesgebied wil behou. Ryk Afrikaners is nodig, wat hulle geld in die kultuur van hulle volk belê, bv. deur 'n Afrikaanse Universiteit in staat te stel om 'n leerstoel in die handel in te stel.

Onder "Hederslandeliefde en Volksontwikkeling" (Julie, 1919) word in tweede keer gepleit vir handel. Die redakteur wys op die nuttelosheid van al ons mooi praatjies oor nasionalisme en onafhanklikheid solank as ons ekonomies afhanklik van ander nasies bly. Hy pleit vir leerkursusse in handelsvakke op skole en Universiteite, en vir wegstuur van ons landseuns na Europa of elders vir 'n deeglike praktiese sowel as teoretiese kennis van handelometodes. Ook maak hy melding van die Kooperatiewe Vereniginge, die kommersiële fakulteit in die Universiteit van Stellenbosch, en die Afrikaanse Handelshuis in Kaapstad as tekens van ontwaking - maar nog maar druppeltjies aan die emmer.

Die redakteur besef ook hoe noodsaaklik tegniese onderwys

is vir die ekonomiese ontwikkeling van ons volk, en haal voorbeelde aan uit Amerika, Frankryk en Duitsland ter verduideliking van wat kan gedoen word. Sy kragtige artikel (Jan. 1920) word opgesom in sy laaste paragraaf: „Suid-Afrika staan vandag nog aan die begin van sy ontwikkeling en daar is groot behoefte aan behoorlik opgeleide werkers in verband met ons myne, ons landbou, ons spoorweë, ons paaie, ons water-voorraad, ons fabrieke en honderd ander sake. Alles gaan vooruit, alles groei, verander. Ou metodes moet plaasmaak vir nuwes; handarbeid word gehelp of vervang deur masienere; industrieel waar ons voorvaders nooit van gedroom het nie, kom tot stand. Dit alles vereis kennis, deursig en aanpassingsvermoë. Ons besef meer en meer dat dit nie genoeg is om net een of ander feit of proses te ken nie: ons moet beginsels leer, en ons moet selfstandig dink as ons wil tred hou met die vooruitgang van die wêreld. Maar bowe alles moet ons as 'n volk leer dat alle erbare neringe ons agting en steun verdien, en dat elke getroue werker in ons maatskappy sy loon waardig is. Dan, en dan alleen, sal ons nasionale liggaam in elke lid gesond en welwarend wees.”

In die artikel oor die „Nuwe Universiteit” (Sept. 1917) word word nadruk gelê op die belangrikheid van die landboufakulteit op Stellenbosch en Pretoria, omdat landbou die vernaamste tak van bedaan in ons land is, en landbouopleiding tot nogtê ^{geword} gruwelik verwaarloos is. oor landbou word deur Dr. Perold in uiteensetting gegee van die bestaande fasiliteite vir landbouonderwys in ons land, en die noodsaaklikheid aangetoon vir baie goed opgeleide landbouers in ons land waar droogtes en talryke veseiktes die gedwinge vyande van die boer is; die skrywer ~~kritiseer~~ kritiseer ook die bestaande stelsel van onderwys en maak aanbevelings vir verbeteringe.

In September 1922 verskyn 'n artikel oor die landbou-fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch, wat vertel hoe dit ^{daar} ingerig

is en wat dit beoog.

Op die landbouonderwerp self het Die Huisgenoot nie nodig gehad om diep in te gaan, ^{nie} daar die Landbou. weekblad daar ~~was~~ vir tegniese bespreking; maar landbou moes wel ter sprake kom in sy kolomme as 'n middel om ons Afrikanerdom te handhaaf, nl. as een van ons grootste lewensneringe, en die opvoedkundige aspek van die kulturele sy voorgestaan word.

Vin die orige gedeelte van sy werksaamhede het Die Huisgenoot 'n paar Afrikaanse fabriekke voor die aandag gebring en simpatie probeer opwek, bv. Edworks Bpk. in Port Elizabeth; die Nectar Tee Ko. te Observatory (wat egter 'n Engelse instelling is), en die bewerking van die Suikervriet in Natal (besken op verspreiding van algemene kennis) - almal vergesel van mooi tekieke wat 'n indruk gee van die werksaamhede. Daar is 'n tekiekie van 'n klompie werkers aan 'n „eg Afrikaanse nywerheid“, nl. die vleg van hoede, mandjies, matjies, stoel, ens., van mielieblare; 'n aanbeveling deur J. F. W. G. van 'n boek „Farming Opportunities in South Africa“; 'n beskrywing van die Ambragskool op Knysna met hulle uitstekende skryfwerk; iets oor Saldanhabaai, spesiaal met betrekking tot die vooruitgang van 'n superfosfaat-fabriek daar, wat baie vir die landbou sal beteken; en 'n rapport van die Ekonomiese Studentekonferensie op Stellenbosch in 1920. Met nog 'n paar resensies: Dr. Perold oor meubel: Die Merinoskaap, en Rev. Dowsley: Farming for South African schools, in Engels en Afrikaans - is feitlik alles opgenoem wat in die kolomme van Die Huisgenoot gedoen is om die ekonomiese vooruitgang van Suid-Afrika te bevorder.

Dit is sterk te betreur dat in die voorsiening in sin dinge die behoefte nie meer doeltreffend opgetree is nie; die klompie artikels hierbo bymekaar gebring maak in hulle verspreiding oor 'n neentigtal nommers 'n baie terloopse, oppervlakkige indruk. Die gebrek word des te duideliker gevoel na die werklike deeglike inleidingartikels oor die behoefte; waar Die

Huisgenoot son sentrale belang aan handel vir ons volks-
lewe toegeken het, moes die redaksie ook gesorg het vir die
bekwame medewerking, gereeld en doelbewus, van sommige
van die deskundiges in die land. Met reg kan hier die
beskuldiging teen die blad ingebring word dat dit in
volksbehoeftes wat die redaksie besonder goed ingesien
het, verwaarloos het.

§. 11. Die Mededeling van Algemeen Wetenskaplike Kennis.

Hoofsaak vir Die Huisgenoot was van die begin van sy bestaan af
die behartiging van die spesifiek Afrikaanse belange: die stryd om
in sie taal en letterkunde; die aanmoediging van 'n nasionale
Skilder-, beeldhou-, ton- en boukuns; die opwek van bewondering
en liefde vir die Suid-Afrikaanse natuur; die bybring van kennis
omtrent die volksgeskiedenis en tradisies; die bespreking van
maatskaplike probleme; die bevordering van die industrie.

Maar 'n volk kan nie in werklik sterk en hoogstaande kultuur
opbou as by nie goed op hoogte is van die nuwe ontdekkings en
ontwikkings wat op algemeen wetenskaplike gebied in die wêreld
om hons heen plaasvind nie. Selfs van die eerste beginsels wat
ten grondslag van die moderne alledaagse gerewe lê, moet 'n
intelligente samelewing 'n algemene kennis hê, en daar ons
destyds absoluut geen Afrikaanse tydskrif gehad ^{het} om ons volk
hierin voor te lig nie, moes Die Huisgenoot ook dié taak op
hom neem.

In die eerste jaargang (Des. 1916 uitgawe) vind ons dan ook
werklik 'n uiteensetting van die beginsels van draadlose telegrafie
en die gebruik wat daarvan gemaak word op skepe - 'n
uiteensetting wat populêr genoeg geskryf is vir leke om 'n goeie
algemene begrip van die saak te kry.

In Maart, 1918, word onder die opskrif „Die Hemelliggame”
aangegee I. Die Son, met 'n erg populêr en nie baie volledige
beskrywing van hoe die son deur 'n teleskoop waargeneem word -
iets oor sy afstand en grootte, en oor sy straal. 'n Mens verwag
in alle redelikheid 'n voortsetting en die behandeling van

ander temelligame, maar tevergeefs. 'n Paar goeie populêr-wetenskaplike artikels in die verband sou 'n bepaalde aanwys vir die blad gewees het, daar die gebied juis een is wat mense altyd interesseer en waarvan hulle tegelykertyd bedroef min weet.

Meer volledig en doeltreffend is die paar stukke van Wyle Dr. Roos oor "Ons Stelsel van ~~en~~ Mate en Gewigte en Geld" (Maart en April, 1919), waarin ons stelsel o.a. vergelyk word met die metrese sisteem, wat groter eenvoud en doelmatigheid besit as eersgensemde; in feitlik alle lande in Europa is die stelsel ingevoer, en skrywer sou graag sien dat die mense aan die hoof van sake dit ook by ons in gebruik sal laat kom.

'n Paar uitgawes later (Nov. 1919) skryf S. Malan uit Engeland in dieselfde ges. oor die desimale muntstelsel, teen die invoer waarvan hy geen geldige bewaar kan vind nie.

'n Ander baie interessante wetenskaplike stukkie is die van Dr. van der Lingen in Desember, 1919, oor Radiologie - alweer met 'n I. voor sy opskrif: Röntgenstrale, wat 'n mens tevergeefs na 'n voortsetting laat uit sien. Hy vertel van die ontstaan van die studie in die rigting, en gee 'n paar fotos van die mediese toepassing daarvan.

'n Aankondiging in Maart, 1922, van die ontdekking van 'n menseskedel in 'n myn in Rhodesië, wek belangstelling op vir die betekenis van so 'n vonds vir die wetenskap.

In April, 1922, word 'n lang uiteensetting gegee van die relativiteitsteorie van Einstein wat duidelik genoeg gestel is vir die ontwikkelde leek, maar die saak vir die gewone leser waarskynlik nie baie sal ophelder nie - wat nie as 'n gebrek kan aangewoer word nie, daar son ingewikkelde wetenskaplike redenering op sy eenvoudigste nie deur alle lesers son kan gevolg word nie; as 'n sker aantal maar 'n helder begrip daardeur toegedaan was het die artikel sy doel bereik.

Onder die opskrif oor die volksgeiedenis is reeds melding gemaak van poginge om 'n geiedenis-wetenskap op te bou,

en Dr. Gie se voorlesing oor die onderwerp is daar bespreek. Sweïens is landbou, wat ook as 'n wetenskap beskou kan word, by die industriële bevordering ~~by~~ behandel. Hier kan nog melding gemaak word van 'n poging van Dr. Serton tot 'n wetenskaplike navorsing van die redes wat werklik gelei het tot die stigting van die verversingstasie aan die Kaap die Goë Hoop ^(Meei 1922). Die wonderbare vonds in Egipte word in 'n ander verband behandel.

Op die gebied van die psigologiese wetenskap is niks meer gedoen nie as die resensies van 'n paar proefskrifte soos die van Hugo: Karaktertrekkes van kinders en hulle Behandeling, en die van H.P. Couse: Georg Kerchensteiner; en die beteken natuurlik so alleenstaand niks in die aanbring van kennis omtrent die psigologie nie. Wat aan opvoedkundige sielkunde deur Dr. Eubers se artikels oor Intelligensietoetse kon gedoen geword het, is elders bespreek. Waar dit 'n wetenskap geld wat so nou by die daadlikse lewe aansluit, en wat in die laaste tyd so sterk na vore gekom het in ander lande, kan dit nie anders as in gebrek beskou word dat Die Huisgenoot niks gedoen het om tenminste 'n algemene kennis van die grondbeginsels te versprei nie.

Uit die voorgaande opsomming van die pogings tot die mededeling van algemeen wetenskaplike kennis blyk dat daar wel, op hulteself genome, goeie artikels verskyn het, maar dat die individuele stukke baie van hulle krag en invloed moes prysgee deurdat hulle so versprei is tot 'n gemiddelde getal van een of twee per jaargang.

Deur net een goeie bydrae van 'n ~~de~~ deskundige per maand te ~~vers~~ besorg kon 'n uitstekende kolom ontstaan het, en dit is wat moes gebeur het. As die genoemde ^{voorgesomde} reekse mededeling omtrent die hemelliggame en radiologie, waarvan alleen die eerste stukke verskyn het, maar deeglik uitgewerk was sou 'n verdienstelike stukkie werk gelees

gewees het. En as in die vroeër jare die rubriek doeltreffend ingerig gewees het, sou daar geleentheid gekom het om later ~~by~~^{met} die inligtings aansporings te paar tot inspanning om oorspronklike bydraes tot die wêreldwetenskap te maak. Hiertoe is egter nie deur woord of daad iets bygebring nie, nieleenstaande groot ophef gemaak is van die geleentheid deur ons eie doserende universiteite ^{vir} aan eie ontwikkeling verskaf.

§.12. Uerspreiding van kennis omtrent die Buiteland.

Die geografiese ligging van ons land, gepaar met die ontwikkelings-toestande van ons volk, maak dit noodsaaklik dat ons sal voorgeelig word omtrent die gebeurtenisse en strominge in ander lande, nie alleen op letterkundige gebied nie, maar ook wat die algemeen maatskaplike toestande betref. Ons is immers nog afhanklik van die over. beskaafde volke in baie opsigte. Ons mag dus nie hier in afsondering lewe, verdiep in ons eie klein omgewing en gedagte-wêreld nie - dit sou agteruitgang, of mindens in eities langsame ontwikkeling, beteken. Die noude aanwaking word natuurlik bewerkstellig deur weersydse persoonlike omgang, maar ook deur middel van die geskrewe blad kan in die rigting gewerk word. Die nuusblaaie sorg wel altyd vir die vernaamste buitelandse nuus, maar dit is die dieper deurdoring in die siel wat agter 'n groot beweging sit, dit is die so nodige ruimer blik en helderder perspektief, wat deur die kultuurblaaie moet verskaf word.

In die jare van die wêreldoorlog wat nog in al sy woede voortgeduur het in die eerste jare van bestaan van Die Huisgenoot was die soort leiding veel nodig. & In die koerante was oor skaars iets anders geskryf as die worstelstryd; Die Huisgenoot het gevoel dat dit nodig was om te help die aandag op ander dinge vestig as net die worsteling wat almal in gespanne afwagting gehou het; hulle plan ^{was} dan ook om sover moontlik te verniy om hulle met die oorlog bezig te hou. „Waar 't kan willen we op 't grote veld van de wereld iets goeds verzamelen en waar

't moet de aandacht vestigen op gevaren die dreigend als een donderstorm opkomen, maar die men schier niet opmerkt waar oog en oor in beslag genomen worden door de dodekamp van vele volkeren.... „De Huisgenoot” wenst een werk des vredes te doen, en een weinig er toe by te dragen, om deze wereld wat zonniger en beter te maaken.” Sept (Mei 1916).

So word die kolom „Van het Wêreldtoneel” ingelei; dat dit egter dank nie hoofsaak was nie blyk uit die betreklike ongeweldheid waarmee dit maar net tot Desember, 1916, volgehou is, om in 1921 in 'n paar nommers te herleef onder die opskrif „Nuus uit die Buiteland” - deur Wêreldburger. Nooit het die rubriek dus 'n vernamse plek in die blad ingeneem nie.

Tussenin het egter ander artikels verskyn wat feitlik dieselfde doel besoog het, nl. wos dit in die uitgawe van Augustus, 1916, uitgedruk word: „de blik te verruimen en een beter insignt te krijgen in toestanden en problemen die in andere delen en landen van de wereld bestaan.”

Van die mooi dinge wat van die „wêreldtoneel” aan die lesers voorgelê is, is in die eerste nommer die treffende idealisme wat straal uit die werke van die wêreldberoemde skrywers uit Rusland, Tolstoy en Dostojewsky - treffend deurdat die gewone opvatting, veral gedurende die oorlog, ontrent daardie land baseer was op 'n beskouing so totaal verskillend as van die van die manne waar hulle die ideaal verkondig van weerloosheid, en liefde tot die naaste; in Augustus, 1916, die invloed van die Japanees op die westerse skilderkuns, deur die eenvoud, kleurrykheid en sielvolheid van hulle skilderinge, en die dieper betekenis wat hulle mistiese aanleg heg aan elke blom of boom; af en toe iets oor die grootsheid van die Vlaamse kultuurstryd, met hulle moeilikhede en hulle oorwinninge; die innig simpatieke houding van 'n sekere Mrs. Roberts in Londen teenoor Afrikaners oor die algemeen, en Afrikaanse studente in Londen in die besonder; kiekies en 'n gekiedkundige be-

Skrywing van die Taj mahal in Agra, Indië; 'n breed-
 voerige, boeiende lewensskets van Abraham Lincoln; 'n
 kort uiteensetting van die pragtige gebruik van die mense
 in die Ober-Ammergau vallei in Duitsland om die dood
 van Kristus elke tien jaar te gedenk deur 'n opvoering van
 'n voorstelling daarvan; iets oor die Britse nasionale fees
 te Nürnberg, met kiekies van nasionale dragte, en later oor
 Hollandse nasionale kledingstukke, met 'n mooi illustrasie;
 'n lewensskets van Rembrandt van Rijn, sy betekenis vir sy
 volk en vir die kuns, met ~~weergawes~~ weergawes van 'n paar van
 sy meesterstukke.

Van die gevare wat voor die aandag moes gebring word is
 die vernaamde die opkoms van die Boste in die ontwaking van
 die klein Japan, met die dreigement van ondergang vir die
 Westerse beskawing.

Artikels wat moes meehelp om 'n beter insig te gee in
 die toestande en probleme van ander lande, is o.a. die volgende:
 oor die posisie van Switserland tydens die oorlog weens die
 twee verskillende nasionaliteite wat die volk uitmaak; die
 bespreking in 'n inleidingsartikel van die vraagstuk van weer-
 loosheid wat toe net weer deur die oorlog op die voorgrond
 gebring is, met aanhaling van die opinies daarvoor in die
 oorlogvoerende en neutrale lande; een van die "enige" beloofde
 artikels oor Rusland, wat vertel van die ligging, uitgestrektheid,
 bevolking en regering - jammer dat die ander oor die volksgeskiedenis
 en -karakter nooit verskyn het nie; die verhaal van Dr.
 Lorentz van sy ekspedisie na die Sneeuberge in Nieu-Guinea
 in 1909, waarin hy vertel van die leefwyse van die feitlik
 onbekende inwoners, wat, soos hy se, nog in die steentydperk
 leef; iets oor Rhodesië se strewe in 1917 na verantwoordelike
 bestuur; 'n inleidingsartikel oor "Vrede" net na die oorlog opge-
 hou het, waarin die ware en enigste grondslag vir vrede
 aangegif word as 'n gees van onderlinge verstandhouding en
 vriendskap tussen volkere; in 1921 'n duidelike uiteensetting

van die posisie in Engeland insake die steenkoolstaking - waarin sarkasme oor Lloyd George se veranderde houding van voor en na die oorlog nie ontbreek nie; -; ook van die posisie van Duitsland tengevolge van die Vrede van Versailles; 'n besonder interessante stukkie oor Opper-Silesië, die land van steenkool en yster, waarvoor toe net soveel geskryf is; af en toe iets oor die Dorse stryd, portrette van De Valera en Patrick Little, met iets oor die voorgenome reis van Kaagenaende deur Suid-Afrika. Verder het die verrassende ontdekking van die graf van Totankamen die belangstelling in Egipte so gaande gemaak dat die artikels van Hans Kempel, eers oor die land en sy bevolking, hulle pieramide, hulle tempels, hulle beeldhou- en skilderkuns, hulle regering, wetgewing, geskiedenis en godsdiens; daarna oor die verhaal van Koningin Hatsjepselit se tog na Poent op soek na wiewoos, soos dit deur Kempel gefantaseer word op grond van die afbeeldings in haar tempel; later die uiteensetting van die manier waarop Carter die graf ontdek het, van wat hulle tot dusver gevind het en die betekenis van die vonds in Egiptologie; en uiteindelik die boeiende „Drama van Eken-Aten“ wat droewig stem omdat ^{dit} die verhaal is „van verval loop en veryselde planne“ - die idealisme van die Koning met sy nuwe, skone, edele godsdiens wat egter met hom in die graf moes gaan -; so groot was die belangstelling dat sulke artikels nie alleen die blad se waarde op die oomblik verhoog het nie, maar ook gedien het om die lesers 'n meer dan terloopse kennismaking met die oudheid ^{te} besorg ~~het~~.

Hoewel dit verstaanbaar en goed is dat 'n tydskrif hom meer tollê op sekere sye van die lewe as op ander, is dit o.i. tog nog 'n gebrekkige poging wat in Die Huisgenoot gemaak word om ons volk 'n dieper insig ⁱⁿ en 'n wyer perspektief ^{oor} te gee oor wêreldtoestande te gee. Daar is wel die insig in die behoefte soos bewys word deur die instelling van spesiale rubrieke oor ander lande; maar die ongereelde en kortstondige

bestaan van sulke rubrieke neem al dadelik al die krag van doelbewustheid weg. 'n Bietjie algemene kennis word wel verskaf, en in die geval van Egipte en Egiptiese geskiedenis selfs heelwat inligting. Maar van 'n hoogstaande tydskrif verwag 'n mens dat die lesers in voeling met die siel en ^{die} hartklop van die groot wereld gebring word, nie net met die oombliklike verskynsels of gebeurlikhede, veel op politieke gebied, soos die dagblad dit gee nie. En aan die hoë eis, wat nogtans nie onbereikbaar hoog is nie, het Die Huisgenoot beslis nie voldoen nie.

Hoofstuk 5. 'n Opsommende Beoordeling van Die Huisgenoot as Maandblad.

Die beoordeling wat hier volg geskied in die lig van die reeds uitgeefende dog verspreide kritiek. Dit het tot doel om tot 'n algemene waardeskatting te kom van die manier waarop die Huisgenoot na ons mening voldoen het aan die eise wat ons aan hom gestel het. So'n beoordeling sluit noodwendig 'n aantoning in van rigtings deur die maandblad veronagzaam of ^{of 'n} ondoeltreffende wyse aangepak, en daaruit vloei weer voort 'n aanduiding van sekere ontwikkelingsmoontlikhede vir die blad in die toekoms.

Uit verskeie van die voorgaande besondere beoordelings het geblyk dat daar tekortkominge in die optree van Die Huisgenoot was wat, hoewel nie in dieselfde mate nie, tog almal ons afkeuring verdien. Die gebreke kan in sekere klasse ingedeel word, wat tegelykertyd aandui in hoever hulle nie almal ewe laakbaar is nie:

- (1). Onvoldoende voorsiening waar daar uitstekende geleenthede was, b.v. in die behoefte aan ekwivalente in die Afrikaanse taal vir sekere vasgewortelde Engelse spraakgebruike ^(vgl. bl. 40); in die behoefte aan direkte leiding vir kontribuanten van kort verhale (vgl. bl. 54); of die behoefte aan doelmatige leermiddels op skool toe Afrikaans ingevoer was, o.a. op die gebied van geskiedenisonderwys (vgl. bl. 111-112).
- (2). Miskenning van 'n behoefte wat in party gevalle van die begin af aan aanwesig was, soos die aan 'n interner kennismaking met, en waardering van, die natuur (vgl. bl. 101-102); of die aan ontwikkeling op die gebied van die toonkuns (vgl. bl. 95); en in ander gevalle later opgekom het, soos die aan 'n beter verteenwoordiging van buitelandse letterkunde (vgl. bl. 85).
- (3). Gebrek aan voorsiening in 'n behoefte wat wel deeglik erken was, soos by die nadruk wat die redaksie geleë het op die noodsaaklikheid van ekonomiese onafhanklikheid, sonder egter

die medewerking van deskundiges in te roep tot die verskaf-
 fing van praktiese, rigting - aangewende inligting (vgl. bl. 139).

- (4) Veronagaming van 'n behoefte waarin dit wenslik was om te voor-
 sien, maar die nalating waarvan deur omstandighede enigens
 gebillik word; bv. die behoefte aan aanspooring tot oorspronklike
 navorsingswerk, wat wel in die laaste jare van Die Huisgenoot,
 toe ons eie Universiteit al 'n vier- of vyfjarige bestaan agter die
 rug gehad het, in aanmerking kon gekom het, maar tog ook nog
 vir 'n tydjie agterweë kon gelaat geword het, op grond van die
 beskouing dat die tyd nog nie ryp was nie (vgl. bl. 142).

Die indeling werp dus die grootste blaam op die eerste tekortkoming
 omdat die blad daardeur 'n duidelike plig versuim het; vervolgens
 'n bietjie minder op die tweede waar die behoefte nie so 'n dringende
 voorsiening gebied het nie, en waar wel 'n weinig aan gedoen is,
 hoewel die krag van 'n doelbewuste optree ontbreek; nog minder op
 die derde waar deeglike inleidingspartiekels wel die behoefte voor
 die aandag gebring het, maar te kort gekiet het aan praktiese
 leiding; en minste van al op die laaste gebrek waar daar ook
 regverdiging van die handelwyse moontlik is.

baie meer treffend, egter, as genoemde tekortkominge was in
 die studie van die inhoud van die blad die blyke van deeglike,
 verdienstelike werk gelees. Voor hulle aangehaal word verdien
 een punt in die euterlike organisasie van die onderneming
 melding, as 'n faktor wat bepaald meegehelp het om die uitvoer
 van sy taak vir die blad moontlik te maak: die eerlike
 poging, nl., om deur middel van 'n besonder lae intekenprys
 die blad binne die bereik van elkeen in die land te stel, selfs
 teen die ontnoedige opmerking in wat van verskeie kante in-
 gekom het. Hieruit het geblyk dat dit die oprigters meer te doen
 was om die nastrewing van hulle ideaal as om finansiële voordeel.

Ons egter op die voldoening terug te kom wat Die Huisgenoot
 verskaf het aan die vermaamste eise wat die volkbehoefte aan
 hom gestel het, nl. ten opsigte van 'n Afrikaanse skryfwyse, 'n eie
 literatuur, Suid-Afrikaanse kuns, ens. (vgl. beoordeling in Hf. 4):

'n paar van die hoof trekke wat verantwoordelik was vir die sukses van die blad, en daarom ons hartlike waardering verdien, is die volgende:

- (1) 'n Takvolle optree waar netelike kwessies in betrag gekom het, b.v. in die gematigde houding teenoor die taalstryd ingeneem, deur insour die Nederlandse taal ter sprake gekom het, in teenstelling b.v. met die ekstremistiese standpunt van Ons Moedertaal (vgl. bl. 31); verder in die vermyding van alle partypolitiek; ook in die indirekte aandeel in die stryd om erkenning van Afrikaans in die Kerk (vgl. bl. 47)
- (2) Bekwame leiding waar dit by 'n bespreking die wegneming van vooroordeel gegeld het, soos in die taaldiskussies waar Prof. Smith as wetenskaplike taalgeleerde met gezag kon optree (vgl. bl. 37); of waar dit te doen was om die ontwikkeling van die volksmaak, b.v. vir letterkunde deur middel van vakmense soos Dr. van Niekerk, Dr. Pienaar e.a.; of vir kuns deur 'n kunskenner soos wyfe R. van Duijven in die eerste jaargang; of in die vroueafdeling die reekse artikels oor huismeeublering, naaldwerk, ens. waaragter gewoonlik 'n taamlieke outoritiewe persoonlikheid kan gevoel word, b.v. Mej. Zoffi, Mrs. Mostert, Latanus (Blom- en Groentetuin), e.a.
- (3) Deskundige inligting, b.v. ontrent gesondheidsdeur deur Dr. Leipoldt; in taalmoeikhede deur Prof. Smith; by resensies van ^{natuur-}wetenskaplike of geskiedkundige werke, Prof. Dr. du Toit, Dr. Gie, e.a.
- (4) Vrye bespreking oor twispunte, b.v. oor letterkundige kritiek; of die alkoholvraagstuk.

Dit is verstaanlik op grond van die kenmerke van Die Huisgenoot wat getuig van versindheid aan die kant van die leser, asook van onvermoede ywer, in die nastreving van 'n groot ideaal, dat die blad sonder verneme rol kon speel in die volkslewe en -ontwikkeling gedurende 'n moeilike tydperk van worsteling om tot selfbewussyn te kom. Presies hoe diepgraand en verrukend die invloed ^{is} wat uit so 'n tydskrif se werksaamhede vloei is nie te meet nie; maar sulke betreklik vinnige en byna wonderlike vooruitgange soos b.v. op die gebied van ^{die} Afrikaanse skryftaal plaasgevind het, kan na 'n studie van wat op daardie gebied in die kolomme van Die Huisgenoot

gedoen is, sekerlik met reg vin 'n groot deel aan die blad toe-
skrywe word. Die bemoeiinge in verband met alle vername rigtinge
van ontwikkeling, oa. deur letterkundige kritiek, deur kunsantiekels
deur geskiedkundige inligting, verdien eweveel lof, hoewel hulle
gevolge nog minder aan 'n objektiewe maatstaf kan gemeet
word as in die geval van die skryftaal-bevordering. In kort,
in die lig van die oorweldigende taak wat Die Huisgenoot
voorgele het by sy ontstaan (vgl. bl. 29), word die roem
van sy prestasies ontsaglik verhoog, tensypte selfs van
seker onontkenbare tekortkominge, wat egter in vergelyking
met die behaalde sukses keltemaal op die agtergrond geaak.

Uit die voorgaande studie spruit seker moontlikhede vir
verder ontwikkeling van die blad. Waar ons hier enkele daar-
van wil aandui wil ons hoegenaamd geen aanspraak maak
op 'n volledige behandeling nie, maar slegs 'n paar van die
gedagtes weergee wat in aanduiding aan die uitgeoefende
kritiek ontstaan het.

Rekening moet in die bespreking gehou word met veranderde
omstandighede. Die eerste wat in aanmerking kom is dat weens
grote ruimte rigtinge kan aangepak word wat vroeë deur
beperkte omvang onmoontlik gemaak was: ruimte, nl., deurdad
'n behoefte soos die aan behandeling van spellingkwessies, wat
soveel aandag geëis het in die begin, nou wegvat wat betref
direkte bespreking; en deurdad die oorgang na 'n weekblad
die omvang aanmerklik vergroot het.

Terder moet daarmee rekening gehou word dat ont-
wikkelinge wat noodwendig op grond van, en buite om,
die werksaamhede van Die Huisgenoot moes plaasgevind het
in die samelewing, 'n wipiging noodsaaklik maak in die
manier waarop voorsien word in die on behoeftes wat in
die keers nog bly voortbestaan. Waar daar by op taal-
gebied, d.w.s. wat betref die bevordering van 'n suiwer
Afrikaanse spreek- en skryftaal, in die vroeë jare van Die

Huisgenoot 'n wakker stryd gewoed het en die blad dus alleen aanwilling van die woordeskat moes verskaf, lees daar teenwoordig 'n gevaarlike doodskheid en selftevreedenheid wat geen reg van bestaan het as die vrede wat volg op 'n ewolte oorwinning nie. Dit word dus tyd om opnuut op te wek tot die stryd, die keer teen die vreesdame inwerking op ons taal deur dieselfde magtige vyand vanonds; dat die bedreiging geen hersenskim is nie blyk uit die taaltoedande selfs in die hoogontwikkelde kringe van ons samelewing. Dat die gevaar blykbaar deur weinig beëf word, is soveel te meer rede dat 'n blad onder die redaksie van manne wat hulself die taak stel van die handhawing van 'n eie kultuur, en van wie met reg verwag word dat hulle versiede, vooruitdenkende mense is, - dat s'n blad die gevaar sal aanwys en leiding neem in die bestryding daarvan. 'n Beswaar wat werklik geld, soos die gebrek aan Afrikaanse name in allerlei handelsware wat dus verantwoordelik is vir baie van die Engelse besigheidskorrespondensie, moet dadelik deur die toonaangewende blad uit die weg geruim word. Na fase versis ook die beste Afrikaanse sport-terme vroeër verskaf, herziening en republikasie; absoluut geen wapen mag gelaat word in die hande van diene wat hulle vandag nog bedien van 'n brontaal, of van Engels nie.

Ook vir ons letterkundige kritiek het die eise verander tot op sekere hoogte. 'n Boek in Afrikaans kan minder as ooit vandag terwille van die taal alleen toegejuig word; in aanmerking geneem dat 'n geslag begin prosteer wat minstens 'n universitêre opleiding in Afrikaans nie alleen nie, maar in letterkunde as 'n vak, kon geniet het, behoort baie hoër eise aangaande die bou en die karakterontwikkeling gestel word. Vir die volk ontwikkelig verder moet nou 'n taamlake breë kennis ontrent die Europese letterkunde, in hoofsaak die Nederlandse, aangebring word. Dit is tog sterk te betreue dat ons volk, d.w.s. die opgevoede skole, feitlik nooit 'n Nederlandse boek in die hand neem om te lees nie, terwyl daar tog 'n hoogstaande literatuur maklik

brinne sy bereik staan as 'n bron van genot, sowel as van ontwikkeling. In Die Huisgenoot behoort ~~te~~ deur goed-gekrewe artikels die begeerte opgewek te word om met die letterkunde kennis te maak. Nog ook wat beste is uit die literatuur van ander volke behoort, insover dit binne die bereik en vermoë van ons volk is, aangegee te word. Nog meer, daar 'n mens onmoontlik van alle kan lees en weet, behoort met medewerking van deskundiges, bv. die professore aan ons universiteit, gereelde oorsigte gegee te word wat die geleesrigting in die letterkunde uitgebeeld, intensif, en die name van wêreldbekende skrywers ook aan ons bekend maak, en soms vergelykenderwys 'n begrip van verskillende literatiewe aanbring.

En so is daar wispiginge in al die ons rigtings aan te toon: vir die aankweek van 'n kunssmaak moet die volledige aandag in die verlede aan ons eie kunstenaars geue, nou aangerel word deur 'n breër en dieper ontwikkeling; d. w. s. die meesterstukke van die wêreldkuns moet aan ons volk gebring word, en i.p.v. die kunstenaar op die voorgrond te stel, moet die kunswerk self ontleed, ~~word~~ en die leers onderrig word in die metode waarvolgens 'n mens tot die Siel daarvan deurdring. Maar watter ^{wispiginge} ~~nuwe rigting~~ die tyd en omstandighede vereis en hoe hulle op die doeltreffendste wyse kan uitgewerk word, is oorweginge wat die redaksie van die tydskrif ver-skuldig is aan die hoi doel wat hulle nastrewe; om verder op hulle in te gaan val nie binne die bestek van die behandel-ing nie.

Behalwe die wispiginge van ons rigting kom daar dan nog in aanmerking die nuwe ontwikkelingsmoontlikhede vir die toekoms. Slegs 'n paar wil ons kortliks hier aangee: die dringende aansporing tot wetenskaplike ondersoekwerk, daar ons volk nou al die trap van ontwikkelig bereik het en die geleentehede tot beskikking het om 'n selfstandige wetenskap op te bou; die doeltreffende uitbeelding van die natuurskoon van ons land deur middel van goed-verteenwoordigende plate (by voorkeur

soms in kleure), en die bestyding van val oordreue opvattinge van die natuurskoon van ander lande, deur middel van 'n vergelyking af en toe tussen tonele van elders en van ons eie land; 'n intensiewer bewerking van die gebied van ons toonkuns, b.v. deur aan te dring op doelmatiger opleiding, of deur goeie musikale opvoerings deur die land aan te moedig; opbouwende ^{beoordeling} ~~bekritisering~~ van die ou opgedronge onderwysstelsel wat deur sy verwydering van die alledaagse lewe 'n suwel in ons samelewing geword het, en die bepleiting van 'n eie sisteem, baseer op die behoeftes van ons land; inligting aan die volk as geheel omtrent ons dringende maatskaplike probleme wat dikwels nie in hulle volle betekenis tot die volk deurdring nie: daar is b.v. die ingewikkelde Armeblanke-vraagstuk wat skaars genoem is in die verlede; die kwessie van die verhouding tussen blanke en gekleurde bevolking; ons arbeidersvraagstukke wat grotendeels die voorgenoemde twee probleme insluit; en eindelik, 'n kwessie waaraan blykbaar nooit in verband met 'n tydskrif van algemene aard gedink is nie, nl. die verhouding van ons volk tot die Kerk. In verband met laasgenoemde is die posisie so, dat ons vandag nie meer op die ou tradisionele voet staan van eenvoudigheid te bring onder die dogmatiek van die Kerk nie; ons volk begin ontwikkel ook in die sin van self na te dink oor hulle godsdiens, van 'n selfbereikte oortuiging te stel bo 'n oorgeërfde opvatting; en die streef bring mee dat 'n behoefte gevoel word aan leiding anders as die op die oomblik deur die Kerk verskaf. Nou het ons een blad wat ons godsdienstige belange wil behartig en die staan onder direkte beheer van die Kerk, sodat sy sienswyse noodwendig eensydig moet wees. Daarom meen ons dat die tyd gekom het vir 'n hoogstaande algemene kultuurblad om die sise van die volk van uit die standpunt te vertolk.

.

tot dusver het ek 'n beoordeling van die Huisgenoot weergegee wat ek bereik het op grond van 'n vooropgestelde maatstaf.

Dat die eise wat ek gestel het veel en ~~veel~~^{streng} was, gee ek geredelik toe, maar hulle het gevoel uit die landsomstandighede. Ons het nie 'n aantal blaaië gehad waaroor die eise kon versprei word nie; ook nie 'n volk wat op baie blaaië sou inteken nie. Tegelykertyd was die genoemde behoeftes in die verskillende rigtings by ons volk byna algemeen, en daarom moes die een beskikbare medium, die een sentrale kultuurblad, buik onder so 'n swaer verantwoordelijkheid.

Apart van die hoë eise, egter, waarvan, alles in aanmerking geneem, op 'n uitstekende wyse voldoen is, het die studie van Die Huizenoot, waarmee ek wel deur gewone deurlees bekend was, gedien as 'n ontugtering ontrent die omvang en bekwame uitvoering van die taak deur die oprigters of hulle geneem. Hulle het 'n reuseaandeel tot die middels vir die volksontwikkeling bygebring, wat my eerlike bewondering en hartlike waardering afdwing.